

BETOOG DEUR STAAT TEEN DIE
ONTSLAG VAN BESKULDIGGES
VOL 1 b

00215

DAAD 2.

Die Staat het reeds die getuienis behandel van hoedat die ANC
~~reeds~~
al lank voor die ~~het~~ totstandkoming van UDF al die knelpunte reeds
geïdentifiseer en in die praktyk toegepas het.

Ook in die toespraak van Oliver Tambo van die 8ste Januarie 1983
het hy die opdrag aan die verenigde front wat tot stand gebring
moes word deur die progressiewe demokratiese organisasies, só
ingeklee dat hulle die knelpunte moes aanwend in die taak om die
massas te mobiliseer, te politiseer en te organiseer. Dit is
ook reeds elders behandel en word nie herhaal nie.

Die getuienis van die deskundige, mnr. Prins, is ook tot die
effek dat knelpunte 'n baie belangrike beginsel en wapen is in 'n
rewolusionêre oorlog. Dit word veral deur die rewolusioniste
aangewend om die Regering van die teiken staat, in hierdie geval
die Regering van die RSA, in onguns en verwerplik by die bevol=
king, in hierdie saak veral die Swart massas, te skilder en te
laat aanvaar, en om die massas sodoende te mobiliseer, te poli=
tiseer en te organiseer om die Regering in 'n rewolusionêre oor=
log omver te werp. Dit is 'n erkende feit dat die ANC wel besig
is om 'n rewolusionêre oorlog teen die Staat in die RSA te voer
om dit omver te werp en te vervang met 'n sogenaamde demokratiese
regering van die massas ooreenkomsdig die bepalings van die
Freedom Charter. Dit word herhaaldelik bevestig in die dokumente
van die ANC wat ingehandig is as bewysstukke. Soos reeds hierbo
uitgewys, het hierdie organisasie juis hierdie spesifieke knel=
punte geïdentifiseer en word dit gebruik om die massas in die
RSA in hul rewolusionêre oorlog te betrek om die Regering omver
te werp.

Nou is dit so dat UDF 'n iedere en elke van hierdie knelpunte op
die stigtingsvergadering van UDF by wyse van resolusies aanvaar
het. Dit is alreeds volledig hierbo bespreek. In hierdie ver=
band word slegs verwys na Bewysstuk A.1, Bewysstukke 1(1) tot
1(3) wat saamgaan met Bewysstuk V26, en Bewysstukke 1(4) tot 1(7)
wat saamgaan met Bewysstuk V.1

00216

Elders word ook 'n volledige bespreking gewy aan hoe belangrik UDF die aanwending van knelpunte of dan sogenaamde "day-to-day issues" ag in hul strategie en handeling om die massas te mobiliseer, te politiseer en te organiseer om die Regering as hul vyand te aanvaar en om dit omver te werp en te vervang met 'n sogenaamde demokratiese regering van die massas volgens die voorskrifte van die Freedom Charter. In die bespreking van wat ek gerieflikheidshalwe die V-reeks van bewyse noem, word daar voortdurend van hierdie ANC/UDF-knelpunte gebruik gemaak vir UDF en die ANC se identiese en gemeenskaplike doel om die massas te mobiliseer, te politiseer, te organiseer en te aktiveer om die Regering te aanvaar as hul vyand en dan deel te neem aan die rewolusionêre oorlog om die Regering omver te werp en dan die sogenaamde demokratiese regering van die massas tot stand te bring volgens die Freedom Charter. Hier is onder andere Beskuldigde 20 se erkennings wat in die V-reeks behandel word dat UDF 'n Front van die ANC is, of dat Umkhonto we Sizwe hul organisasie is, belangrik en toepaslik.

Daar is dus afdoende bewys voor hierdie Hof geplaas dat UDF en die ANC presies dieselfde knelpunte aanwend vir presies dieselfde doel, en dit is die omverwerpning van die Regering in 'n rewolusionêre oorlog en om dan 'n sogenaamde demokratiese regering van die massas tot stand te bring volgens die voorskrifte van die Freedom Charter.

Dit kan gemeld word dat hierdie knelpunte elders meer volledig bespreek word as kampanjes van UDF.

00217

DAAD 3.

voldelig
Die stigting van UDF op 'n nasionale vlak word hierbo behandel.
Die streke van UDF wat tydens die stigting van UDF bestaan het,
het lede van UDF en die sameswering(s) geword, asook streke wat
later tot stand gekom het. In die "working principles" word
bepaal dat streke deel van UDF is.

"The UDF shall consist in the first instance of regional
formation, the boundaries of which are to be determined
by the National Executive Committee in consultation with
regional councils ---".

BEWYSSTUK: A.1 p. 8, para. 2.

Dit word ook verder bevestig in die "working principles" ten op=
opsigte van lidmaatskap -

"All organisations present at the first national conference
otherwise than as observers ---"

BEWYSSTUK: A.1 p. 8, para. 5.1.

Wanneer die regte van lede behandel word, word die volgende
omtrent Streke bepaal -

- "6.1 All regional formations and member organisations shall have complete independance within the umbrella of the United Democratic Front, provided that actions and policies of members are not inconsistent with the policy of the UDF."
- 6.2 The National Executive Committee in *consultation* with regional councils will decide whether or not any inconsistencies exist."

BEWYSSTUK: A.1, p. 9, para. 6.

Dit is 'n baie belangrike bewys vir die rewolusionêre oorlog wat UDF en die ANC voer as gelet word daarop dat die geweldpleging en oproer wat in die land losgebars het; die popularisering van van die ANC op UDF-beheerde vergaderings; die propagering van rewolusie op die verskillende UDF-beheerde vergaderings; die opsweeping van die massas tot geweldpleging en vernietiging van die Staat nie as "inconsistencies" deur UDF verworp is as bot= send met UDF-beleid nie, maar eerder aangeprys word as winste van UDF.

00218

In die strukture van UDF neem die Streke 'n sentrale plek in.

- "7.2 Regional formations consisting of -
 - 7.2.1 an executive committee, and
 - 7.2.2 a general council."

Dan die vername posisie -

- "8.1 The NGC will comprise all affiliated organisations and regions.

- 8.3 Voting rights and representation at any conference or meeting of the NGC shall be determined by the National Executive Committee in consultation with the regional councils before the meeting or conference.
- 8.4 The NGC will be the supreme body of the UDF."
Bewysstuk: A.1, p. 9, para. 8.

Die Streke het ook groot inspraak in die NEC van UDF wat bestaan onder andere uit -

- "9.1.3 Two vice-presidents appointed by each duly constituted region.
- 9.1.4 Two secretaries of each constituted region.
- 9.1.5 Two executive members elected by each constituted region."

Bewysstuk: A.1 p. 9, para. 9.

Dit is dus duidelik dat die Streke van UDF belangrike deel uitmaak van die beleidsbepaling en uitvoering van besluite ter bevordering van hul doel. In Bewysstukke dit is die NEC van UDF se vergaderings, word daar in die notules die name gemeld van elkeen van die verskillende streke van UDF waar hulle dan aktief hul primêre taak uitvoer en dit is -

- "9.3 The NEC shall carry out the policy and programme of the UDF as determined by the NEC from time to time."
BEWYSSTUK: A.1 p. 10, para. 9.3.

Op die NEC-vergadering van 10 en 11 September 1983, is die volgende belangrike beslissings geneem ten opsigte van die UDF-program van aksie. Beskuldigdes 19 en 20 het deelgeneem aan hierdie vergadering en is deel van hierdie besluitneming -

"10. PROGRAMME OF ACTION.

In its discussion of the POA the NEC noted some of the important factors that any serious programme must take into account. These include to educate, train, provide organisational skills, deepen understanding and to heighten the political consciousness of the masses.

In line with these principles the NEC resolved to encourage UDF affiliates to take up issues such as housing, local authorities, CMC elections and to commemorate all great events.

10.1 OTHER DECISIONS ON POA.

All regions must work towards a people's weekend starting on Friday, October 28, culminating in mass rallies on 29th and 30th October." (Sien in hierdie verband Bewyssukke 19(1) en 19(2) sowel as V.19(a) en V.19(b) wat onder die V-reeks bespreek word).

"It was further agreed that church services and vigils must proceed. The rallies and other activities would project the UDF as a popular extra-parliamentary opposition. It was pointed out that the focus of the UDF must transcend the referendum to include local authorities elections.

10.3 SOME SUGGESTIONS ON POA.

The UDF must have a regular focus at a National level. The focus could be done on a monthly basis depending on the type of issues taken up.

A publication common to all regions be produced. The idea of a declaration signature campaign be discussed at regional level."

BEWYSSTUK: D.1 pp. 3 en 4 para. 10.

In hierdie besluite ten aansien van die UDF werksprogram, word ook belangrike bewys gevind vir die besondere waarde en doel van die knelpunte. Dit kom nog baie sterker uit in die NEC besluite op die NEC-vergadering van 10 en 11 November 1984 en waaronder Beskuldigde 21 'n aandeel het.

"10. FOCUS ON CRUCIAL ISSUES

The present political situation in S.A. today demands that we review our strategical and objective approaches. It would appear that our immediate focus in the future of our struggle for the total liberation of the oppressed should be the:

- liberation of the African masses. The recent campaign has exposed our weakness in this regard, we should refer to -

00220

- trade unions (labour field)
- rural organisations
- the creation of UDF Support Committees.

We need to:

- build a Liberation Alliance
- to take up broad political issues such as:-
- removals, government urban strategy, Black Local Authorities
- continue to challenge the implementation of the Constitution
- to take up education country wide
- to improve the level of our organisation and its leadership
- we need to mobilize and organise our people to enable them to clearly identify the true enemy.

11. PROGRAMME OF ACTION

Our decision to draw up a programme of action, brings to the fore important considerations:

- to pull our energy, both mentally and physically and direct our skills and resources towards the realisation of our programme.
- to promote our objectives
- to organise our people
- to expand the Front
- to train personnel
- to challenge the state much more vigorously;
- take definite steps to defend UDF
- set proper guidelines to improve our relationship with all affiliates
- guidelines for taking up issues
- restructuring the Front
- we need to have a structure which is more cohesive to enable us to arrive at quick decisions."

BEWYSSTUK: J3 pp. 7 en 8.

Die Streke van UDF vervul 'n vername rol in die koördinasie van die uitvoering van die UDF-kampanjes. In hierdie verband lewer Bewysstuk C53 belangrike bewys van die globale werking van UDF, maar ek haal slegs die volgende aan -

00221

"The UDF was conceived as a body which would co-ordinate active struggle against the Apartheid government. Many organisations had been waging struggles at local levels around higher rentals, the housing crisis, rising electricity rates, 'dummy' bodies etc., but these were being conducted in isolation from one another. Today these organisations are united to a mammoth force under the banner of UDF"

BEWYSSTUK: C53 p. 8, para 2.1, en -

"Much of the work is handled by the regional structures and a fair degree of regional autonomy exists. National co-ordination is extremely costly and insufficient funds has limited the extent of our national work."

BEWYSSTUK: C53 p. 9, para. 2.2, en

"The UDF Head Office serves as the linkage between the different regions. In addition, its role can be broadly defined as initiating campaigns, information and contact with the International Community."

BEWYSSTUK: C53, p. 15, para. 4.4.1, en -

"There exists within the UDF a divide between National and Regional functions. The regions advance campaigns and the UDF within the province. A fair amount of money for this work is raised locally. UDF National tends to the overall development and advancement of the Front."

BEWYSSTUK: C53 p. 16, para. 4.4.2.

SIEN OOK p. 17, para. (X).

Die UDF program van aksie wat deur die Streke van UDF deur bemiddeling van die NEC waarop die Streke soos gesien sterk ver teenwoordig is, is soos beliggaam in Bewysstuk AL(3). Die take en die uitvoering daarvan ter bevordering van die sameswering kom oorvloedig voor in die getuenis wat onder andere dade bespreek en word nie hier herhaal nie, en sluit ook intiem aan by die eersvolgende dade.

00222

DAAD 4.

Soos hierbo gesien (Daad 3) is dit die NEC se taak om besluite te neem en beleid vir UDF te bepaal en om dan toe te sien dat dit uitgevoer word deur die ander samesweerders. Dit moet gedoen word sodat UDF se finale doel verwesenlik kan word.

Op 10 en 11 September 1983 het die NEC vergader te Durban om hul pligte te doen. Op hierdie vergadering het die samesweerders wie se name voorkom op p.1 van Bewysstuk D.1 deelgeneem as die NEC van UDF. Beskuldigdes 19 en 20 het aktief hieraan deelgeneem. Alles wat die samesweerders op hierdie vergadering gedoen het, was gedoen om die sameswering(s) te bevorder ter verwesenliking van hulle en UDF se uiteindelike doel.

- 4.1 Eerstens is belangrike koördineringswerk gedoen in die ontvangs, bespreking en aanvaarding van verskillende verslae in die notule uiteengesit.
- 4.2 Besluite geneem op sterkte van die verslae soos beliggaam in paragrawe 4.1.1; 4.1.2; 4.2.1 en 4.2.2.
- 4.3 Besluit dat 'n dokument opgestel word oor die aard van die Front vir verspreiding - para. 5.
- 4.4 Besluite geneem rakende die funksies van die NEC en verhoudings met streke van UDF. Wat veral hier belangrik is, is die onderlinge uitruil van notules van vergaderings - par. 6.
- 4.5 Besluite geneem oor die funksies en pligte van Beskuldigdes 19 en 20 - para. 7 gelees met aanhangsel by Bewysstuk D.1.
- 4.6 Die NEC het ook die finansiële aspekte van UDF bespreek en leiding gebied - para. 9.
- 4.7 Belangrike besluite is geneem en leiding word gebied oor die implementering van UDF se plan van aksie. Dit is reeds hierbo volledig aangehaal - para. 10.

00223

- 4.8 In hierdie vergadering het die NEC 'n belanghebbende besluit geneem oor die publikasie van die UDF-News. Wat veral belangrik is, is dat hulle voorskryf dat die ANC/UDF idenfifiseerde knelpunte veral voorrang moet geniet in hierdie publikasie - para. 11.
- 4.9 Die NEC het ook belangrike besluite geneem en leiding gebied in ooreenstemming met hul beleid om die ANC/UDF-knelpunte te gebruik om die massas te betrek in die rewolusionêre oorlog. Die volgende knelpunte het aandag gekry; Konstitusionele veranderinge, imperialisme met die klem veral op Amerika, Brittanje en Israel, Ciskei en die verbanning van SAAWU, verskuiwings en hervestigings, Onderwys, Konskripsie - paras. 12, 13, 18, 19, 21 en 22. Ten opsigte van die Ciskei en SAAWU kwessie, moet daarop gelet word na 'n gedeeltelike uitvoering van hierdie besluit in Bewyssstukke 2 en V2, waar Beskuldigde 19 die persoon in beheer was.
- Nog 'n belangrike aspek is dat NEC besluit het dat Curtis Nkondo, 'n persoon soos ons gesien het 'n lid van die ANC is, die hoof moet word van UDF se "education commission".
- 4.10 Belangrike besluite is ook geneem om samewerking tussen UDF en ander organisasies te bewerkstellig - paras. 14, 15, 16. In hierdie opsig het Beskuldigdes 19 en 20 aktief deelgeneem aan hierdie onderhandelinge.
- 4.11 Dan het die NEC nogmaals die program van aksie bespreek en belangrike leiding neergelê -
- "24. Programme of Action.
After lengthy deliberations guidelines to a programme of action were adopted by the NEC.
These include -
- door to door campaigns
- church services and vigils
- local meetings.

00224

These would build up into a people's weekend by October 30 1983 and stretch on to challenge the Local Authorities elections on November 25 1983.

It was recommended that regions should add more flesh to the guidelines as they required flexibility based on material conditions in each region/area."

In hierdie verband kan kennis geneem word van Bewysstukke 19(1) en 19(2) asook V.19(a) en V.19(b) waar die volgende lede van die NEC wat hierdie vergadering bygewoon het aktief opgetree het: Aubrey Mokoena, Cassim Saloojee -
SIEN BEWYSSTUK: D.1.

'n Baie belangrike feit wat deur hierdie NEC vergadering bewys word is die bestaan van die sameswering tussen UDF en al sy geaffilieerde. Hier word konkrete bewys gevind hoedat hulle ^{in UDF} saam beplan, saam besprekings voer, saam besluite neem en saam die koördinasie doen van die ander samesweerders se aktiwiteite. Die gebeure op hierdie vergadering bewys ook dat hulle 'n gemeenskaplike doel nastreef om die massas deur UDF/ANC knelpunte te betrek in 'n Rewolusie om die staat omver te werp. Kyk in hierdie verband byvoorbeeld na para. 10 van Bewysstuk D.1 en Bewysstukke D2 en D3 wat almal deur NEC aanvaar is en deel gemaak is van die notule - Bewysstuk D.1.

00225

DAAD 5.

Op 5 en 6 November 1983 het die NEC van UDF weer byeengekom te Lenasia, Johannesburg. Beskuldigdes 19, 20 en 21 was deel van die samesweerders wat as die NEC vergader het, belangrike besprekings gevoer, besluite geneem en beleid bepaal het vir die bevordering en uitvoering van hul gemeenskaplike doel. Die name van genoemde beskuldigdes en ander samesweerders waaronder Adv. Zac Yacoob wat sitting het op die NEC, verskyn op bladsy 1 van die notule van hierdie vergadering. BEWYSSTUK: E.1, p. 1.

- 5.1 Die NEC het 'n dokument aanvaar oor die werking van 'n front behalwe dat sekere toevoegings daaraan gemaak moet word. Wat opvallend is, is punt (e) -
"How the fronts worked in other countries"
want in ander lande was fronte almal gekoppel aan rewolusionêre organisasies as die "vanguard movement" -
p. 2, para. 5.1.3.
- 5.2 Op die vergadering het hulle UDF se optrede ten aansien van die Staat se strategie bespreek, besluite geneem en 'n beleid neergelê in antwoord daarop. Van hierdie besluite en beleid is :
 - 5.2.1 Organisasies wat geaffilieer is of wil affilieer moet UDF-deklarasie teken.
 - 5.2.2 Die stigting van nuwe organisasies moet bevorder word.
 - 5.2.3 Opleiding moet deur UDF verskaf word op verskeie vlakke, byvoorbeeld hoe om vergaderings te organiseer. Hoe om plakkate, pamflette en baniere te maak. Moet organisasies help organiseer aan effektiewe boikotte - p. 2, para. 5.1.4.2.
- 5.3 Die knelpunt "verskuiwings en hervestigings" het hul aandag geniet en belangrike besluite is daaroor geneem en van wat gedoen moet word om hierdie knelpunt effektief te gebruik vir hul doel - pp. 3 en 4, paras. 5.1.4.3 en 5.1.4.4.

- 5.4 Daar was ook aandag geskenk aan die knelpunt - Konstitusionele verandering. 'n Insiggewende aspek wat hier oorweeg is en nogmaals die tussenwerking van die sameswering(s) bewys, is die waarde wat geheg word aan hul sogenaamde suksesse van die boikot van die "Black Local Authorities" en die gebruik daarvan in die kampanje teen die Konstitusie. Nog 'n belangrike besluit vir die bevordering van die same swering is dié oor die spesiale nasionale konferensie te Port Elizabeth van 16 - 18 Desember 1983. In hierdie verband word die Hof ook verwys na Bewysstuk C24. Dan is daar ook die besluit om die Een Miljoen Handtekeninge-kampanje te voer. Die NEC heg veral waarde aan die simboliese waarde van dinge soos lapelwapens, T-hemde, die kleure van UDF. Dit is in hierdie lig wat ook die popularisering van die ANC op UDF-vergaderings waar die ANC-kleure, vlae, wapens en leiers so reëlmataig aangewend was, gesien moet word.
- Op hierdie vergadering was ook belangrike opdragte aan Beskuldigdes 19 en 20 gegee wat besondere betekenis verleen aan die baie opleidingskursusse wat deur UDF gereel en aan gebied is.

"6.1.6.3 Training.

It was decided that the National Secretariat must recommend that regions set up training committees. The task of the committees amongst others would be to identify areas where training is needed, plan programmes which would include the UDF documents."

BEWYSSTUK: E.1 p. 5, para. 6.1.6.3.

- 5.5 Konskripsie is 'n ander knelpunt wat die aandag geniet en word besluit dat veral jeugorganisasies hierdie kampanje moet aanvoer. Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat die NEC hier 'n direkte besluit neem wat die UDF-jeug organisasies bind en wat hulle moet uitvoer. Die opdrag is verder ook dat Beskuldigde 19 aan die Wes-Kaap Streek

00227

die name van die jongorganisasie te verskaf omdat aan die Wes-Kaap streek van UDF van UDF ook 'n opdrag in hierdie verband gegee is.

BEWYSSTUK: E.1, p. 5, para. 6.1.6.4.

5.6 Koördinasie van die aktiwiteite van UDF geskied ook. Daar word verslae van verskillende instansies ontvang, bespreek en aanvaar : Wes-Kaap Streek van UDF 'n mondelinge verslag; 'n finansiële verslag. Verslag van Natal Streek van UDF en dit word bespreek en punte aangestip, Transvaal Streek van UDF en die verslag is Bewysstuk E2 voor die Hof. Daar is 'n hele aantal verslae en hul besprekings genotuleer.

BEWYSSTUK: E.1 pp. 6 - , pras. 7, 8, 9 en 10.

In die Transvaal Streek van UDF se verslag - Bewysstuk E2 - wat van besondere belang is in hierdie saak, wil ek op 'n paar belangrike feite wys.

5.6.1 Verslag was aan UDF Nasionaal gedoen en wat met goedkeuring aanvaar word, dat verskeie massavergaderings gehou is om die massas te mobiliseer en te politiseer. Van belang is onder andere Soweto, Alexandra, Sebokeng, Katlahong, Atteridgeville en Mamelodi.

Dat al hierdie vergaderings gehou is deur plaaslike geaffilieerde van UDF en het gekonsentreer op die knelpunte: Konstitusionele veranderinge en Swart Plaaslike Besture. Hierdie plekke word spesifiek vermeld omdat hulle van die plekke is waar die massas later deur middel van hierdie knelpunte opgesweep was tot geweldpleging teen die derdevlak Regering veral -

BEWYSSTUK: E2, para. 1.

- Wat was dit? >
(No 20?)*
- 5.6.2 Dan was daar verskeie UDF-opleidingskursusse aangebied vir aktiviste in die verskillende oproergebiede, onder ander die Vaal - BEWYSSTUK: E2, para. 2.
- 5.6.3 Dit is ook belangrik om kennis te neem van die publiek wat uitgegee en versprei was - BEWYSSTUK: E2, para. 4.

00228

5.6.4 Nog 'n belangrike UDF-aktiwiteit waaroor gerapporteer word is punt 6 - 'n gesamentlike UDF/AZASO-herdenkingsdiens. Sprekers was afkomstig van UDF, AZASO, AZAPO en SOYCO. In hierdie verband word die Hof ook verwys na Bewyssstukke 3 en V3 waarin die samesweerders wat daar opgetree het verreikende onthullings gedoen het. Dit word elders bespreek.

Ook hierdie vergadering lewer oorvloedige bewys van die same=swering(s) en hoedat die samesweerders te werk gaan om die sameswering(s) te bevorder en uit te voer ten einde die massas te mobiliseer, te politiseer, te organiseer en hulle op te sweep om deel te neem aan die rewolusionêre oorlog om die Regering gewelddadig omver te werp.

DAAD 6.

Op 21 en 22 Januarie 1984 het die UDF NEC te Pretoria vergadering gehou om hul take in die sameswering(s) uit te voer. Die same-sweerdeurs wat aan hierdie vergadering en die verrigtinge daarop deelgeneem het, se name verskyn op p. 1 van die notule van die vergadering en het Beskuldigdes 19, 20 en 21 daaraan deel gehad.

6.1 'n Gesamentlike verslag van Beskuldigdes 19 en 20 was by hierdie vergadering ingedien, bespreek en aanvaar.

6.1.1 Uit hierdie verslag word belangrike feite rakende die sameswering en die aanwending van die ANC/UDF-knelpunt oor Swart Plaaslike Besture bewys, naamlik dat daar konsultasie moet plaasvind tussen UDF-ledeorganisasies wat rondom hierdie knelpunt 'n kampanje voer, om die sukses daarvan te verseker.

Beweestuk: F, para. 5.2.

6.1.2 Ons weet watter groot waarde die samesweerdeurs heg aan publisiteit en propaganda. Omdat die publisiteitsafdeling van UDF nie doeltreffend funksioneer het nie, word beveel dat 'n opleidingskursus in hierdie verband gehou moet word.

BEWYSSTUK: F, para. 5.3.

Dit is ook onmiddellik gedoen. Sien in hierdie verband BEWYSSTUKKE: U2-a en U2-b.

6.1.3 Ook die ANC/UDF-knelpunt oor behuising het aandag gekry en was aan Beskuldigdes 19 en 20 opdrag gegee om inwoners/Gemeenskapsorganisasies in Swart woongebiede te koördineer en te oorreed om met die gebruik van hierdie knelpunte 'n kampanje op te neem en te voer. Weer eens bewys van die bestaan en werking van die sameswering.

BEWYSSTUK: F, para. 5.4.

6.1.4 Ook vir die besondere werking van die sameswering moet gelet word op paras. 5.6; 5.7; 5.9; 5.11 en 5.12 van BEWYSSTUK: F.

6.2 Die NEC het self ook gehandel met die ANC/UDF-knelpunte en die effektiewe aanwending daarvan vir die bevordering en verwesenliking van die doelstellings van die sameswering(s).

6.2.1 Knelpunt - Konstitusionele Veranderinge :

Verskeie beslissings is geneem en daarvan word die volgende aangehaal as van besondere belang -

- "Each affiliate of the UDF mobilize and organize the people to oppose the constitution on the basis determined by local conditions and in accordance with the aims, objects and principles of the UDF."

BEWYSSTUK: F, para. 8.2(b).

- UDF gee drie handboeke uit oor organisasie.

BEWYSSTUK: F, para. 9.3.

- Vir die "Million Signature Campaign" word 'n Nasionale Koördineerder aangestel.

BEWYSSTUK: F, para. 9.4.

6.2.2 Knelpunt Konskripsie :

*Samevaders
met SWAPO* Spreker, Beskuldigde 20, en 'n spreker van SWAPO word aangewys om 'n massavergadering in Wes-Kaap te gaan toespreek oor hierdie knelpunt.

6.2.3 Knelpunt - Onderwys :

Oos-Kaap Streek van UDF neem die kwessie op van Onderwysers wat verplaas is en dat Beskuldigde 20/aan hierdie aangeleentheid publisiteit verleen - dus weer die waarde van propaganda en verder weer 'n openbaring van die sameswering en werking daarvan. Dit word verder gestaaf deur 'n vergadering deur Transvaal Streek van UDF oor matriekuitslae.

BEWYSSTUK: F, para. 14.

Dieselfde kommentaar as voorheen kan hier gelewer word oor hoedat die sameswering bevorder en uitgevoer word ter wesenliking van hul doel.

00231

DAAD 7.

Op die 1ste en 2de Junie 1984 het die NEC in die uitvoering en bevordering van die sameswering te Rondebosch, Kaapstad, vergader. Die samesweerders wat op hierdie vergadering beplanning gedoen het, besprekings gevoer het, besluite geneem het en beleid bepaal het, se name verskyn op p. 1 van Bewysstuk G.1, die notule van die vergadering, en sluit onder andere Beskuldigdes 19, 20 en 21 in.

7.1 Verskeie verslae is ontvang en toegelaat oor die aktwiteite van verskillende liggeme wat deur die NEC bespreek, oorweeg, bekragtig en aanvaar is. Die eerste is die "officers report" wat ingehandig is as Bewysstuk G2 en waaruit 'n klompie belangrike feite bewys word.

7.1.1 Die Knelpunt - Konstitusionele veranderinge -
Planne moet beraam word om lewe in die kampanje te blaas om meer aktief te wees. Die samewerking van ander extra-parlementêre buite die Front moet betrek word. BEWYSSTUK: G2 p 1, par. C.

LW // 7.1.2 Die bestaan en interne werking van die sameswering word bevestig. Daar word gewys op die moeilike taak om die gaffilieerde organisasies behoorlik bymekaar te hou en te koördineer. Dit is die krag van die Front. Dan word daar aan die NEC verslag gedoen hoe aktief hierdie gaffilieerdes in die verskillende streke is. Dit verskyn in die verslag, asook die beplanning.
BEWYSSTUK: G2 pp. 2 - 3, para. D.

7.1.3 Die knelpunt "verskuiwings" plekke waar dreigende verskynings is, word genoem. Dit word in die vooruitsig gestel dat UDF meer sistematies op hierdie terrein op tree.

BEWYSSTUK: G2 p. 4, para. E.

7.1.4 Die knelpunt "Onderwys". Daar is 'n krisis op hierdie

terrein in die land. Verskeie inrigtings is gesluit en arrestasies het plaasgevind. Let op die inhoud. NEC moet aktief beplan hieroor.

BEWYSSTUK: G2 p. 4, para. F.

7.1.5 Die knelpunt "Ekonomiese Aangeleenthede" - Verhogings in belasting en voedselpryse. Die Front moet meer intensieme aandag hieraan gee. Geaffilieerde moet die verhogings in voedselpryse opneem en UDF moet die leiding neem om Koopbelasting op te neem.

BEWYSSTUK: G2 p 5, para. F.

7.2 Die volgende Streke van UDF het verslae oor hul aktiwiteite en die aanwending van die knelpunte gedoen. Sien in dié verband Bewysstukke G6 en G.1 para. 5.

Volgens die inhoud van hierdie verslae is dit duidelik dat die verskillende ledeorganisasies aktief is om die sameswering te bevorder en dat NEC behoorlik kontrole en beheer uitoefen dat dit gedoen word.

7.3 Die NEC self het aktief die verskillende knelpunte bespreek en besluite geneem en beleid bepaal wat deur geaffilieerde uitgevoer moes word.

7.3.1 Die knelpunt - Konstitusionele Veranderinge.

'n Hele reeks beslissings is geneem vir uitvoering en wat die sameswering bevestig. Sien in hierdie verband BEWYSSTUK: G.1 para. 8.

7.3.2 Die knelpunt "verskuiwings en hervestigings" -

'n aantal insiggewende beslissings geneem vir uitvoering, byvoorbeeld -

23.2 slagspreuke aanvaar en spreker Boesak toegewys;

23.3 UDF moet riglyne opstel vir gebruik;

23.5 'n Voltydse persoon aangestel word rakende verskuiwings;

23.6 Streke moet klein groepies vrywilligers kry om te werk in sulke gebiede, ens.

SIEN BEWYSSTUK: G.1 para. 23.

00233

7.3.3 Knelpunt - Konskripsie :

'n "Anti-Conscription" massa vergadering word beplan deur die Wes-Kaap Anti-konskripsie Komitee. Natal, Transvaal en Grens Streke van UDF gee aandag aan Konskripsie.

BEWYSSTUK: G.1 para. 24.

7.3.4 Knelpunt - Koopbelasting en Voedselpryse :

Spesifieke beplanning word gedoen oor 'n kampanje teen Koopbelasting waarin ~~Beskuldigde 20~~ en streke van UDF spesifieke opdragte kry.

BEWYSSTUK: G.1 para 25.

7.3.5 Knelpunt - Onderwys -

Spesiale dag van solidariteit met die mense van Cradock word gereël en spesifieke opdragte word gegee dat gefokus word op 'n oproep dat Mandela vrygelaat word.

BEWYSSTUK: G.1, para. 26.

7.4 'n Ander belangrike bewys van die sameswering en die werking daarvan word gevind in die volgende beslissing -

"19. Decisions for Implementation :

The General Secretary was instructed to remind regions on a regular basis of major decisions that must be implemented and to ensure that regions carry out their tasks."

BEWYSSTUK: G.1, para. 19.

Nogmaals bied hierdie notule bewys van hoedat die knelpunte en algemene beheer en koördinasie aangewend word om die sameswering(s) te bevorder en uit te voer.

Op die 21ste en 22ste Julie 1984 het die NEC te Bloemfontein vergader. Die lede van die sameswering wat hieraan deel gehad het verskyn op p. 1 van die notule van die vergadering — Bewyssuk H.1 en Beskuldigdes 19, 20 en 21 was onder hulle. Volgens para. 3 van Bewyssuk H.1 was hierdie blykbaar 'n noodvergadering en alles op hierdie vergadering was gedoen om die sameswering te bevorder. Op hierdie vergadering was belangrike sake bespreek en besluite geneem. Die volgende word behandel —

8.1 Die toekoms van UDF was bespreek onder die verskillende hoofde soos in para. 4 van Bewyssuk H.1 uiteengesit. Die besondere besprekings en besluite het die volgende ingesluit —

8.1.1 Toekomstige rigting van UDF.

Die konferensiebesluite het aangedui dat UDF moet voortbestaan. Die gesigspunt van NEC is dat UDF as front behou moet word, maar dat die uitkyk daarvan mag verander. Dit sal bepaal word deur die teenstrydighede wat ontstaan met implementering van die nuwe bedeling. Kennis is geneem dat affiliale reken UDF is nie militant genoeg nie. Hieroor besluit NEC.

"On this aspect the NEC decided that although affiliates could be militant and committed programmes such as the Freedom Charter, the UDF had to remain broad enough to accommodate all forces particularly the unions."

BEWYSSTUK: H.1 para. 4.1.1.

Dus vir die behoud van die "Unions" bewaar UDF die skyn omtrent die Freedom Charter.

8.1.2 Struktuur.

Veranderinge in heersende toestande ten tye van stigting bepaal die aard van die struktuur. Streke van UDF sal bepaal of toestande verander het wat struktuerveranderinge regverdig.

BEWYSSTUK: H.1, para. 4.1.2.

Dus het Streke nogal veel gesag in UDF.

8.1.3 Beleid.

Dit moet nie afwyk van die gees van die Front nie. NEC beskou dit belangrik dat probeer word om 'n gemeenskaplike insig te ontwikkel vir die "National Democratic Struggle".

BEWYSSTUK: H.1, para. 4.1.3.

Die ANC noem die rewolusionêre oorlog waarmee hy besig is in die RSA ook die "National Democratic Struggle".

8.1.4 UDF se Operasionele Gebied.

Die Front moet sy operasionele gebied uitbrei en moet baie meer aandag skenk aan die jeug en die vroue.

BEWYSSTUK: H.1, para. 4.1.4.

Dit is insiggewend omdat die jeug en die vroue die mees militante komponente van die rewolusie is.

8.2 Die ANC/UDF-knelpunte het ook spesiale aandag geniet op hierdie vergadering.

8.2.1 Die eerste een was die "Konstitusionele Veranderinge". In dié kampanje het alle Streke van UDF reeds gesamentlike beplanningsrade in die lewe geroep om die kampanje te koördineer. Noord-Kaap het 'n "Committee of Concern" geskep vir hierdie doel.

BEWYSSTUK: H.1, para. 5.1.

Dit bewys die bestaan en werking van die sameswering.

8.2.2 Die NEC het besluit dat 'n Nasionale Koördinerende Komitee gestig word hiervoor. Dié ligaam sou bestaan uit 'n verteenwoordiger vanaf elke streek. Verder het die NEC besluit dat -

- * UDF Nasionaal die koördineringskomitee subsidieer;
- * Beskuldigdes 19 en 20 sou gesamentlik die Koördineringskomitee byeenroep;
- * die eerste vergadering te Johannesburg sou wees op 26 Julie 1984, en dat verteenwoordigers op permanente basis aangestel word.

- * Stemlokale moes onder observasie gehou word en inligting na UDF-hoofkantoor versend word.
- * Volydse groepe moes rapporteer oor treitering, pyniging, omkoperij, ens.

BEWYSSTUK: H.1, para. 5.1.2.

Weer eens is hierdie 'n pragtige voorbeeld en bewys van die sameswering(s).

8.3 Daar is ook algemene sake bespreek en beslissings geneem wat die bevordering en uitvoering van die sameswering moes laat vlot verloop en om die moontlikhede van sukses te verhoog.

8.3.1 Een so 'n aspek om die sameswering te bevorder en te laat vlot is media en UDF, soos elders bespreek, het besondere hoë waarde aan propaganda om die massas te mobiliseer en te politiseer vir die rewolusie. Spesifieke besluite was op hierdie vergadering geneem ten aansien van Media.

8.3.3.1 Die "UDF-News" - die nasionale uitgawe - moes in Natal, Transvaal en Wes-Kaap gedruk word, en dat Wes-Kaap dit moes druk vir Oos-Kaap en Noord-Kaap terwyl Natal vir Grens moes druk.

BEWYSSTUK: H.1, para. 5.3.1.

Nogmaals kry ons besondere insig in die sameswering.

8.3.3.2 Omdat al die Streke nie die opleidingskursus vir die Media van UDF bygewoon het nie, moet Natal, Transvaal, Wes-Kaap die slagspreuke en plakkate voorberei vir verspreiding onder ander streke van UDF.

BEWYSSTUK: H.1, para. 5.3.2.

Nog 'n insig in die sameswering.

8.3.3.3 NEC het besluit die Nasionale Slagspreuk moet wees - "No the Apartheid Elections! Forward to Freedom!"

BEWYSSTUK: H.1, para. 5.3.3.

8.3.3.4 Die Streke het verslag gedoen oor aktiwiteite wat in hulle uitgevoer word ter bevordering van die sameswering en hul gemeenskaplike doel.

BEWYSSTUK: H.1, para. 5.3.4.

8.3.3.5 Sprekers.

Die NEC het besluit dat die taak aan die Koördineringskomitee (sien supra) opgedra word en dat hulle moes besluit van hoedat sprekers gedeel moet word tussen die Streke.

BEWYSSTUK: H.1, para. 6.

Dit is nogal 'n insiggewende feit wat hier openbaar word en bevestig my vorige stelling supra bespreek, dat daar vooraf bepaal en opdrag gegee word waарoor sprekers presies moet praat.

8.4 'n Ander belangrike aspek wat deur NEC op hierdie vergadering bespreek is en waaroor besondere leiding gebied word, is die kwessie van hul politieke alternatiewe.

8.4.1 Die NEC is oortuig dat daar politieke alternatiewe moet wees.

"10. Our Political Alternatives.

It was noted that calling on people to boycott elections is not enough. The UDF has to offer alternatives.

BEWYSSTUK: H.1, para. 10.

8.4.2 Vir hul politieke alternatief het hulle minimum eise.

Let wel, hulle stel eise. Dit is my betoog dat die eise en latere voorwaardes neerkom op die abdikasie van die Regering.

"10.1 Minimum Demands:

- a non-racial Democracy arising out of participation by all the people. (Dit kom uit die Freedom Charter uit).
- a Society based on justice, equality for all, health, education, etc. (Weer eens die Freedom Charter).

- the release of all political prisoners;
- the return of all exiles;
- National Convention; disarming of the armed forces. (Deel van die totale oorgawe deur die Regering).
- scrapping of Bantustans and puppet local authorities;
- meeting of authentic leaders;
- end of G.S.T. and removals and relocations."

Dit is baie belangrik om te let op hierdie minimum vereistes wat UDF se NEC en beskuldigdes wat deel is van die sameswering hier stel. Die eerste twee eise is vir 'n regering van die massas ooreenkomsdig die voorskrifte van die Freedom Charter. Dit sê hulle nie uitdruklik nie, maar blyk uit die inhoud. Dit is ook die minimum eise van die ANC.

Die eis vir 'n nasionale konvensie is ook 'n identiese eis as die van die ANC.

Die ander belangrike en interessante feite is dat al die ander minimum eise, identies is met die knelpunte wat beide die ANC en UDF aanvaar en bedryf. Met watter doel? Die antwoord word verkry as gekyk word na die metodes van UDF -

{ "Methods"

- through extra-parliamentary opposition
- mass mobilisation, mass action and building of organisation of the people."

BEWYSSTUK: H.1, para. 10.1.

Die eerste belangrike feit wat onthou moet word, is dat die ANC presies dieselfde metodes toepas. Ook die ANC wil die Regering van die land extra-parlementêr oorneem. Ook die ANC wil dit doen deur die massas en spits hom toe op massa-mobilisasie en massa-aksie deur die georganiseerde massas. Die ANC noem dit rewolusionêre oorlog terwyl UDF dit probeer verdoesel as "National Liberation Struggle" en soos reeds uitgewys is dit ook presies wat die ANC sy rewolusie noem.

Die massas wat UDF wil mobiliseer vir massa-aksie moet volgens UDF se eie uitsprake en beginsels gemobiliseer word vir massa-aksie aan die hand van die knelpunte. Dit is ook presies wat die ANC voorstaan en wil doen en doen.

Dit is interessant om te let op die rangorde van UDF. Eers die alternatief aan die massas voorhou vir die Regering. Dit is die regering van die massas volgens die Freedom Charter.

Tweedens word dan die knelpunte identifiseer aan die hand waarvan die massas opgesweep word om die Regering te verwerp en dan opgesweep en gemobiliseer word vir massa-aksie. Watter moontlike denkbare massa-aksie kan daar aan die kant van 'n polities opgesweepte massa wees wat nie gewelddadig is nie en wat extra-parlementêr is. Die gebeure in die land sedert die stigting van UDF en waar die massas gemobiliseer was aan die hand van UDF se knelpunte vir massa-aksie bewys sonder enige sweem van twyfel wat die aard van die massa-aksie moet wees. Teveel segsmanne van UDF het soos elders bespreek word die geweldpleging en bloedvergieting voorsien en selfs gepropageer om enige twyfel te laat. Teveel UDF same-sweerders het soos elders uitgewys (sien bv. V-reeks) erken dat hulle besig is met rewolusionêre oorlog om nog enige twyfel te laat.

By dit alles kom nog die feit dat UDF se segsmanne uitdruklik verklaar dat die Regering nooit sal abdikeer nie. Dat hulle nie met die Regering enige onderhandelinge sal aanknoop vir Burgerregte nie en dat hulle slegs belangstel in magsorname.

Die resultaat is dat dit die massas is wat die Regering tot 'n val moet bring in 'n rewolusie.

Die planmakers van UDF, waaronder Beskuldigdes 19, 20 en 21, het op hierdie vergadering die sinistre doelstellings en die aard van hul metodes om die Regering tot 'n val te bring, her-bevestig. Dit moes aangewend word om vir die massas 'n aantreklike alternatief te word.

DAAD 9.

Op die 10de en 11de November 1984 het die NEC weer eens vergader te Johannesburg. Die lede van die sameswering wat op hierdie vergadering besin en beplan het se name verskyn op p. 1 van Bewyssuk J.1 en Beskuldigde 21 het aktief deelgeneem. Die aktiwiteite op hierdie vergadering was alles in die uitvoering en bevordering van die sameswering gedoen.

9.1 Die eerste belangrike aspek wat behandel en bekragtig word op die vergadering is die heersende situasie op daardie stadium en die bevestiging van UDF se deelname aan aktiwiteite wat toe aan die gang was en in besonder die gebeure in die Vaaldriehoek.

"2. Discussion on prevailing situation.

Transvaal delegates gave an account of the situation.

The report included UDF participation in the Stay-away, the schools boycott, the relationship with trade unions; Fosatu's call for a Black Christmas; the Vaal; Soweto increases; forced resignation of community councillors; pattern of detentions."

BEWYSSTUK: J.1, para. 2.

Hierdie onthulling van UDF moet saamgelees word met die Sekretariële Verslag, Bewyssuk J2, waarin die besonderhede meer volledig uiteengesit word, naamlik -

9.1.1 Swart Kersfees -

NEC het voorheen besluit om die Swart Kersfeeskampanje te onderneem. Die sameswering word bevestig - 'n vergadering van organisasies moes dit bespreek.

BEWYSSTUK: J2, para. 1.

Bogemelde kampanje word tuisgebring onder die knelpunt - Ekonomiese Aangeleenthede.

9.1.2 Anti-Repression -

Verskillende massavergaderings was gereël en deur die Regering verbied. Een is gehou in Pretoria.

BEWYSSTUK: J2, para. 2.

Hierdie kampanje word tuisgebring onder die knelpunt treitering en onderdrukking.

9.1.3 Vaal Relief Work -

UDF het 'n Vaal Krisiskomitee in die lewe geroep in die Vaal. 'n Vaal inligtingsdiens was gestig met kantore in Sebokeng en Sharpeville - Voedselverskaffing en Regshulp.

BEWYSSTUK: J2, para. 3.

9.1.4 DPSC, 'n geaffilieerde van UDF, gevestig in Sebokeng en Sharpeville en pogings word aangewend om hierdie organisasies te laat herleef in Vaal.

9.1.5 Onderwys -

In 'n massavergadering georganiseer deur 'n UDF Areakomitee (Soweto) was 'n ouervereniging gestig om met COSAS vertroulik saam te werk - Die sameswering word prakties bewys - same ^{- werkings} met COSAS gereël deur UDF.

BEWYSSTUK: J2, para. 5.

Die knelpunt "Onderwys" word aangewend.

9.1.6 Onderdrukking -

Onderdrukking sou toegeneem het na of tydens eleksies - arrestasie van UDF-aktiviste - krisisse ontstaan daardeur in gebiede soos Vaal, Tembisa, en Soweto. Die massas verwag van UDF om op te tree en rigting te bied. Opportuniste misbruik situasie en UDF moet dringend aandag hieraan skenk.

BEWYSSTUK: J2, para. 7.

Hierdie gaan oor die knelpunt "Treitering en Onderdrukking". Hierdie aspek bied 'n belangrike insig in hoedat UDF en sy trawante die waarheid verdraai. In hierdie Hof is getuenis gelewer van hoe opstand en geweldpleging stelselmatig georganiseer en aangemoedig is. Toe dit uitbars en daar arrestasies plaasvind van oproeriges en geweldenaars of die aanstigators daarvan en ook waar die veiligheidsmagte opgetree het om lewe en eiendom te beskerm, word dit gepropageer onder die massas as treitering en onderdrukking.

9.1.8 In hierdie verslag word 'n besondere belangrike punt vir oorweging en beslissing voorgelê.

"Now that elections are over, the question where is the UDF going to? must be attended very closely. The question of political alternatives must be looked into very seriously."

BEWYSSTUK: J2, bladsy 2.

9.2 Op die vergadering was 'n uiteensetting gegee vir die evaluasie van UDF en waarin verskeie belangrike aspekte geopper is vir oorweging en beslissing. Dit verskyn in para. 3 van Bewysstuk J.1. Dit is insiggewend en haal slegs 'n paar van hierdie punte van beplanning aan.

"- Lack of understanding for front politics.

- The need to politically extend on our objectives and in particular to focus attention on issues affecting the majority of our people.
- The need for absolute honesty about achievements.
- The nature of the front and its relation to state power often not sufficiently clear."

BEWYSSTUK: J.1, para. 3.

In hierdie paragraaf word die praktiese samewerking en beplanning wat gedoen word om die sameswering te verwesenlik, bewys

9.3 Beplanning is ook gedoen en beslissings geneem oor die politieke aspekte van UDF. Die basis van hul beplanning is 'n inset oor die beleid ens. van UDF tot op daardie stadium en was as Bewysstuk J3 ingehandig. Uit hierdie bewysstuk word belangrike feite oor die sameswering verkry.

9.3.1 'n Opvallende kenmerk van die bewysstuk is hoedat dit begin met dieselfde opmerkings as die ANC dat 'n krisistyd bereik is in hul stryd.

"We meet at a very crucial period in the history of our struggle, at a time when the State is responding with harsh repression in a desperate attempt to hold the apartheid system which is in a serious crisis as a result of a determined and consistent challenge by the masses of our people."

BEWYSSTUK: J3, para. 1.

Elders word volledig bespreek (Bewysstukke C.100 en AAD5) wat hulle bedoel met "challenge" en wat in gewone taal geweldpleging beteken. In hierdie tyd is dit 'n bekende en bewese feit dat die massas landswyd betrokke is in geweldpleging en oproer. Dit is in die lig hiervan wat hulle beplanning doen en hul beplanning beoordeel moet word want hulle sê self so -

"----- we need to develop a clear programme which will address the growing need to build organisations to challenge the state and forge forward to democracy."

BEWYSSTUK: J3, para. 1.

- 9.3.2 Om te beplan vir die toekoms moet hulle beginsels oordink wat tot hiertoe die basis was van hul aktiwiteite.

"In attempting to discuss the role and future of the UDF, it is important to recall some of the fundamentals that guide us in our work."

BEWYSSTUK: J3, para. 1.

- 9.3.3 Dit is van die uiterste belang om te let en kennis te neem dat hul doel nie slegs was om die nuwe Konstitusie en gepaardgaande beleid van die Regering te opponeer sodat dit nie in werking gestel word nie. Dit was in werklikheid net 'n middel tot 'n doel om aan die massas wat meer konserwatief is voor te hou as die doel van UDF. Dit skakel ook in by UDF en die ANC se strategie om knelpunte te gebruik om die massas op te sweep. Die konstitusionele veranderinge was net 'n UDF/ANC geïdentificeerde knelpunt om die massas op te sweep en te betrek in 'n rewolusionêre oorlog.

Hierdie feit word dan ook uitdruklik bevestig en bewys deur UDF self dat hul doel baie verder gaan as blote teenstand teen die Konstitutionele veranderinge.

"Our object is:

To dismantle apartheid and replace it with a more just and democratic system."

BEWYSSTUK: J3, para. 2.

Dit word dan ook uitdruklik as beginsel aanvaar vir hul regte doel en beplanning dat die Regering hulle vyand is wat vernietig moet word.

BEWYSSTUK: J2, para. 2.

- 9.3.4 In hul beplanning van hoe om die rewolusie te benader, is dit belangrik dat hulle duidelikheid kry oor die aard van die organisasie om vir hul doel die effektiest te wees. Dit bring mee dat hulle duidelikheid moet kry oor die volgende aspekte -

- "2.1.1 What is wrong with apartheid?
- 2.1.2 What kind of society do we want?
- 2.1.3 How are we going to bring about change?
- 2.1.4 What is the role of organisation in this process?
- 2.1.5 What are the stages in the development of organisation and struggle?"

BEWYSSTUK: J3, para. 2.1.

Dit is ook noodsaaklik vir hulle om duidelikheid te verkry oor hoe die veranderinge wat hulle nastreef verkry gaan word. Dit bring 'n baie belangrike faktor in die rewolusionêre oorlog op die voorgrond. Die antwoord is baie duidelik dat individue dit nie kan doen nie. Die enigste moontlikheid om die Regering extra-parlementêr omver te werp, is 'n rewolusionêre oorlog waarin die massas die magsfaktor is om die Regering te vernietig. Dit moet onthou word, en dit is ook 'n baie belangrike oorweging dat toe hierdie beplanning vir toekomstige optrede gedoen is, was groot dele van die Swart massas betrokke in geweldpleging en oproer. Dit is 'n algemeen bekende en bewese feit.

UDF bevestig dan ook uitdruklik hierdie feit en dit is 'n basiese vertrekpunt in hul beplanning dat die massas die Regering omver moet werp.

"Our view

The masses are the makers of history. It is they who must become active participants in the struggle, without this there cannot be any successful victory.

It therefore becomes imperative to evaluate our organisational activities in such a way that we draw

the maximum participation of the broad masses - through mobilization, education and by mapping out in clear terms the need for unity, to reject attempts by the enemy to divide our forces on racial lines."

BEWYSSTUK: J3, para. 2.2.

Dit is baie belangrik om kennis te neem van die feit dat beide UDF en die ANC so 'n absolute premie plaas op die mobilisasie en politisasie van die massas om die sogenaamde "enemy" te vernietig.

- 9.3.5 Die tweede belangrike faktor in die rewolusionêre oorlog is hoe word die massas daarin betrek. Beide UDF en die ANC beskou dit as 'n basiese vereiste dat die massas georganiseer moet word en betrek word in 'n verenigde front organisasie. Dus is organisasie 'n wesentlike kwessie vir hul beplanning vir die toekoms.

"Organisation - a vital role

- 3.1 There can be no "struggle" against apartheid without an organised people. (Het die feit dat "struggle" in aanhalings geplaas word besondere betekenis?)
- 3.2 Our success must be measured against the criteria - to what extent have we mobilised and organised our people.
- 3.3 The task of organising then will be an added task of the Front.
- 3.4 Appropriate resources need to be allocated for this purpose."

BEWYSSTUK: J3, para. 3.

- 9.3.6 'n Ander basiese beginsel wat geld in UDF se beplanning vir die toekoms, is dat daar twee klasse van organisasie is waarvoor hulle moet voorsien - politieke organisasie en massa-organisasie.

Die karaktertrekke van 'n politieke organisasie word geskets.

BEWYSSTUK: J3, para. 4.

Die massa-organisasie is veral belangrik :

Mass organisation:

"Structurally not bounded by any parameters - could be national or very localised - no fixed ideological position;

- | - it arises out of day to day issues affecting people e.g. rent, transport;
- | - it responds to a limited particular area of people's experiences;
- | - not a political organisation although it responds to issues that may be political in nature."

BEWYSSTUK: J3, para. 5.

Dit is 'n belangrike aspek hierdie want dit dui aan dat UDF die basiese aspekte wat die massas kan opsweep identifiseer vir gebruik vir hul doel. Dit bring ons dan ook uit by die baie vername aspek van knelpunte.

Dit is dan ook baie insiggewend dat dit juis op hierdie plek van die beplanning is dat die ANC op die voorgrond tree as 'n faktor -

"We must remember that the question of organising our people is a historic process. It is a long and hard road. Our glorious heroes of the past have taken us some distance along this road."

BEWYSSTUK: J3, para. 5.

Net in die volgende paragraaf word spesifieker na die ANC en Congress Alliance verwys in 'n kort geskiedkundige oorsig.

Dit is en bly 'n feit dat die ANC nog steeds die massas mobiliseer, politiseer en organiseer deur knelpunte. Hierdie knelpunte is geïdentifiseer en vir hierdie doel steun die ANC baie sterk op sogenaamde progressiewe demokratiese organisasies in die RSA. Vir hierdie doel het die ANC die behoeftte identifiseer en gepropageer vir 'n verenigde front om al die progressiewe demokratiese organisasies byeen te bring onder een dak.

Dit is dan ook presies waarvoor UDF tot stand gekom en wat hulle gedoen het, en aan die lig hiervan moet hulle beplanning vir die toekoms gesien word. Hulle evalueer die situasie wat geheers het vir die bepaling van die eise van die toekoms. Dit is die situasie wat ook die ANC evalueer het toe dit 'n demokratiese verenigde front in die toekoms gestel het.

"6. 1970's

We saw the emergence of organisations of all types and at all levels.

6.2 1980's

We saw the growth in organisations:

POLITICAL ORGANISATIONS:

N.I.C; T.I.C; R.M.C; Anti Community Committees and eventually the UDF.

Youth Clubs and Congresses.

Women's Organisations throughout the country e.g FED, (Trade Unions.) (Although there appears evidence of the lack of worker participation in UDF).
Students: COSAS, AZASO.

There was also a growing need to:

- build national unity and working relationship
- take up certain issues affecting our people at a national level e.g rent, etc.
- challenge the apartheid system through some national structure rather than on a fragmented basis
- begin first stages of building a national non-racial democratic political structure
- in 1983, to challenge the new constitution proposals
- this led to the formation of the N.C.C

These then were the conditions in which we as democrats began to look at in 1983 how best to offer the most maximum participation of all our people against the new constitutional proposals.

However, the following considerations actually determined the form that our organised resistance took in 1983.

- The regional nature of the development of resistance with minimal, if any, interprovincial links. This gave us the regional structures in the UDF.
- The low level of political organisation in the country, which gives us more non-political organisation in the UDF than political organisations.
- The large number of mass organisations which grew out of mass action of the 80's on all sorts of issues: Community, workers, students, etc.

These then act as a major base of the UDF.

Fragmented, unco-ordinated resistance - providing the urgent need to launch a national political structure which would lend cohesiveness to resistance, but at the same time help organise the unorganised areas."

BEWYSSTUK: J3, para. 6.

|| n Feit wat sterk uitkom uit die "Major base of the UDF" is die betekenis van mass action. Dit is waar die massas direk gewikkel was met die polisie en ander veiligheids= magte.

- 9.3.7 Die beplanning vir die toekoms word ook gedoen met oorweging van hul objektiewe swakhede, die betekenis van 'n front in die Suid-Afrikaanse omstandighede, hul winste van die verlede en die besef dat organisasie 'n historiese probleem is. Daarom moet hulle voortgaan om hul doel te bereik.

"8. Organising: A historic process.

We made the point earlier that the question of organising our people is a historical process - and we say that the UDF is merely another stage along this process - it is, therefore, not an end in itself. We must still continue until we reach our goal of a highly organised people - capable of swinging the overall balance of forces in our favour so that when we finish our reflection, we must plan to move to the next stage of the road; to become highly organised.

This will only materialise if the progressive forces in the front realise and are ready to meet the challenges confronting them:

- proper and constant communication;
- co-ordinating and sharing of experiences;
- preparedness to correct our shortcomings in the interest of a broader democratic struggle."

BEWYSSTUK: J3, para. 8.

- 9.3.8 In hul beplanning vir die toekoms moet hulle voorsiening maak vir 'n Algemene Plan van Aksie en strategie uitwerk. Twee baie belangrike aspekte hier is die aanwending van knelpunte en 'n program van aksie. Dit word beskou as fundamentele beginsels om veranderinge teweeg te bring.

"9. General Plan.

In the light of the fore-going considerations, we need to pause - reflect and formulate our strategy to ensure that we are on the correct path.

There is no better way than to refer to our fundamental principles in relation to change."

BEWYSSTUK: J3, para. 9.

Die situasie in Suid-Afrika eis van hulle om hul strategiese en objektiewe benaderings te hersien. Om totale vryheid te bewerkstellig moet die massas betrek word in 'n politieke alliansie aan die hand van knelpunte. Belangrik is die feit dat die knelpunte presies ooreenstem met UDF se aanvaarde resolusies vir kampanjes en ook absoluut identies is met dié van die ANC.

"10. Focus on crucial issues

The present political situation in S A today demands that we review our strategical and objective approaches. It would appear that our immediate focus in the future of our struggle for the total liberation of the oppressed should be the:

- liberation of the African masses. The recent campaign has exposed our weakness in this regard, we should refer to
 - trade unions (labour field)
 - rural organisation
 - the creation of UDF Support Committees

We need to:

- build a Liberation Alliance
- to take up broad political issues such as:-
 - removals, government urban strategy, Black Local Authorities
- continue to challenge the implementation of the Constitution
- to take up education country wide
- to improve the level of our organisation and its leadership;
- we need to mobilize and organise our people to, ^{enable them} clearly identify the true enemy."
(My onderstreping).

BEWYSSTUK: J3, para. 10.

Vir die plan van aksie is daar baie belangrike oorwegings wat geld en waarna gestreef moet word.

"11. Programme of Action

Our decision to draw up a programme of action, brings to the fore important considerations:

- to pull our energy, both mentally and physically and direct our skills and resources

towards the realisation of our programme.

- to promote our objectives
- to organise our people
- to expand the Front
- to train personnel
- to challenge the state much more vigorously;
- take definite steps to defend UDF
- set proper guidelines to improve our relationship with all affiliates;
- guidelines for taking up issues;
restructuring the Front;
- we need to have a structure which is more cohesive to enable us to arrive at quick decisions."

BEWYSSTUK: J3, para. 11.

9.3.8 Hierdie hele situasie skets die beginsels, beleid en strategie van UDF so volledig uiteengesit dat die enigste beslissing wat geneem is en wat in lyn met UDF se hele opotrede is, is dat die skyn bewaar word en nog nie geopenbaar kan word dat die Freedom Charter prominent in hul totale plan 'n basis is nie.

9.4 Die volgende inset het gegaan oor organisatoriese aspekte en daaroor moes beplanning gedoen word. Die stuk is ingehandig as Bewysstuk J4. Die beslissings wat hier geneem is, is in ooreenstemming met die bogemelde beginsels van UDF.

Hoewel hierdie dokument ook 'n baie belangrike dokument is wat 'n dieper insig gee in die motiewe, aspirasies en strategie van UDF en die sameswering, gaan ek dit nie so volledig behandel nie. Hier gaan dit meer oor praktiese aspekte van organisasie.

9.4.1 Die doel van kampanjes en aktiwiteite moet nie so hoog gestel word dat dit nie gerealiseer kan word deur aktiwiste nie.

9.4.2 Organisasies moet aangemoedig word om by UDF aan te sluit. Dit word in beginsel aanvaar dat party organisasies meer

aktief as ander kan wees en dit moet in aanmerking geneem word deur Algemene Rade van UDF-streke wanneer geaffilieerde verantwoordelikheid moet aanvaar om besluite van die Front uit te voer. Let op die werking van die sameswering - geaffilieerde moet besluite uitvoer.

- 9.4.3 Die kwessie van toekenning van Streek-status moet opgeknap word.
- 9.4.4 Strategies moet aanvaar word dat die kern van UDF bestaan in die stede en rondom die stede (opheldering van sameswering).
- 9.4.5 Riglyne vir die toekoms word neergelê.
- 9.4.6 Wanneer kampanjes aangepak en uitgevoer word, moet geaffilieerde onderling skakel en koördineer.
- 9.4.7 Dissipline moet meer op die basis van onderlinge skikking opgelos word.
- 9.4.8 Gedagtes vir struktuurveranderinge.
- 9.4.9 Opleiding van aktiviste.

"We are very conscious of the need for far more systematic education and training of our activists as well as new people who are drawn in. We need to assess whether this is best done through permanent, high structures or more informally."

- 9.4.10 Samewerking met nie-geaffilieerde.

BEWYSSTUK: J4.

Dit is opmerklik dat die beplanning vir die toekoms rondom hierdie aspekte die beplanning van die vorige behandelde politieke beplanning aanvul om dit meer effektief te maak. Dit is duidelik dat UDF se totale beplanning gemik is op die voortsetting en verskerping van hul aktiwiteite en om dit meer effektief te maak ter bevordering en uitvoering van die sameswering. Dit word ook bewys deur die besluite wat geneem is.

"5.1 Insufficient attention is being paid to development of rural structures."

5.2 NEC members must attend NEC meetings fully armed with information on activities, feelings, etc. at base level.

5.3 There had been no feedback whatsoever on amendments to Working Principles."

BEWYSSTUK: J4, para. 5.

9.5 Na die volledige bespreking van toekomstige optrede is die beslissings kort en krities gestel. Nogtans is hulle in volle ooreenstemming met die basies beginsels supra bespreek. Dit bly steeds gerig op hul werklike uiteindelike doel en hul basiese beginsels ook.

"7. Broad Strategic Direction

The future work of the UDF should take the following into account.

7.1 Economic Contradictions (knelpunt)

7.2 Continuing contradictions around implementation of the constitution e.g. local councils. Also the handling of strategic considerations e.g. the upgraded powers of Allen Hendrickse etc. - (knelpunt)

7.3 Forced Removals (knelpunt)

7.4 Greater national link-up

7.5 Greater advancement of the demands of the majority or our people.

7.6 National Conference of civics - agree that it would be convened in Natal

7.7 Militarisation

7.8 UDF offensive."

9.6 Op die byeenkoms word die jeug aangeprys en maksimum bystand beloof deur UDF. Dit het betrekking op die IYY. Die belofte word gedoen op grond van 'n verslag wat ingehandig en aanvaar is deur NEC. Dit is Bewysstuk J5. Ook hierin word die werking van die sameswering sterk uitgebring. Let op p. 2 oor die samewerking met UDF en die hantering van die kwessie van die Freedom Charter.

DADE NO.'S 10 TOT ALGEMEEN.

In die volgende aantal dade word 'n ander faset van die sameswering onder die loep geneem. Hierin het ons te doen waar die geaffilieerdes van UDF betrokke is, in die beplanning, besluitneming, koördinasie van projekte en die direkte implementering van die besluite en projekte van UDF ter bevordering en uitvoering van die sameswering.

Dit is op die terrein van die vergaderings van die Algemene Rade van die Streke van UDF. Dit is natuurlik, soos ons reeds gesien het, so dat die besture van die Streke, d.w.s. twee Vise-presidente van elke Streek, die twee sekretarisse van elke streek en twee uitvoerende beamptes van elke streek sitting het op die NEC. Hierdie persone het ook weer sitting op die Algemene Rade van Streke waar hulle kan koördineer dat NEC besluite aan uitvoering gegee word en ook leiding kan bied in hierdie gebied. Alle geaffilieerdes van UDF in die Streke het weer sitting op die Algemene Rade van Streke van UDF. Elke geaffilieerde organisasie is geregtig om twee lede van hul bestuur af te vaardig om sitting te neem op die Algemene Raad van die Streek van UDF waar die organisasie geaffilieer is. Hierdie afgevaardigdes het dan volle regte van deelname aan al die verrigtinge en besluitneming daarop.

'n Ander belangrike feit is dat volgens 'n NEC beslissing moet die notules van NEC-vergaderings versprei word aan Streke van UDF. Verder moet Streke van UDF onderling notules van hul vergaderings uitruil. Dan ook nog word die notules van die Algemene Rade van Streke van UDF se vergaderings versprei onder die ledeorganisasies wat sitting het op die Algemene Raadsvergaderings. Die Sekretaries van die Streke wat ook op die NEC sitting het, moet ook nog verslae aan die Algemene Raad verskaf.

*en aan
NEC*

Die dekbrief by Bew. K.1 is bewys daarvan dat die notule van die verrigtinge op 'n Algemene Raadsvergadering aan die geaffilieerde ledeorganisasies gestuur word. Dit is 'n kennisgewing van die volgende Raadsvergadering en is gerig aan die "Transvaal Anti-

"PC Committee" en is gevind by Prof. I. Mohamed. Daarin word hierdie organisasie pertinent verwys na item 8.2 van die notule - "Kindly execute resolution on finances urgently (see item 8.2 of the minutes)". As dan gekyk word na item 8.2 van Bewyssstuk K.1, word die volgende gevind:

| "8.2 The meeting decided that all affiliates would contribute a minimum of R100. Monies are to be forwarded to the office as soon as possible".

Die werking van die sameswering word hierdeur op 'n ander vlak afdoende bewys. Wat nog meer belangrik is, is die feit dat die lede van die sameswering te alle tye op hoogte gehou word met al die aktiwiteite en doelstellings van die sameswering. Dit beteken ook dat die samesweerders werklik en aktief deelneem aan soos reeds genoem, beplanning, besinning, besluitneming, koördinasie en uitvoering van die sameswering. Dit kan hulle alleen doen as hulle presies weet wat aangaan en wat van hulle verwag word.

DAAD 10.

Op die 17de September 1983 het die Algemene Raad van die Transvaal Streek van UDF in Johannesburg vergader. Die name van die geaffilieerde organisasies wat aan die beplanning, besluitneming en ver rigting deelgeneem het, verskyn voor op die notule van die vergadering. Dit word ook bevestig in Bewysstuk 26 waar die afgevaardigdes geteken het dat hulle die vergadering bygewoon het.

BEWYSSTUKKE: K.1 para. 1 en ^{Bewy} 26.

- 10.1 'n Belangrike feit wat uit hierdie notule bewys word, is die feit dat van die organisasies wat baie aktief was in die Vaaldriehoek en die organisering van geweld en opstand daar deelgeneem het aan die aktiwiteite op hierdie vergadering. Dit is :

COSAS verteenwoordig deur

ERAPO verteenwoordig deur Johannes Ngcobo.

BEWYSSTUK: K.1 en 26.

- 10.2 Op hierdie vergadering het die Transvaalse Sekretarisse van UDF verslag gedoen van UDF-aktiwiteite vir toepassing, kennisname of besluitneming deur die vergadering.

10.2.1 Briefing Meetings: UDF het 'n aantal sulke vergaderings gehou om voorligting te verskaf aan mense in Kagiso, Mansville, Carletonville, Oranje-Vaal, Soweto en Springs.

10.2.2 UDF het 'n opleidingskursus gehou in Kagiso op 11 September 1983.

10.2.3 UDF se NEC het UDF se beleid verduidelik aan Black Sash en FOSATU.

10.2.4 Perskonferensie was deur UDF gehou op 13 September 1983 en een word beplan vir 14 September 1983.

10.2.5 'n Massavergadering was gehou te Wits op 1 September 1983 wat gereël was deur B.S.S. (Black Students Solidarity).

Oor 'n paar weke sal UDF vergaderings toespreek in Evaton, Boipatong, Kathlehong, Kagiso, Vryburg, Kudu=

mane, Alexandra, Riverlea, Laudium, Lens en Soweto.

Punte 10.2.1 en 10.2.5 sluit aan by die getuienis dat UDF pertinent hulp verleen het en sprekers verskaf het om die VCA in die Vaal tot stand te bring.

10.2.6 Publikasies: UDF het 'n publikasie oor Swart Plaaslike Besture uitgegee en versprei en dit word bekendgemaak dat die volgende UDF News vrygestel word op 24 September 1983.

10.2.7 Op die vergadering word dit bekendgemaak dat Curtis Nkondo aangestel is as Vise-president verantwoordelik vir onderwys en dat Nkondo besig is om 'n Onderwyskommissie van UDF saam te stel vir Onderwys.

Dit is van besondere belang dat hierdie persoon wat ons gesien het direkte bande met die ANC het, wat COSAS en AZASO gestig het op die inisiatief van die ANC en wat geldelike hulp vanaf die ANC vir hierdie organisasies verkry deur UDF aangestel is as hoof van Onderwys, een van die belangrike knelpunte in die revolutionêre oorlog om die militante jeug in die revolutionêre oorlog te betrek. *C 128, C 129, C 130, C 131*

*Letter
Sakby Nkondo
Curtis Lee*

10.2.8 "Banning of SAAWU and repression in Ciskei". 'n Vergadering was gehou tussen UDF (Transvaal) en SAAWU, CUSA, MAWU, CCAWUSA, AFCWU, SACWU, GAWU, SASDU, SALDU, OVAWA en DESCOM en is besluit op 'n gesamentlike kampanje van solidariteit met SAAWU en mense van Ciskei. 'n Solidariteits-massa-vergadering is gereël.

10.2.9 Beslissings was op grond van die verslag geneem en was die verslag deur die vergadering aanvaar.

Hierdie verslag is redelik volledig aangehaal om te demonstreer hoe volledig die geaffilieerde ingelig word oor die aktiwiteite van UDF om die sameswering te bevorder. Verder demonstreer dit ook die onderlinge samewerking en eensgesindheid onder die samesweerders.

- 10.3 Hierdie feit word nog verder bevestig as daar gelet word op die verslae wat geaffilieerde gelewer het oor hul aktiwiteite. Dit is ook treffend hoedat hierdie geaffilieerde in hul aktiwiteite die sameswerings bevorder, die leiding van UDF aanvaar en die opdragte uitvoer. Dit word alles gedoen om hul gemeenskaplike en werklike doel van die omverwerp van die Regering te laat realiseer.
- 10.3.1 TIC het 'n opleidingskursus gehou te Laudium op 15 September 1983; massavergadering word beplan te Laudium op 15 Oktober 1983; dat hulle die "Congress Resister" 'n publikasie van TIC daardie week sou vrystel.
- 10.3.2 RMC : Beplan om die UDF-program van aksie in werking te stel. Beplan 'n kampanje om die knelpunte van UDF/ANC - behuising en onderdrukking (paswette) te verbind.
- 10.3.3 'n Opleidingskursus was aangebied deur UDF op 10 September 1983 in samewerking met die mense van Tskane.
- 10.3.4 CUSA: gaan 'n nuusbrief uitgee om te fokus op UDF; beplan 'n opleidingskursus vir einde Oktober; beplan SAAWU solidariteitskampanje.
- 10.3.5 Soweto Residents Association - Het besluit op 'n kampanje en ANC/UDF-knelpunt Swart Plaaslike Besture verkiesing as tema te gebruik.
- 10.3.6 Anti Community Councils Committee - Vier massavergaderings beplan.
- 10.3.7 Mamelodi Action Committee: 'n huis-tot-huis kampanje om die massas te mobiliseer en te politiseer reeds begin.
- 10.3.8 SAYO - beplan 'n huis-tot-huis kampanje om massas te mobiliseer en te politiseer.
- 10.3.9 COSAS - Beplan 'n seminaar oor UDF.
- 10.3.10 Anti-PC Committee - Dit is I. Mohamed se gebied : Plaaslike komitees gestig in verskillende gebiede,

'n Anti-PC diensbrief van deur-tot-deur versprei; massavergadering gehou te Eldorado Park; massavergadering gereel vir Riverlea op 23 Oktober 1983.

10.3.11 NUSAS - populariseer UDF op kampus; beplan om studente te politiseer insake UDF, Konstitusie en Koornhof-wette.

10.3.12 SOYCO - Plakkaat versprei word dat massas nie moet stem nie; beplan seminaar oor UDF.

10.3.13 YCS: Interne politisering; plakkaat verspreiding by Kerke; berei publikasie voor "Christian response to reforms".

Uit bogenoemde aktiwiteite is dit duidelik dat geaffilieerde nie ledig is nie, maar daadwerklik en doelgerig te werk gaan om die sameswering te bevorder.

10.4 Op hierdie byeenkoms het Beskuldigde 19 aktief meegedoen en aan die geaffilieerde verduidelik wat hulle bereik het na konsultasie met geaffilieerde. Daar is 'n skriftelike stuk ingehandig as Bewyssstuk K3.

10.4.1 Beskuldigde 19 dra dit aan die vergadering oor dat UDF nie alleen die Konstitusie en Koornhof-wette opponeer dat dit nie in werking gestel word nie, maar verder gaan as dit en weerstand wil bied teen die Regering. Die beginsel is dat dit nie die Konstitusie van die massas is nie.

BEWYSSTUK: K3.

10.4.2 Dat 'n Konstitusie vir Suid-Afrika alleen uitgewerk kan word met die deelname van die massas. Dit sluit die ANC in en daarom moet die onwettigverklaring van die ANC opgehef word en politieke vlugtelinge en gevangenes vrygestel word.

BEWYSSTUK: K3.

10.4.3 Die massas moet verkry word en opgesweep word daartoe om aktief betrek te word teen die Regering en om die Regering te stop.

BEWYSSTUK: K3.

10.4.4 In ooreenstemming met hierdie oproep is die opdrag aan alle Streke van UDF om planne te beraam en skedules uit te werk om die UDF se program van aksie uit te voer en wat moet uitloop op massavergaderings in die streke voor die referendum en instelling van Swart Plaaslike Besture se verkiesings. Dit is om die massaste mobiliseer, te politiseer en op te sweep.

BEWYSSTUK: K3.

10.4.5 Hy dra dit oor dat UDF 'n breë nie-rassistiese benadering het en dit moet weerspieël word in elke beslissing en aktiwiteit waaraan hulle deelneem. Daarom is UDF se beplanning in die Konstitusionele knelpunt dat UDF alles sal aanwend om verenigde weerstand daarteen te bied asook wetgewing wat daaruit mag voortvloeи. Die UDF-program van aksie is opgestel om aan hierdie ideaal te voldoen.

BEWYSSTUK: K3.

10.4. Dit is na hierdie voorligting van Beskuldigde 19 dat die Transvaal Streek van UDF en waaraan COSAS en ERAPO ver teenwoordigers deelgeneem het, 'n program van aksie van hul eie opgestel het. Dit is Bew. K2. In die bevordering van die verwesenliking van UDF se doelstellings en die sameswering is die volgende besluite geneem en handelinge verrig -

(a) Hul eie program van aksie aangeneem.

(b) Bekragtiging verleen aan die REC-besluite:

Volgende sub-komitees is aangestel:-

Media- en Publisiteitskomitee;
Regskomitee;
Vergaderingskomitee;
Verspreidingskomitee;
Opleiding- en Finanskomitee.

Vrywilligers om op hierdie komitees te dien, was gevra.

(c) As deel van hul program van aksie is ook die volgende aanvaar :

Dat die Media- en Publisiteitskomitee geaffilieerde organisasies van lede aanstel om te help met die produsering van "UDF News", baniere en publikasies. Dit kan op rotasiebasis geskied en dit sal geaffilieerde organisasies help om die basiese beginsels van Media aan te leer. Dit was beklemtoon dat UDF selfstandigheid onder geaffilieerde organisasies aanmoedig.

BEWYSSTUK: K.1 para. 7.

10.5 Die plan van aksie wat deur hierdie vergadering opgestel en aanvaar is, bevestig eerstens die sameswering en uitvoering daarvan en tweedens dat die geaffilieerde wat deelgeneem het aan die opstel daarvan nie onvertroud is met UDF en die sameswering(s) se werklike uiteindelike doel nie. Hulle beplan en neem spesifieke besluite van hoe om dit te verwesenlik. Hierdie plan van aksie is ingehandig as Bewysstuk K2 en is eintlik selfsprekend.

Die volgende word behandel -

10.5.1 Die doelstellings wat daarin beliggaam word bevestig die stelling dat die werklike doelstelling van UDF verder gaan as blote opposisie en dat die nuwe Konstitusie en Konstitutionele veranderinge prakties as teiken : gestel word. Die massas is die mag wat gebruik moes word om die doel te verwesenlik.

"3. To unite our people in action".

Om die massas vir hierdie doel te mobiliseer en op te sweep tot massa-aksie, moet van knelpunte gebruik gemaak word :

"**6** •To link the Koornhof and Constitutional proposals to the day-to-day struggles of our people."

BEWYSSTUK: K2 gelees met Bewysstuk K.1.

10.5.2 Om hierdie doelstellings te verwesenlik word beplan, besluit en vasgelê in die progam van aksie dat :

- (a) Opleidingskursusse aangebied word vir aktiviste wat die mobilisasie, politisasie en opsweping van die massas moes doen.
- (b) Dat in alle gebiede van geaffilieerde organisies moes die massas mobiliseer, politiseer en opgesweep word deur die opgeleide aktiviste deur huis-tot-huis besoeke.
- (c) die massas moes ook op massa-vergaderings gemobiliseer, gepolitiseer en opgesweep word.
- (d) Die massas sou ook op Provincialevlak op massa-vergaderings gemobiliseer, gepolitiseer en opgesweep word.

BEWYSSTUK: K2, para. B, gelees met Bewysstuk K.1.

Hierdie mobilisasie, politisasie en opsweping moes geskied sodat die ^{soos hierdie uitgangs geskied} massas aan die hand van "knelpunte" ~~en~~ oorverhaal ~~tert~~ word tot massa-aksie. Dit is dan ook belangrik in hierdie verband dat in hierdie plan van aksie spesifiek voorgeskryf word dat geïdentifiseerde knelpunte ook aangewend moet word.

"D. Other Issues To Be Incorporated In The Programme of Action :

1. Removals and Resettlement;
2. Housing (housing shortage, sale of houses, etc.);
3. Education;
4. Bantustans;
5. Military Conscription.

BEWYSSTUK: K2, gelees met K.1.

Kennis moet geneem word van die feit dat hierdie spesifiek deel is van die knelpunte wat UDF op 20 Augustus 1983 by wyse van Resolusie aanvaar het as knelpunte en om kampanjes daarom te bedryf. Ook is dit knelpunte wat deur die ANC identifiseer is en aangewend word om die massas te mobiliseer, te politiseer, te organiseer tot eenheid in aksie in die rewolusionêre oorlog.

Volgens Bewysstuk 26, het Beskuldigde 21 hierdie vergadering bygewoon as die afgevaardigde van Afr. News. SIEN BEW. 26.

Op die 15de Oktober 1983 het die Algemene Raad van die Transvaal Streek van UDF te Johannesburg vergader om beplanning te doen, besluite te neem, koördinasie gedoen en algemene bevordering en uitvoering van die sameswering en gemeenskaplike doel.

- 11.1 Die VCA het op hierdie vergadering saam met afgevaardigdes van geaffilieerde organisasies deelgeneem aan boegemelde aktiwiteite.

BEWYSSTUK: L.1 p. 1.

No 22

Die afgevaardigdes van VCA was Thabiso Ratsomo, Beskuldigde 22 en Tembekile Sahluko.

BEWYSSTUK: 26.

- 11.2 Op hierdie vergadering was die Sekretariële Verslag deur die vergadering ontvang, bespreek, bekragtig en aanvaar. Hierdie verslag is belangrik vir die koördinasie wat deur die Algemene Raad uitgeoefen moet word sowel as beplanning wat gedoen word ter bevordering van hul gemeenskaplike doel. Die volgende belangrike aspekte blyk daaruit -

- 11.2.1 Dit blyk dat UDF aktief was want massavergaderings was gehou te Kagiso, Soweto, Alexandra, Huhudi (Vryburg) Sebokeng en Katlehong, terwyl vergaderings gehou sou word in Mansieville, Medunsa en Kuruman. Die Hof moet kennis daarvan neem dat UDF-massavergadering in die Vaal gehou het en dit is bevestiging van die getuienis.

BEWYSSTUK: L, para. 4.1.

- 11.2.2 UDF Transvaal het die volgende pamflette uitgereik en versprei: "Don't vote", Ciskei, Deklarasie. Verder was UDF-News No. 2 gepubliseer en sou versprei word. Beplanning is gedoen dat die volgende uitgawe van UDF-News op 21 Oktober 1983 gepubliseer sou word met die klem op die "People's Weekend" en die knelpunte Swart Plaaslike Besture en die Referendum.

BEWYSSTUK: L, para. 4.3.

11.2.3 Die "R.E.C." van UDF Transvaal het Beskuldigde 21, Moss Chikane, aangestel as gesamentlike Sekretaris. Hierdie beslissing moes deur die Algemene Raad bekragtig word en dit is toe ook gedoen.

BEWYSSTUK: L, para. 4.6 gelees met para. 5.1.

11.2.4 Dit word gerapporteer dat 'n video van die nasionale stigting van UDF beskikbaar sou wees vir geaffilieerdes by die UDF-kantore vanaf 19 Oktober 1983. Videos is dus vir distribusie.

BEWYSSTUK: L, para 4.8.

11.3 Verskillende verslae is vanaf sekere geaffilieerde organisasies ontvang te wete Anti-PC Committee, NUSAS en Vaal Action Committee. Dit is belangrik dat sulke verslae aan die vergadering verskaf word sodat behoorlike koördinasie gedaan kan word oor die aktiwiteite wat deur geaffilieerde organisasies onderneem en uitgevoer word ter bevordering van hul gemeenskaplike doel. Hierdie verslae is deur die Algemene Raad ontvang en aanvaar.

11.3.1 Anti-PC : Bewysstuk L2.

Dit bevat feite van verskillende aktiwiteite wat onderneem is of sou word om die sameswering en hul gemeenskaplike doel te bevorder.

Voorbereiding vir 'n massavergadering te Riverlea op 23 Oktober 1983 wat gereël word om te konsentreer op die knelpunte ten aansien van hervormingsvoorstelle (Grondwet en Koornhof-wette) vorder goed. Pamflette gedruk en sal versprei word. 'n Opleidingskursus vir die maak van plakkate was gehou. Suksesvolle huisvergaderings was gehou. Reëlings is getref dat Frank Chikane, Vise-president van UDF, die vergadering sal toespreek en UDF sal populariseer; (gereël waарoor hy moet praat).

Hulle het die publikasies "Speak" en UDF-News versprei.

Hulle reël om "UDF-News" voor die "People's Weekend" te versprei, plakkate op te sit, die massavergadering te adverteer en beheerders vir die geleentheid te reël.

Hulle het ook oorengerek dat twee van hul lede die UDF-Mediakomitee sou bystaan en een lid die Verspreidingskomitee.

BEWYSSTUK: L.

11.3.2 NUSAS - BEWYSSTUK: L.

Hierdie verslag van die aktiwiteite deur NUSAS bevestig hierdie geaffilieerde se begrip van die werklike doel van die sameswering en konsentreer daarop om die ANC/UDF-knelpunte effektiief aan te wend.

NUSAS het die nasionale kampanje van stapel gestuur om die Konstitusie te verwerp en die studente te politiseer rondom die Koornhof-wette. Die klem was gelê op politisering en was baie suksesvol. Hierdie kampanje sal op 18 Oktober 1983 eindig in 'n UDF-massavergadering. Konserte is gehou om fondse in te samel vir UDF.

11.3.3 Vaal Action Committee - BEWYSSTUK: L.

Hierdie verslag wat aan die Algemene Raad voorgelê is lewer belangrike bewysemateriaal dat hierdie Komitee besondere insig en kennis het oor die werkswyses en doelstellings van UDF.

Hoewel hulle nog nie geaffilieer het nie, word bevestig dat hulle UDF ondersteun, die byeenkoms bywoon en selfs verslag doen van hul aktiwiteite.

Dit lewer bewys van die totstandkoming van hierdie liggaam. Dat 'n massavergadering georganiseer was en die organiseerders hulself gekonsitusioneer het as die Vaal Action Committee.

Hierdie Komitee het met UDF gekonsulteer oor die stigting van 'n burgerlike gemeenskapsorganisasie, en wat hulle met raad en daad bygestaan het. Hulp is ook aan hulle gebied deur SCA.

Op 'n massavergadering op 3 Oktober 1983, bygewoon deur meer as 1000 persone (jonk en oud) toegespreek deur Motlana (SCA), Mn. Shabangu (UDF Transvaal Streek) en C. Nkondo (UDF Transvaal Streek) het hulle sowel as plaaslike sprekers hulle toegespits op die ANC/UDF knelpunt Swart Plaaslike Besture.

LW

Nog voordat die huurverhogings plaasgevind het en selfs voordat Swart Plaaslike Besture tot stand gekom het, het hulle alreeds die UDF-kampanje rondom die knelpunt Swart Plaaslike Besture opgeneem om die massas te mobiliseer en te politiseer om in opstand te kom teen Swart Plaaslike Besture. Vir hierdie doel het hulle reeds beplan om 'n reeks huisvergaderings te hou wat moes kulmineer in massa-vergaderings. Daar was ook 'n resolusie aanvaar om te affilieer met UDF.

Hierdie handelswyse is beslis nie die van persone wat nie weet waarom alles gaan nie.

- 11.4 Op hierdie vergadering was ook positiewe besluite geneem rakende die "People's Weekend" wat baie beslis daarop gerig is om die sameswering en die verwesenliking van hul gemeenskaplike doel te bevorder.
 - 11.4.1 Dit was besluit dat Kerke en Moskees versoek word om spesiale dienste te reël rakende die "People's Weekend".
 - 11.4.2 Geaffilieerde organisasies word aangesê om plaaslike aktiwiteite vir die betrokke naweek te reël. Wat voorgestel word is kulturele aktiwiteite, Plakkaat-demonstrasies en motorkades.
 - 11.4.3 Die vergadering besluit dat sportorganisasies versoek word om al hul aktiwiteite gedurende die betrokke naweek te kanselleer.

BEWYSSTUK: L.1 para. 7.
- 11.5 Omtrent die knelpunt "Konstitusionele Veranderinge" het hierdie vergadering in beginsel die noodsaaklikheid vir

die miljoen handtekening kampanje aanvaar en dat die klem moet val op die verwerping van die Konstitusionele voorstelle en Koornhof-wette.

BEWYSSTUK: L.1 para. 8.

Op die 12de November 1983 het die Algemene Raad van die Transvaal Streek van UDF te Johannesburg vergader om beplanning te doen, besluite te neem, koördinasie gedoen ter bevordering en uitvoering van die sameswering en hul gemeenskaplike doel.

- 12.1 Die organisasies wat aan die verrigtinge op hierdie vergadering deelgeneem het verskyn op bladsy 1 van Bewysstuk M2 en die name van die lede van die vergadering verskyn op Bewysstuk 26. Die VCA-lid wat op hierdie vergadering sitting geneem het is Johny Motete.

BEWYSSTUK: M2 gelees met bewysstuk 26.

- 12.2 In die kennisgewing wat hierdie vergadering bekendmaak word die lede van die Algemene Raad daarop gewys dat die Algemene Raad 'n belangrike besluitnemings- en koördineringsliggaam is. Spesifieke aandag word daarop gevvestig dat die boikot van die Swart Plaaslike Bestuursverkiesing bespreek gaan word.

BEWYSSTUK: M.1.

- 12.3 Die Sekretariële Verslag was ontvang, bespreek, besluite geneem oor aspekte daarin en koördinasie gedoen en die verslag was bekratig en aanvaar. Dit is in belang van die sameswering en ter bevordering van hul gemeenskaplike doel dat hierdie dinge gedoen word en sodoende word beheer en kontrole uitgeoefen oor die UDF-aktiwiteite.

- 12.3.1 Die Evaton Ratepayers Association het op die 6de November 1983 'n massavergadering gehou en het Gatsby Mazwi namens UDF opgetree as spreker. Vaal ▲

- 12.3.2 UDF-News sou op 18 November 1983 gepubliseer word en dit sou 'n Transvaal-uitgawe wees wat die klem sou laat val op die knelpunt Swart Plaaslike Besture se verkiesings.

- 12.3.3 'n Nasionale Konferensie van UDF sou op 17/18 November 1983 te Port Elizabeth gehou word en alle geaffilieerde organisasies was versoek om twee afgevaardigdes daar-

heen te stuur. Die konferensie sou besin oor beleid=sake.

- 12.3.4 UDF-videos was beskikbaar en sou verkoop word by UDF-kantore.
- 12.3.5 NEC het voorgestel dat die handtekeningkampanje van stapel gestuur word op die konferensie. Die Algemene Raad het dit bekragtig.
- 12.3.6 NEC het versoek dat Streke besprekings voer oor 'n benadering en standpunt wat ingeneem moet word oor 'n moontlike Kleurling en Indiëer referendum. Die onderlinge samewerking en koördinasie kom goed tot uiting hierin. Die Algemene Raad het die kwessie weer na die geaffilieerde organisasies verwys vir bespreking en aanbeveling en sou dan weer op die volgende Algemene Raad se vergadering bespreek word.
BEWYSSTUK: M2, para. 6.7 gelees met para. 7.3.
- 12.3.7 Verslag word gedoen dat 'n massavergadering om die dood van Ngora studente te herdenk en dat die geaffilieerde aktief deelgeneem het te wete UDF bygestaan deur AZASO, SOYCO, SAAWU en CUSA. Weer eens word die onderlinge samewerking illustreer.
- 12.3.8 'n Afvaardiging van UDF het AZAPO op 11 November 1983 ontmoet oor affiliasie of samewerking. AZAPO was nie bereid om te affilieer nie. Daar is egter ooreengekom dat AZAPO met UDF sal saamwerk oor knelpunte wat nie in botsing kom met hul beginsels nie. Die samewerking tussen VCA en AZAPO in die Vaal moet in die lig hiervan betrag word. Die samewerking wat daar werklik plaasgevind het is in ooreenstemming hiermee.
- 12.3.9 Kennis word gegee dat die Oos-Kaap Streek van UDF gestig sou word op 4 Desember 1983 en dat die Grens-Streek van UDF gestig was op 15 Oktober 1983.
BEWYSSTUK: M2.

12.4 Die Knelpunt Swart Plaaslike Besture:

Oor hierdie afdeling van die stryd word hier 'n uitstekende voorbeeld gevind van hoedat die Algemene Raad praktiese koördinasie doen en beheer uitoefen vir die beste resultate en aktiewe uitvoering hiervan. Eers moes die geaffilieerde organisasies verslag doen oor hul vordering met hierdie kampanje en het Pretoria, Alexandra, Krugersdorp, Wattville, Katlehong, Soweto en die Vaal sodanig verslag gedoen. Dit was besluit dat waar die vordering nie na wense is nie, moet kontak gemaak word met organisasies daar om beter te presteer.

'n Baie belangrike feit wat aan die lig kom is dat die verteenwoordiger van VCA hier spesifiek verslag gedoen het oor die vordering van die kampanje in die Vaal en ook in oordeel gesit het oor die vordering in ander gebiede. Dit kan dus nie geargumenteer word dat VCA onkundig was oor die doelstellings van UDF nie en ook nie dat hulle nie aktief gewerk het om UDF se kampanje uit te voer nie. Dit kan ook nooit met krag geargumenteer word dat die gebeure in die Vaal bloot 'n plaaslike en toevallige incident was wat weens toevallige ontevredenheid oor fooie ontwikkel het nie.

BEWYSSTUK: M2, para. 9.

Die Algemene Raad van UDF Transvaal het op 10 Desember 1983 te Johannesburg vergader om sake van die sameswering te behartig en te bevorder.

- 13.1 Aan die geaffilieerde is vooraf kennis gegee van die vergadering. Bewysstuk N.1 is die kennisgewing wat aan VCA gestuur was en daarin word kennis gegee dat die knelpunt ten aansien van die Konstitusionele veranderinge bespreek sou word, aangesien die aangeleentheid deur die Nasionale Konferensie terugverwys was. Geaffilieerde moes 'n mandaat verskaf vir hierdie aangeleenthede. Aan die geaffilieerde was afskrifte van die notules van die vorige vergadering van die Algemene Raad asook analise van die uitslag van die verkiesing van Swart Plaaslike Besture verskaf.

BEWYSSTUK: N.1.

- 13.2 In die notules van die vergadering verskyn 'n lys van die geaffilieerde organisasies wat die vergadering bygewoon het asook van die name van die lede van die Uitvoerende Komitee. Van die Vaaldriehoek het VCA ~~en BPB~~ deelgeneem. Die lede van VCA was M.N. Kgaka, M.E. Raditsela ~~en~~ Thabo

BEWYSSTUK: N.1 gelees met Bewysstuk 26.

- 13.3 Die Sekretariële Verslag was ontvang en aanvaar. Dit is ingehandig as Bewysstuk N3.

- 13.3.1 Para 7 van die verslag bevestig die belangrike ko-ordinerende rol van UDF en ook oor die beplanning, hulpverlening en die verskaffing van publikasies.

"The campaign against the Black Local Authorities elections was conducted in all areas apart from Jouberton in Klerksdorp. Apart from Wattville, Daveyton and Tembisa no intensive campaign was conducted on the East Rand townships. In almost all cases the affiliates conducted the campaigns in their own names. The UDF-Transvaal played

the role of providing information, general co-ordination, assisting organisations in planning activities and producing publications."

BEWYSSTUK: N3 para. 7.

- 13.3.2 Dit is belangrik dat geaffilieerde van UDF alternatiewe vir Swart Plaaslike Besture beplan. Die verslag bevestig ook dat daar wel moeilikheid in die Vaal was. Hoewel die verkiesing verby is, word verdere beplanning gedoen teen -

"Reports have been received from DESCOM, AYCO and Soweto Residents Committee. The Soweto Residents Committee is developing alternative proposals to the Black Local Authorities. DESCOM assisted the Vaal Civic Association trace its members who were arrested on voting day. They had discussions on the reform strategy, UDF-media and the Coloured and Indian referendum. AYCO reports that an Ad hoc Committee was formed by AYCO, COSAS and the Alexandra Civic Association to oppose the Koornhof Bills. A demonstration is planned for 1 February 1984 when the Alexandra Council inaugurates."

BEWYSSTUK: N3, para. 7.

- 13.3.3 Dit is baie belangrik dat gereelde verslae van hul aktiwiteite deur geaffilieerde aan UDF verskaf word vir beplanning en leiding en vir UDF om algemene beplanning te doen.

"Most affiliates have once again failed to submit their reports on time. This makes it impossible for the UDF to have an understanding of what is happening in different areas. Without this knowledge this council fail in its duty of steering the UDF on the path leading to freedom."

BEWYSSTUK: N3, para. 7.

- 13.4 Op hierdie vergadering het verskeie van die erkende knelpunte aandag gekry :

- 13.4.1 Verskuiwings en Hervestigings - Cassim Saloojee het UDF gekritiseer omdat daar nie genoeg gedoen word op hierdie front nie. UDF se deel-

name aan die weerstand te Magopa was swak en dit was besluit dat die programme van aksie vir die volgende jaar 'n komponent vir landelike gebiede insluit.

BEWYSSTUK: N3, para 7.2.

13.4.2 Konskripsie -

Kennis geneem dat die Wes-Kaap Kommissie oor Konskripsie op 14 en 15 Desember 1983 sou vergader om voorstelle te bespreek.

BEWYSSTUK: N3, para. 7.3.

Die Algemene Raad van UDF-Transvaal het op 14 Januarie 1984 te Johannesburg vergader en die persone en organisasies wat deelgeneem het aan hierdie aktiwiteite ter bevordering van die sameswering verskyn op p. 1 van die notule. Uit die Vaaldrie=hoek VCA en ~~ENAPO~~ en het Esau Raditsela die VCA verteenwoor=dig. Onder die REC-lede was Beskuldigde 21.

BEWYSSTUK: O.1 gelees met Bewysstuk 26.

14.1 Die Sekretariële Verslag is behandel en aanvaar en daarin verskyn belangrike organisatoriese feite oor die knelpunt Konstitutionele veranderinge, veral ten aansien van miljoen handtekening kampanje en hoe dit gebruik moet word. Dit vind aansluiting met die inset oor hierdie kampanje. BEWYSSTUK: O.6.

Die belangrike feit wat hieruit blyk is hoedat die geaffilieerde organisasies hierdie kampanje van UDF moet opneem en uitvoer.

BEWYSSTUK: O.1 en O.6.

14.2 Wat egter baie belangrik is, is VCA se verslag wat deur hierdie organisasie aangebied moet word ter bevordering van beheer en koördinasie deur UDF in belang van die same=swering.

14.2.1 Hierin word gerapporteer dat Bophelong baie aktief
TaerbKouw is in die aktiwiteite van VCA en die sameswering en
merendeel om die massas te betrek -

|| "Regular meetings are being held to ensure greater
participation of the community."

BEWYSSTUK: O.3.

14.2.2 In Gebied 7, Sebokeng, word gewerk om 'n gebiedskomitee te stig en in gebied 12, Sebokeng, is 'n werkskomitee van 7 lede besig om te organiseer om 'n gebiedskomitee te stig.

BEWYSSTUK: Q.3.

14.2.3 Op Onderwysgebied word probleme ondervind. Daar word georganiseer om 'n Ouer-aksiekomitee te stig en Studenteraad te stig. 'n Beroep word op UDF gedoen om te help met hierdie aspekte ten einde aan Onderwys effektief aandag te gee. UDF word bedank vir gelewerde hulp en spesifieker vir die hulp wat Curtis Nkondo verleen.

BEWYSSTUK: Q3.

14.2.4 Dit is 'n feit dat die VCA aktief besig is om die massas te mobiliseer volgens die plan van UDF en nie bloot op 'n losse en sporadiese basis werk nie.

Dit word bevestig deur -

V "We hope for real mobilisation and success in the new year. The struggle continues."

BEWYSSTUK: Q3.

Selfs die argumente van UDF word deur hulle gebruik ten opsigte van die knelpunt die Konstitusie -

"This is imposed upon the people by an undemocratic and illegitimate government."

BEWYSSTUK: Q4 en ook -

"The UDF stand to loose credibility in the eyes of the people both within and outside the country if it took part in a referendum organised, run and sponsored by the government."

BEWYSSTUK: Q4.

14.2.5 NEUSA se verslag openbaar ook baie dieper kennis van UDF se doelstellings as wat op die oënskynlike onskuldigde notule van die vergadering openbaar word -

"Neusa's membership of the UDF expresses our idea that we cannot work for education change in isolation of other fundamental changes. We hope that our members will start to really put this into practice by taking part in more campaigns and issues which are broader than education."

BEWYSSTUK: Q5.

Op 14 April 1984 het die Algemene Raad te Johannesburg vergader en het die Uitvoerende Bestuur en die afgevaardigdes van die geaffilieerde organisasies wat vermeld word op p. 1 van Bewysstuk P.1 as sulks vergader en besprekings gevoer, besluite geneem en algemene koördinasie gedoen oor en van besluite wat geneem word om die sameswering te bevorder en uit te voer. Van die Vaaldriehoek het verteenwoordigers van VCA en ~~SCA~~ aan hierdie aktiwiteite deelgeneem deur ~~Johannes Ngesi~~, Esau Raditsela en M. Kgaka. Wat ook interessant is, is dat Beskuldigde 19 deelgeneem het as verteenwoordiger van SCA.

- 15.1 Op hierdie vergadering is besluit dat UDF-Transvaal vir taktiese redes met AZAPO saam sou werk. Die mense wat deel gehad het aan hierdie besluit is ~~Johannes Ngesi~~, Esau Raditsela en M. Kgaka van die Vaal.

BEWYSSTUK: P.1 gelees met Bewysstuk 26.

- 15.2 Dit word besluit dat geaffilieerde skriftelike verslae moet indien want anders kan UDF-hoofkantoor nie behoorlik skakeling vind met die geaffilieerde nie. Soos voorheen uitgewys bemoeilik dit ook die behoorlike koördinasie van uitvoering van besluite en aktiwiteite wat aangepak word vir die bevordering van die sameswering.

BEWYSSTUK: P.1, p. 2.

- 15.3 In die Sekretariële Verslag is kennis geneem dat die krisis in skole in Pretoria uitgebreek het en die posisie is besig om te versleg. Die uitvoering van die kampanje om die knelpunt oor Onderwys is besig om vrugte af te werp.

BEWYSSTUK: P.1, p. 2.

- 15.4 Kennis word gegee dat UDF se Opleidingskomitee besig is om 'n opleidingskursus vir "civic associations" te organiseer vir 27 - 29 April 1984 te Daleside. Dit was ook gehou en van die Vaal het verskeie persone dit bygewoon. Hierdie kursus word later volledig bespreek.

BEWYSSTUK: P.1, p. 2.

- 15.5 Op die vergadering was ook verslag gedoen dat Beskuldigde Nr. 21 verduidelik het omtrent individue^{JAN UDF} se meriete in die skole-boikot in Pretoria waar hulle blykbaar ingemeng het en probleme veroorsaak het. Dit word beklemtoon dat die UDF-beampte of lede van besture die geaffilieerde organisasies en hul rol moet respekteer. Dit is ook besluit dat sprekers van UDF hulle behoorlik identifiseer en van ten behoeve van wie hulle praat. Dit is om twyfel en onsekerheid oor die rol van UDF uit te skakel. Daar is 'n kommissie aangestel, bestaande uit Beskuldigde 21, F. Chikane en 'n lid van COSAS om die aangeleentheid te ondersoek.

BEWYSSTUK: P.l, p. 3.

- 15.6 Murphy Morobe was aangestel as "MSC"-koördineerder en hy het verslag gedoen oor probleme wat met die kampanje onder vind word en 'n omvattende program van aksie is uitgewerk. Hierin word geaffilieerde organisasies baie intiem betrek.

BEWYSSTUK: P.l, pp. 4 en 5.

- 15.7 Die Konstitusionele knelpunt het verder baie aandag geniet en word die koördinasie deur UDF sigbaar geïllustreer -

- 15.7.1 TIC is besig met huisbesoeke om invloedryke mense op te sweep. Media-blitse word gebruik om mense op te sweep. Vir Julie/Augustus word 'n agitasie kampanje beplan om mense op te sweep. 'n Kampanje gaan aangepak word om mense in die platteland op te sweep.

- 15.7.2 Dit word uitgewys dat die Konstitusie almal raak, en is dit nie voldoende dat slegs TIC en Anti-PC op hierdie gebied bedrywig is nie. Die Uitvoerende Komitee sal planne uitwerk van maniere waarop alle geaffilieerdes hierdie knelpunt en kampanje kan opneem en bevorder. Let weer eens op die sameswering en hoedat geaffilieerdes UDF se kampanjes moet uitvoer.

- 15.7.3 Daar bestaan 'n UDF Konskripsie Komitee en dat slegs vier persone het dit bygewoon. Dit is nie na wense

nie en nou word opdrag gegee dat die Konskripsiekomitee 'n byeenkoms moet reël met koördineringskomitees van jeug- en studentegroepe om bystand en hulp van hulle te kry.

Die Konskripsiekomitee moet ook kontak maak met al die ledeorganisasies in UDF.

Konskripsie raak veral die jeug, maar in die knelpunt Konstitusionele Aangeleenthede, gaan dit van kardinale belang wees. Dit raak dus die volwassenes. Daarom moet al UDF se ledeorganisasies hierdie knelpunt opneem en nie slegs die jeug nie. 'n Datum vir 'n konskripsievergadering word vasgestel op 25 April.

BEWYSSTUK: P.1, pp. 4 en 5.

- 15.7.4 Geaffilieerde word aangemoedig om aan te sluit by UDF se Mediakomitee.

BEWYSSTUK: P.1, p. 6.

- 15.8 DESCOM het op die vergadering 'n uiteensetting gegee dat die Howe in Suid-Afrika meer en meer gebruik word in die onderdrukking van die massas. Daar is toe op die vergadering besluit dat UDF se "legal affairs"-kommissie meer intiem saam met DESCOM moet werk vir 'n meer effektiewe aanwending van die knelpunt "Onderdrukking" in die kampanje onderdrukking.

BEWYSSTUK: P.1, p. 6.

- 15.9 M. Morobe, die Miljoen Handtekening Kampanje se koördineerder, se skriftelike verslag is ingehandig as Bewysstuk P2 en lewer belangrike bewys in die sameswering en die omvang daarvan.

- 15.9.1 In sy verslag word probleme wat ondervind word uitgelig en word afgevaardigdes spesifiek gevra om kennis daarvan te neem - aandag daaraan moet skenk.

BEWYSSTUK: P2, p. 1.

- 15.9.2 Die Komitee funksioneer al vanaf 7 Januarie 1984. 'n Probleem is dat nie alle areas van UDF daarop sitting het soos beplan was nie, en dit lewer koördinasie- en kommunikasieprobleme.
- BEWYSSTUK: P2, p. 1.
- 15.9.3 Dit blyk dat die meerderheid van UDF-geaffilieerde nie hul plig nagekom het en die kampanje ten aansien van die knelpunt Konstitusie ernstig aangepak het nie.
- BEWYSSTUK: P2, p. 1.
- 15.9.4 Aktiviste in verskeie gebiede is redelik ongeorganiseerd en is daar nie inisiatief om die kampanje te laat vlot nie.
- BEWYSSTUK: P2, p. 2.
- 15.9.5 Daar was nie genoeg opleidingskursusse ten aansien van MSC in die verskillende gebiede gehou nie, en is aktiviste onkundig oor waarheen die kampanje gaan en kan hulle soms nie die massas se vrae beantwoord nie - dit rakende hierdie knelpunt en verwante knelpunte.
- BEWYSSTUK: P2, p. 2.
- 15.9.6 Die MSC-kommissie beroep hulle op aktiviste en geaffilieerde organisasies om doelbewuste stappe om die kampanje 'n sukses te maak. 'n Beroep word gedoen op meer aktiviste om by die Komitee aan te sluit om te help en geaffilieerde moet ook stappe neem om die kampanje te bevorder.
- BEWYSSTUK: P2, p. 2.

Die Algemene Raad het op 30 Junie 1984 te Johannesburg vergader en die name van die geaffilieerde organisasies en lede van die NEC wat dit bygewoon het word vermeld op p. 1 van Bewysstuk Q2. Vanaf die Vaal was ~~ERPA~~^{ERPA} en VCA deel van hierdie vergadering waar besprekings gevoer was, besluitneming en koördinasie gedoen was om die sameswering te bevorder en uit te voer. Die Vaal-organisasies was verteenwoordig deur Petrus Mokoena (Beskuldigde Nr. 6), Sam Matlolle (Beskuldigde Nr. 17) en Esau Raditsela, terwyl Beskuldigdes 19 en 21 as lede van REC deelgeneem het.

16.1 Die feit dat die geaffilieerde organisasies nie blote buitestanders was in die sameswering nie, maar aktiewe deelgenote, word bevestig deur die brief van die UDF Evaluation Commission van 5 Julie 1984 aan geaffilieerdes.

16.1.1 Dit bevestig 'n beslissing van die Algemene Raad op hierdie bogenoemde vergadering dat areakomitees (6) waarvan een in die Vaal ingestel moet word om deelname van geaffilieerdes in die aktiwiteite van UDF te vergroot.

16.1.2 Dat die Algemene Raad van die Evaluasiekomitee volmag verleen het om hierdie UDF-gebiedskomitees dringend op die been te bring. Daarom is besluit op 'n reeks vergaderings met geaffilieerdes om die struktuur en koördinasie van hierdie liggeme te bespreek.

BEWYSSTUK: Q.1.

16.2 Op hierdie vergadering het die samesweerders 'n aansoek van Vaal Organisation of women (VOW) vir lidmaatskap ontvang en goedgekeur dat VOW deel word van die sameswering.

BEWYSSTUK: Q2, para. 3.

16.3 Die Sekretariële Verslag was aangehoor en goedgekeur en was goedkeuring verleen aan belangrike aspekte van die revolutionêre oorlog.

16.3.1 Knelpunt - Konstitusionele Veranderinge :

Die MSC moet voltooi word en ten tweede moet die bedrieglike apartheid-konstitusie oorwin word.

16.3.2 Knelpunt - Ekonomie :

Dat die lewenstandaard van die massas versleg deur prysverhogings en verhoogde koopbelasting.

16.3.3 Knelpunte - Verskuiwings en Hervestigings :

Tuislandbeleid en Swart Plaaslike Besture is knelpunte wat steeds voortgaan om die woede van die massas te verduur. Die "aksie" deur die mynwerkers en gepaardgaande geweld en doodslag is vir hulle bewys daarvoor dat die massa werkers 'n groeiende bewuswording en determinasie het om hulself te bevry.

BEWYSSTUK: Q3.

16.3.4 Die anti-eleksie kampanje ten aansien van die knelpunt "Konstitusionele Veranderinge" wat deur die geaffilieerde van UDF bevorder en uitgevoer word, is die mees intensiewe in baie jare.

BEWYSSTUK: Q3.

16.3.5 Dit word beklemtoon dat die Staat sy teenstand teen die Front verskerp het deur sogenaamde treitering van aktiviste van geaffilieerde (sameswering). Dan word beweer dat UDF 'n front is van ~~die~~ ANG. Dit is opmerklik dat dit nie ontken word nie maar eerder as 'n eerbetoon behandel word.

"There are all signs that the UDF has become a nightmare for the white minority rulers and the surrogates."

BEWYSSTUK: Q3.

16.3.6 Die belangrike taak om die massas te verenig word ook op hierdie vergadering baie sterk beklemtoon. Ook die gedagte dat die Staat die vyand van die massas is, word in hul beplanning en propaganda betrek -

"The strategy of our enemies has been to :-

1. disorganise our ranks;
2. alienate the UDF from the masses;
3. divide us - affiliate from affiliate, race from race and urban from rural.

Our task is to effectively counter this strategy."

BEWYSSTUK: Q3.

16.3.7 Verslag word ook gedoen dat UDF (Transvaal) 'n suksesvolle opleidingskursus op 23 Junie 1984 gehou het om 'n verenigde kampanje teen die Konstitusie te ontwikkel.
BEWYSSTUK: Q3.

16.4 As uitvloeisel van die Sekretariële Verslag, het Beskuldigende Nr. 19 bekendgemaak dat 22 Julie 1984 uitgesonder word as dag van solidariteit met die mense van Cradock en het die vergadering besluit dat die Atteridgeville-krisis hierby ingesluit word.

BEWYSSTUK: Q2.

16.5 Nadat Morobe as koördineerder van die MSC-kampanje sy verslag aan die Algemene Raad gelewer het, het die Raad besluit dat UDF-geaffilieerde in hul verslae aan die Raad ook verslag moet doen oor hul werkzaamhede op hierdie gebied. Die Koördineerder moet ook verslag doen van hoeveel handtekening elke geaffilieerde organisasie ingevorder het. Die Raad het ook besluit dat meer blits-kampanjes gehou moet word.

Weer eens word die koördinasie van geaffilieerde se werkzaamhede bewys sowel as die feit dat hulle aktief aan die aktiwiteite van UDF moet deelneem om die sameswering te bevorder en uit te voer. Hierdie aspek word ook verder bevestig deur die feit dat 'n konvensie bekend as "Votes for all Convention" op 21 Julie gehou sou word. Die doelstellings sou wees -

- "1. Motivate organisations to participate actively in the campaign.

00282

2. Display to all that opposition to the Constitution is widespread.
 3. Launch the final phase of the campaign."
- BEWYSSTUK: Q2, para. 7.2 gelees met para. 4.4.

Die Algmene Raad het op 14 Julie 1984 'n spesiale vergadering gehou. Die organisasies wat dit bygewoon het en die lede van die Uitvoerende Komitee wat deelgeneem het aan die verrigtinge daarop en ter uitvoering en bevordering van die sameswering, verskyn op die notule (Bewysstuk R2).

Uit die Vaal was VCA en ~~ERPA~~ daar en verteenwoordig deur ~~MATLOE~~ Beskuldigde Nr. 17, Sam Marloie, Beskuldigde Nr. 7, S.D. Mphuti, Esau Raditsela, Beskuldigde Nr. 6, Pokoena, terwyl Beskuldigde Nr. 21, Mos Chikane, die voorsitter was.

17.1 Beskuldigde Nr. 21 as voorsitter het die vergadering meegedeel dat hierdie spesiale vergadering hoofsaaklik sou konsentreer op die Anti-eleksie kampanje in Transvaal. Die dringendheid en belangrikheid van die kampanje regverdig 'n spesiale vergadering.

BEWYSSTUK: R2, para. 2.

17.2 Die Sekretariële Verslag was ontvang en bekragtig. Daarvolgens blyk dit dat UDF :

17.2.1 besluit het om 'n voltydse nasionale kampanje koördineerder aan te stel. Die persoon sou werk met 'n beoogde nasionale koördineringsstruktuur. Dit is insig gewend hoe belangrik UDF die verskillende kampanjes ag. Hulle is almal gebaseer op ANC/UDF identifiseerde en aanvaarde knelpunte om die massas te mobiliseer, te politiseer en op te sweep.

BEWYSSTUK: R2, para. 3.1.

17.2.2 Kennis word gegee dat 'n verhandeling opgestel was oor die anti-eleksie kampanje en waarin die relevantheid van die UDF-strategie en die noodsaaklikheid van 'n verenigde kampanje teen die Konstitusie uiteengesit word. Die feit dat notules onderling uitgeruil word verseker dat hierdie verhandeling ook versprei word.

BEWYSSTUK: R2, para. 3.4.

17.3 Jeug- en Studenteorganisasies het verslag gedoen dat 'n gesamentlike jeugsaamtrek op 28 Julie 1984 te Patidarsaal in Lenasia sou plaasvind. (Vir wat op die vergadering, saamtrek gebeur het sien Bewysstukke: en V.).

Wat veral beklemtoon sou word is die Konstitusie en Konskripsie. Hierdie samekoms was gesamentlik beplan deur SOYCO, LYL, BSM, BYL, SAYO, MAYO, MOYA, AYCO, AZASO en COSAS. Dit bied nogmaals bewys van die omvang van die samewering en hoedat daar gereageer word op die leiding en besluite van die bestuurstrukture van UDF. Sien die besprekings hierbo oor die ontevredenheid met die vordering ten aansien van die knelpunte Konstitusie en Konskripsie.

BEWYSSTUK: R2, para. 4.

17.4 Nog 'n bewys van hoe die sameswering in mekaar verstregel is en die samesweerders mekaar ondersteun en help, word gekry in die verslag wat voor die Algemene Raad gelê is vir goedkeuring deur die vroue. Let op die sentrale punt wat politisering in hierdie planne inneem.

"Fedsaw reported that the interim Transvaal co-ordinating committee has planned the following :

9 August 1984: Local women's activities in all areas.

10 August 1984: A cultural evening would be held in Johannesburg. The theme will be 'Women and Resistance'.

11 August 1984: Plans not finalised.

12 August 1984: Joint women's rally - this rally would link the increase in GST and rising food prices to the constitution."

BEWYSSTUK: R2, para. 4.2.

17.5 Verskillende ander organisasies het saamtrekke gereël maar die hoofsaamtrek is die UDF-saamtrek in die Johannesburgse Stadsaal. Die aard van wat op hierdie massa-vergadering plaasgevind het, word verkry in Bewysstuk en word elders bespreek.

BEWYSSTUK: R2, para 4.5.

- 17.6 Daar sou ook 'n saamtrek in Kimberley plaasvind op 28 Julie 1984. Aktiviste van UDF (Transvaal) sou help met die voorbereiding. Dit sou die vorm aanneem van huisbesoek gedurende die naweek van 21/22 Julie 1984. Geaffilieerde moes aktiviste stuur om te help. Wat op hierdie saamtrek gebeur en gesê was, word elders bespreek waar Bewyssstukke en V. bespreek word.
- BEWYSSTUK: R2, para. 4.6.
- 17.7 Die UDF Mediakomitee het 'n nuusbrieftje beplan asook 'n nasionale media-opleidingskursus. Verdere media-opleidingskursusse is beplan vir 20 Julie 1984 en 21 Julie 1984. Dit is 'n belangrike faset in die rewolusionêre oorlog. Elders word die waarde van Media volledig bespreek.
- BEWYSSTUK: R2, para. 4.7.
- 17.8 Frank Chikane het dit geopper dat 'n strategie ontwikkel word vir die Swart woongebiede. Hy en Beskuldigde Nr. 21 was aangestel om konsultasie te voer met verskillende organisasies vir moontlike aksie en aan hulle was mag verleen om ander te koöpteer in hierdie taak.
- BEWYSSTUK: R2, para. 6.
- 17.9 Dit was ook besluit dat die REC 'n gesamentlike beplanningsraad aanstel. Dit moes bestaan uit minstens een lid van die volgende organisasies -
- "Civics, Youth, Students, Trade Unions, Women, JODAC, RMC, Anti-PC, TIC, The REC and East Rand, West Rand, Johannesburg Central, Pretoria, Soweto and Vaal Affiliates."
- Hierdeur word nogmaals die omvang van die sameswering bewys asook die werklike diep beplanning wat gedoen word ter bevordering van die sameswering.

Hierdie daad is 'n samevatting van al die REC-vergaderings wat oor 'n tydperk gehou is en dit bied feitlike bewyse van die werklike uitvoering en ook beplanning en besluitneming vir die praktiese aanwending van die knelpunte in die mobilisasie, politisasie van die massas om uiteindelik deel te neem in die rewolusionêre Oorlog om die Staat omver te werp. Op hierdie vlak het ook Beskuldigdes 19, 20 en 21 vername rol gespeel.

18.1 REC-vergadering van 15 September 1983. Beskuldigdes Nrs.
19 en 20.

Beplanning word gedoen vir massa-vergaderings in die Vaal=driehoek waar Beskuldigdes Nrs. 19 en 20 sowel as ander aktiviste van UDF sou optree, byvoorbeeld Bokala en ⁸ Audrey Mokoena. NEUSA beplan 'n onderwyskonferensie te Pietermaritzburg waar die ANC-lid en stigter van AZASO en COSAS namens die ANC, nou namens UDF sou deelneem.

Dan het die Sekretariaat 'n vergadering met die Vakunies gereël vir 'n gesamentlike kampanje teen die Ciskei en die verbanning van SAAWU daar, asook ten aansien van onderdrukking en 'n gesamentlike massavergadering word beplan vir 22 September 1983.

BEWYSSTUK: S.1, eerste dokument.

18.2 REC-vergadering van 6 Oktober 1983 bygewoon deur Beskul=digde 19. Kaapstad het nie die "UDF-News" gepubliseer nie. Besluit dat die redaksie meer verteenwoordigend moet wees. In die vervolg moet geaffilieerde verslae indien voor elke publikasie van die nuusblad. Die volgende is dat 'n streekuitgawe gepubliseer moet word voor 21 Oktober.

Verder word besluit dat 'n persoon met kennis oor verskuiwings in die REC gekoöpteer moet word. Dan moet die kwesie van NUSAS se optrede op dieselfde vergadering as Van Zyl Slabbert van die PFP oorstaan tot die volgende vergadering.

BEWYSSTUK: S.1, tweede dokument.

18.3 REC-vergadering van 8 Desember 1983 bygewoon deur Beskuldigde Nr. 21. In die Sekretariële Verslag is 'n agenda opgetrek vir die P.E. Konvensie wat toegespits is op knelpunte soos die Konstitusie, Anti-Konskripsie, verskuiwings en hervestigings en 'n program van aksie vir 1984.

Daar is toe besluit en bevestig dat hoewel UDF verskuiwings en hervestigings geïdentifiseer het as 'n knelpunt en 'n front waar die Regering aangepak moet word, is niks betekenisvol nog gedoen nie.

BEWYSSTUK: S2.

18.4 REC-vergadering gehou op 3 Januarie 1984 en bygewoon deur Beskuldigdes 19, 20 en 21.

Beskuldigde 19 het verslag gedoen dat hy en Allan Boesak samesprekings gevoer het om die besoek van Senator Kennedy van die VSA te gebruik om die saak van die revolusionêre oorlog te bevorder. Die besoekers moet oorred word om 'n voorafbepaalde stel voorwaardes te aanvaar. Die vergadering besluit op die volgende -

"The position of the UDF in South African Society (i.e. it is not the sole representative of the people in South Africa)."

Die status van die ANC moet nie in gedrang gebring word nie.

"The new constitution etc. do not constitute reform. To place in perspective the demand "Charge or Release". The demand of the unconditional release of political prisoners.

A meeting with political prisoners must be a precondition to meeting Botha.

It was also decided that the Head Office be asked to ensure that UDF is not seen to be promoting the trip." (Dit is baie insiggewend.)

"It was further decided that this discussion be referred to area committees for discussion.

Johannesburg - Lloyd Vogelman;

Pretoria - Moss Chikane (Beskuldigde Nr. 21);

Soweto - Eric/Pat;

West Rand/East Rand and Northern Transvaal - Valli."

BEWYSSTUK: S3.

Dit bied insig in die werking van die sameswering en dat hulle selfs verantwoordelik was vir die besoek van Kennedy. Die samewerking in die sameswering word bevestig deurdat die Sharpeville Civic Association wat in werklikheid VCA versoek het dat Beskuldigde Nr. 20 'n massavergadering in die Vaal op 6 Januarie 1985 moet toespreek, en ook dat 'n vergadering gehou sou word met die Vaal-informasiediens op 14/1/85

Op die vergadering is bekendgemaak dat die Transvaal Streek van UDF se Sekretaris dien op die "Interim Freedom Charter Commission", 'n betekenisvolle brokkie getuienis om die werklike gesindheid van UDF bloot te lê.

BEWYSSTUK: S3, para. 10.

- 18.5 REC-vergadering van 5 Januarie 1984, bygewoon deur Beskuldigdes Nrs. 19 en 21, waar die sake van UDF en die sameswering bevorder was en die volgende belangrike aspekte word uitgelig:-

Guy Berger van Mars het 'n versoek van Mars gemotiveer vir 'n aanbevelingsbrief vir die "Printing Project". Daar is toe besluit dat so 'n brief aan Mars gegee word. Mars was gevra om hul versoek skriftelik voor te lê en die skriftelike aansoek moet die voordele vir UDF spesifiseer.

Die sameswering word nogmaals bevestig dat 'n jeugsaamtrek op 28 Julie 1984 gehou word onder die vaandel van UDF.

BEWYSSTUK: S4, dokument 1.

- 18.6 REC-vergadering van 22 Maart 1984 wat deur Beskuldigde Nr. 21 bygewoon was, het belangrike besluite geneem oor die bevordering van die sameswering.

18.6.1 Murphy Morobe was aangestel as "MSC"-koördineerder en hy sou verantwoordelik wees aan die REC en moet REC-vergaderings bywoon en verslag doen en ook verslag doen aan NEC.

BEWYSSTUK: S5, para. 3.

18.6.2 UDF (Transvaal) word herstruktueer en die skakeling met geaffilieerde word beklemtoon, asook die same=werking in die sameswering.

- (1) Daar word voorsien vir regsaangeleenthede en 'n kommissie word geskep bestaande uit : regsgeleerde, 'n lid van DESCOM en 'n lid van die REC. Een van die lede moet optree as koördineerder en die liggaam se funksies is om op te tree asregsadviseurs vir UDF, om 'n span regsgleerde saam te stel wat UDF-geaffilieerde moet bystaan en om opleidingskursusse te reël met die bystand van DESCOM wat hoofsaaklik moet handel met veiligheidswetgewing van die Staat.
- (2) 'n Kommissie rakende gesondheid bestaande uit lede van die Health Workers Association, NAMDA en OASSA Hul taak is om inligting en syfers rakende Aparheid en die gesondheid van die massas te propageer gesondheidsdienste te bestudeer en om bystand te verleen in gebiede waar gesondheidsdienste vernietig is en nie bestaan nie.- Dit is die alternatiewe strukture.
- (3) Inligtingsdiens.
Dit moet 'n nasionale projek wees en die kommissie moet bestaan uit die Nasionale Sekretaris bygestaan deur voltydse personeel. Die funksies is om inligting te versamel, dit te evalueer en aan te wend.
- (4) 'n Streek-publisiteitsekretaris moet onmiddellik aangestel word en moet verkieslik uit die geledere van die REC wees.
- (5) Landelike ontwikkeling moet bevorder word en daarvoor moet drie voltydse veldwerkers aangestel word. Die NEC moet hierdie projek finansieer

- (6) Vir arbeidsaangeleenthede moet 'n nasionale arbeidsportefeuilje geskep word met 'n voltydse nasionale arbeidsbeampte aan die roer.
- (7) Onderwys, stedelike ontwikkeling en 'n Verbruikersraad sou later aandag kry.

BEWYSSTUK: S5.

18.7 Die REC-vergadering van 10 Mei 1984 was deur Beskuldigde 21 bygewoon en sake wat aandag gekry het is die Konstitusie (MSC), vakbonde se voorgestelde federasie se affiliasie met UDF, 'n massasaamtrek in die landelike gebiede op 3 Junie 1984. Ten aansien van UDF se program van aksie het TIC 'n opleidingskursus gereël, Anti-PC was besig met huisbe=soek om die massas op te sweep en te mobiliseer om die knelpunt konstitusionele veranderinge.

BEWYSSTUK: S6.

18.8 Op 14 Junie 1984 het die REC waar Beskuldigde Nr. 21 was, besluit om 'n herdenkingsdiens op 16 Junie 1984 te hou en dat Aubrey Mokoena, Beskuldigde Nr. 20 en A. Sisulu die sprekers moet wees te Regina Mundi en dat die nasionale kantoor 'n 16 Junie plakkaat reeds gedruk het. Sien in dié verband wat gebeur het op Bewysstuk

BEWYSSTUK: S7.

18.9 REC-vergadering op 21 Junie 1984 was bygewoon deur Beskul=digde Nr. 20, en hy het verslag gedoen dat ooreenkomstig 'n NEC-besluit om die UDF-saamtrek in Noord-Transvaal te fi=nansieer is R1000=00 daarvoor bewillig. Hoewel die geld deur NEC verskaf is, is UDF (Transvaal) algemeen verant=woordelik vir die saamtrek. Dit is besluit dat een van die Sekretarisse die gebied besoek om voorraad te neem van wat daar gedoen is in hierdie verband.

BEWYSSTUK: S8.

18.10 REC-vergadering op 28 Junie 1984 was 'n aansoek van VOW om met UDF te affilieer. Die aansoek word verwelkom en daar

is besluit om 'n persverklaring hieroor uit te reik.

Verslag is ook gedoen dat SASPU van voornemens is om 'n uitgawe van die "State of the Nation" ten aansien van die Anti-konstitusionele veranderinge kampanje uit te gee.

Daar is besluit om verdere samesprekings hieroor met SASPU te hou. Weer eens 'n beeld van die werking van die same=swering.

BEWYSSTUK: S9.

- 18.11 Die res van die Bewysstukke S.10 tot S20, bewys 'n konstante patroon van hoedat die REC deurgaans voortgaan om die planne van UDF en sy trawante deur te voer. Hoedat daar voortdurend nuwe planne beraam word en besluite geneem word. Hoe die identifiseerde en aanvaarde knelpunte deurgaans tot hul beste voordeel aangewend kan word. Dit alles word gedoen om die massas te mobiliseer, te politiseer en op te sweep tot aksie teen die Regering.

In hierdie sameswering, soos reeds uitgewys, is die "NGC" die hoogste liggaam wat beleid bepaal en besluite neem wat uitgevoer moet word. Op hierdie liggaam het die geaffilieerde di-rekte sitting en deelname. Die volgende ^{is} die NEC wat ook beleid bepaal en besluite neem wat uitgevoer moet word. Op hier- die liggaam het die geaffilieerde organisasies meer indirekte inspraak. Die volgende ^{is} die Algemene Rade van Streke van UDF waar die geaffilieerde organisasies weer direkte deelname het aan die besluitneming en koördinasie van die uitvoering van besluite en beleid. Ook hul leiding moet gevolg word. Dan kry ons die Uitvoerende Komitees van die Streke van UDF waarop die geaffilieerde organisasies weer meer indirekte inspraak het op die verrigtinge daar. Die liggaam wat oor die algemeen gemoeid is met die totale uitvoering van UDF-beleid, besluite en die koördinasie daarvan is die UDF-sekretariaat wat kortweg bestaan uit die sekretarisse van al die liggeme van UDF. Soos reeds gesien, is hulle ook direk betrokke in al bogenoemde liggeme en direk betrokke in die aktiwiteit daar, maar as die sekretariaat is hulle veral gemoeid om rigting te gee aan hierdie liggeme en ook direkte leiding aan geaffilieerde organisasies en aktiviste. Die T-reeks van bewysstukke word aangebied om dit te bewys. Dit bied ook bewys van UDF se doelstelling om die massas te betrek in die rewolusionêre oorlog. Dit bied ook bewys van hoedat die ANC/UDF geïdentifiseerde knelpunte aangewend moet word om die massas te politiseer en op te sweep teen die Staat en die Staat te beskou as hul vyand wat vernietig moet word. Belangrike bewys van die omvang en werking van die sameswering word verkry. Uit die omvang wat hierdie betoog aangeneem het, kan ek hulle nie volledig behandel nie en sal slegs kort verwysings maak na belangrike feite.

BEWYSSTUK T.1 - NASIONALE SEKRETARIËLE VERSLAG

10-11/9/83

- 19/ Bied insae in die sameswering en dat Frank Chikane die antwoord

verskaf het waarom hulle 'n front benodig. As teruggegaan word na Chikane se toespraak, sal gesien word dat dit gaan oor die vernietiging van die Staat. Die verslag beklemtoon ook die Resolusies wat aanvaar is - dit is die knelpunte - dat daar nie voldoende duidelikheid was oor wat UDF daar mee wil bereik nie. Dit word ook voorgelê dat daar nie besef word wat bedoel word met die konsep van 'n front nie en dat 'n handleiding opgestel word en gesirkuleer word onder geaffilieerde - hulle moet dus volledig ingelig word vir effektiwiteit.

BEWYSSTUK T.1 (DERDE DOKUMENT) - ~~± 14~~/83

- 19.2 Verslag van Opleidingskursus gehou deur sekretariaat te Port Elizabeth. Was gehou met spesifieke doelstellings, onder andere om geaffilieerde in te lig oor die geskiedenis van UDF en 'n gemeenskaplike insig van die konsep Front te ontwikkel. Die taak van UDF was pertinent by die afgevaardigdes van 13 organisasies tuisgebring. 'n Verduideliking was gegee van die deklarasie en beleid gebaseer op die resolusies en bespreek. Dit is belangrik.

Aanvullende bewyse
BEWYSSTUK T2 : SEKRETARIËLE VERSLAG -

- 19.3 Dit bied as geheel bewys van baie belangrike aspekte. Baie belangrike suksesse was behaal op die gebied om die massas te mobiliseer, te politiseer en op te sweep teen Swart Plaaslike Besture. Dit word beklemtoon dat UDF en sy geaffilieerde groot sukses behaal het ten aansien van Swart Plaaslike Besture en word toekomsplanne op hierdie gebied uiteengesit. Die Konstitusie word behandel en strategie en planne vir die gebruik van hierdie knelpunt openbaar.

Die knelpunt verskuiwings en hervestigings geniet aandag en die algemene beplanning word uiteengesit.

Die knelpunt "behuising" word beskou as 'n "key political issue" om die massas te mobiliseer en te politiseer en planne en strategie van hoe om dit te gebruik word as "focal point of common community struggles". Ook die handtekeningkampanje word behandel met die oog om alle jeugdiges, kerke en vakbondes te betrek.

BEWYSSTUK T3 - VERSLAG AAN NEC : 22.1.84

- 19.4 Onder andere word verslag gedoen oor BLA's en word die same=swering en die werking daarvan bewys.

"---- In almost all cases the campaign was conducted in the name of Affiliates. The UDF (Transvaal) played the role of providing information. General co-ordination, assisting organisations in planning activities and producing publications (See document: An analysis of the Black Local Authorities Elections)".

BEWYSSTUK T4 - VERSLAG VAN 'N NASIONALE SEKRETARIËLE VERGADERING.

10/3/84

- 19.5 Die publisiteitsafdeling in die Streke en nasional moet versterk word want informasie-berigte moet gereeld gepubliseer word.

Dat 'n opleidingskursus rakende behuising gehou moet word en dat spesifieke vrae deur geaffilieerde oorweeg moet word.

Die anti-eleksie kampanje moet gekoppel word aan die "MSC"-kampanje en die geaffilieerde moet metodes vind om dit te koppel aan hul daaglikse werk in die stryd en dat geaffilieerde voorstelle sal voorlê -

|| "The campaign must be seen as a campaign of oppressed and democratic South Africans - not just the Indian and Coloured sectors. The secretariat requests ideas and suggestions from affiliates on this aspect."

Die hele verslag is toegespits op wat geaffilieerde moet doen.

BEWYSSTUK T5 - NOTULE VAN VERGADERING VAN NASIONALE SEKRETARIAAT.

- 19.6 Die beskuldigdes wat deelgeneem het se name verskyn in die notule. Verskeie ander belanghebbende faktore en knelpunte word evalueer en beplanning gedoen, byvoorbeeld -

"State Housing Policy.

That civic bodies must take up the issue."

Media geniet aandag en Verslag van Opleidingskursus :

"Publicity.

Media workshop suggested that there be publications called UDF update: must come out once a month. Responsibility of National Publicity Secretary and National Secretary. Work be sent to National Secretary after editing."

Dat politisering t.o.v. Konskripsie intensief plaasvind -

"Conscription.

Intensify education programme for the youths on the role of SADF, anti-conscription campaign, produce more information on conscription."

Verskuiwings en hervestigings en algemene organisasie word behandel.

BEWYSSTUK T6 - NOTULE VAN GESAMENTLIKE NASIONALE SEKRETARIËLE VERGADERING.

19.7 Die beskuldiges wat deelgeneem het se name verskyn in die notule. Op hierdie vergadering word besluit hoe UDF fondse beskikbaar gestel moet word aan verskillende afdelings van die sameswering. Beplanning word gedoen vir verskillende terreine van die stryd. Die knelpunt Konstitusionele Veranderinge word evalueer en beplanning gedoen. So word byvoorbeeld bepaal dat in die Swart gebiede daar nie volle deelname in die UDF-kampanje is nie. Wat moet gedoen word?

"7.2.1 The secretaries must compile lists of affiliates and make assessment of their strengths - and the extent to which they are participating in the UDF."

Wat ook aandag geniet is die knelpunte "Removals, Health and Conscription" en positiewe planne op hierdie terreine word gemaak. So word byvoorbeeld gesê dat "UDF must give direction on GST". Op hierdie vergadering word 'n wye veld gedek en planne beraam om op al hierdie vlakke doelbewuste vooruitgang te bewerkstellig.

BEWYSSTUK T9 - "OFFICERS REPORT TO THE NEC".

19.8 Dit bevat leiding aan die NEC oor 'n wye front wat aandag moet geniet in die stryd, waar dinge nie na wense verloop nie en waar verbeterings moet intree en hoedat dit gedoen kan word. Verskeie van die knelpunte word behandel.

BEWYSSTUK T.10 : VERSLAG VAN DIE NEC-VERGADERING GEHOU OP 21 JULIE 1984.

19.9 In hierdie verslag van wat behandel is op bogemelde vergadering kom die kern van die ~~revolutionäre~~ oorlog sterk uit -

"An aspect which will cover several of the abovementioned sub-headings was the whole question of the centrality of the role of the African Masses in the struggle for freedom."

BEWYSSTUKKE T.11 en T.12 - "NATIONAL SECRETARIATE HELD ON 13 AND 14 OCTOBER - SUMMARY OF DISCUSSIONS".

- 19.10 Hierdie is 'n evaluasie van aktiwiteite waarmee die samesweerders besig is en van planne wat gemaak is om hul saak te bevorder. 'n Groot aantal aktiwiteite word genoem. Kennis kan gerus geneem word van die waarde wat aan opleidingskursusse geheg word.

BEWYSSTUK T.13 - "REPORT OF THE SECRETARIAT TO THE UDF NGC".

- 19.11 Hierdie dokument bevat baie belangrike inligting oor die sogenaamde vryheidstryd. Krisispunte word identifiseer en hulle antwoord : + Dec 83

"The state crisis, we must point out, continues to deepen as the forces of resistance develop and become stronger. Our organizations have over the last few years organized high forms of resistance - around education, around housing, rentals, high transport fares, against puppet state bodies and for better pay and working conditions on factory floors. All forms of resistance in the different sites of struggle challenged and frustrated relations of domination and oppression."

UDF is nie 'n oproep vir eenheid nie, maar die sentrum om organisasies te verenig en te lei en te koördineer in die stryd.

"At the same time, though, the UDF was not simply a response to a call for unity. It was a culmination of building organizations which fought struggles affecting all our people in various parts of the country. Although these struggles were unco-ordinated, they all challenged the relations of domination. In this way, the UDF grew out of the development of organizations and the need to co-ordinate isolated struggles -----".

Die doelstellings met die stigting van UDF word beklemtoon en dit is nie net blote opposisie van die grondwet nie. Dit is die korttermyn doelstellings -

- // "3. What were our objectives when we formed the UDF -
 (i) to take the ideological initiative out of the hands of the state;

- (ii) to unite our people across class, colour, ethnic and organizational lines to oppose the Apartheid reform offensive of Botha;
- (iii) to co-ordinate the activities of all organizations opposed to Apartheid;
- (iv) to advance the mobilization and to deepen the organization of our people;
- (v) to prevent the state from implementing its so-called reforms, or at least, to make it difficult for them to do so;
- (vi) to deepen the understanding of our people on issues affecting their lives, such as the PC-proposals and Koornhof Bills, the Community Councils and Black Local Authorities, the Coloured Management Committees and the new housing policy, etc.
- (vii) to establish a broad front to serve as the voice of our people;
- (viii) to link politics with the day-to-day experience of our people;
- (ix) to draw into the front groupings operating outside the government structures."

Om die massas te betrek, is dié knelpunte van kardinale belang -

"This problem must be addressed in order to prevent mistaking the consciousness of the leadership for mass consciousness. This is important because we know that over the years, the people have developed a scepticism and a fear of politics. We cannot pretend that the excitement of the UDF has created has put an end to these feelings. We must take the prevailing consciousness as a baseline and take people through a process that will overcome their scepticism and fear. Again, this means that we must take the day-to-day concerns with which people are familiar and link them to our political work."

Dit is teen hierdie agtergrond dat beplanning bespreek word vir die bevordering van die revolutionêre oorlog.

"For these reasons, the decisions which we take will be crucial to the future of our work."

BEWYSSTUKKE T.14 - T.16 : "MINUTES OF MEETING OF NATIONAL SECRETARIATE OF THE UDF : 12-13 JANUARY 1985.

19.12 Ook op hierdie vergadering word sake bespreek, beplanning gedoen en besluite geneem om die sameswering te bevorder en uit te voer. Die veld wat gedek word is baie wyd en dien alles om optredes en

aktiwiteit van UDF glad te laat verloop. Verskeie knelpunte geniet spesifieke aandag en beplanning, byvoorbeeld -

"Education.

The UDF must seek to get involved in resolving the Education crisis. The national Officers and the Transvaal Secretaries must set up a meeting with the National Executive Committee members of COSAS to seek clarity on position of COSAS on boycott. A meeting of UDF and COSAS and Parents Committee must be called."

- 19.13 BEWYSSTUK T.17 - word reeds behandel saam met die Algemene Raad UDF (Transvaal) se vergadering van 10 Desember 1983. Let op die leiding wat gegee word.

BEWYSSTUK T.19 - "SECRETARIAL REPORT TO THE GENERAL COUNCIL UDF (TRANSVAAL) : 25 FEBRUARY 1984".

- 19.14 In hierdie verslag word beklemtoon hoedat UDF 'n koördinerende rol in die styd wat hulle voer teen die Staat, speel. Verskillende knelpunte waardeur die Staat in 'n krisis gedompel word, word uitgeleg asook verskillende aksies wat geneem is. Hierdie dokument is in sy geheel belangrik.

BEWYSSTUK T20 - "SECRETARIAL REPORT TO GENERAL COUNCIL MEETING - 30 JUNE 1984".

- 19.15 Reeds bespreek - identies as Bewysstuk Q3.

BEWYSSTUK T21 - "SECRETARIAL REPORT".

- 19.16 Planne vir die hou van opleidingskursusse rakende Swart Plaaslike Besture word beplan in Transvaal. UDF beplan behuisingskonferensies.

BEWYSSTUK T22 - "SECRETARIAL REPORT FROM THE TRANSVAAL".

- 19.17 In hierdie verslag word verwys na verskillende fronte waar die massas gemobiliseer en gepolitiseer moes word, byvoorbeeld - "Black Christmas Campaign", "Anti-Repression Campaign", "Vaal Relief Work", "Education Crisis", "Repression".

BEWYSSTUK T23 - "ASSESSMENT OF UNITED DEMOCRATIC FRONT TRANSVAAL TO THE NEC."

- 19.18 In hierdie evaluasie word die omvang en aktiewe samewerking in die sameswering ten toongestel en bevestig.

BEWYSSTUK T24(1) - "POLITICAL AND SOCIO-ECONOMICAL BACKGROUND TO MILITARISM IN SOUTH AFRICA TODAY".

- 19.19 Hierdie dokument is gevind in die UDF-kantore in Johannesburg en soos die naam aandui, is dit 'n totale raamwerk vir die rewolusionêre oorlog in Suid-Afrika.

BEWYSSTUK T 24(2) - "REPORT TO NEC ON EVENTS IN CRADOCK".

- 19.20 Hierdie verslag bevestig die feit dat die massas voortdurend gepolitiseer en opgesweep word teen die Staat en hoedat knelpunte effektief aangewend kan word.

"---- the unfolding of the struggle went beyond the confines of a specific problem. The particular civic issues were seen to be interwoven with, in fact to be emanating from the general problem of exploitation in our country."

BEWYSSTUK T25 - "UDF TRANSVAAL SECRETARIATE REPORT ANNUAL GENERAL MEETING : 9 MARCH 1983".

- 19.21 Hierdie verslag bied belangrike feite oor die toestand voor die ontstaan van UDF; oor UDF se antwoord teen die Regering; ten opsigte van evaluering van die huidige toestand in die land en laastens die rigting vir die toekoms. Die kern van alles wat gesê word is die mobilisasie en politisasie van die Swart massas om in opstand te kom teen die Staat -

"On returning from Cape Town, the region plunged into the first major campaign of the UDF - Anti-Black Local Authorities Campaign. The Programme of Action of this campaign included; the formation and strengthening of local organisations like the SCA, VCA, etc. It also include door-to-door work, workshops, propaganda and mass meetings. By December 1983, through our campaign, we displayed that the new Black Local Authorities were as unpopular as the hated Community Councils. The campaign also laid a firm basis for the eventual dismantling of the Black Local Authorities in most townships. Through this campaign the UDF was introduced at a mass level in almost all the townships."

Oor die huidige situasie word byvoorbeeld gesê -

"By effectively mobilising against the Black Local Authorities and the Tri-Cameral Parliament, we have broken the back of the state's so-called reform strategy. At the same time, with the intensification of the struggle and the deepening economic recession, the state has little hope of resolving the crisis it faces. The state is no longer forging ahead confidently, nor is its strategy as clearly worked-out as it once was."

Die pad vorentoe word so uitgespel -

"A programme of action for the UDF has begun to take shape in the following issues and campaigns: The Anti-repression and Release our Leaders Campaign, the cost of living issue, the Anti-Conscription Campaign, the Anti-Forced Removals Campaign, the development of organisation in rural areas and the Campaign to bring the Black Local Authorities, the Tri-cameral Parliament and the Bantustan Governments to a halt."

BEWYSSTUK T26 - "CIRCULAR TO ALL AFFILIATES AND VOLUNTEER GROUPS".

- /9.22 Hierin word die sameswering se werking en aktiewe deelname van geaffilieerde herbevestig. Dit bevat veral opdragte vir die suksesvolle uitvoering van die Peoples Weekend.

BEWYSSTUK T27 - "CIRCULAR : NATIONAL CONFERENCE FOR CIVIC ORGANISATIONS".

- /9.23 Hierdie omsendbrief bied aan ons 'n beeld van hoedat gemeenskaps= organisasies op hoogte gebring word met die planne en metodes van UDF om hul finale doel te bereik.

Elders in hierdie betoog word daar meer volledig ingegaan op die besondere groot premie wat UDF plaas op die Media en propaganda om die massas te mobiliseer, te politiseer en op te sweep teen die Staat as vyand. Beskuldigde 20 is selfs aangestel as die Publisiteitsekretaris van UDF en verskeie Mediakomitees is aangeset. Op die 21ste en 22ste Januarie 1984 het die UDF Media-komitee onder leiding van Beskuldigde 20, 'n Media-opleidings-kursus aangebied om te verseker dat die UDF-Media doeltreffend en efektief werk om sy doel te verwesenlik.

20.1 Bewyssstuk U2-a is die teks van Beskuldigde 20 se toespraak wat hy by hierdie geleentheid gelewer het.

20.1.1 Die eerste taak is om feite aan die massas oor te dra wat volgens hulle oordeel die ware feite is -

"As publicity and media workers we have the task of bringing to the attention of the public certain valuable factual information in as accurate a fashion as possible. This is an important task because the ruling classes in whose interest it is to maintain their class rule employ large quantities of resources either to repress information -----."

BEWYSSTUK: U2-a.

20.1.2 Hul interpretasie van feite is gemik op die opsweep van die massas -

"We are at the same time interpreters who assist the masses of our people to read meaning into events."

20.1.3 Hul finale doel is en bly die mobilisering, politising en opsweeping van die massas -

"Let us therefore make this seminar, truly, an occasion that will enable us to learn from each other how media and organisation relate to each other, how media can help mobilise, inform and educate our masses in our struggle.
UDF Unites! Apartheid Divides!"

BEWYSSTUK: U2-a.

20.2 Die volgende komitees het die kursus bygewoon, naamlik Transvaal Mediakomitee, Wes-Kaap Mediakomitee, Oos-Kaap Mediakomitee. Van die Grens was daar twee waarnemers.

BEWYSSTUK: U2-b.

Besprekings was gevoer oor hoe Media die volgende rolle kan vervul, naamlik mobilisasie deur propaganda en popularisering, politisering, informasie verskaf, organisatories en eenheid boudend.

BEWYSSTUK: U2-b.

Die Slotsom -

"Most media involved several of these roles, although one role was usually uppermost. For media to succeed in playing one role, it often needed to also play - albeit to a smaller extent - some of the other roles. Different media were suited to emphasising different roles - handbills for mobilising, booklets for educating, newsletters for informing, etc."

BEWYSSTUK: U2-b.

^{voortstaan}
'n Lang lys word gemaak vir UDF - mediastrukture soos uiteengesit word op bladsye 3 en 4 van Bewysstuk U2-b om te voldoen aan Media vir UDF se doeleindes.

Jaad 21 se deel kont

Op die 20ste Januarie 1984 was 'n Opleidingskursus in Johannesburg gehou oor die Freedom Charter. Die vernaamste aanbieders van kursusse op hierdie Opleidingskursus is Laloo Chiba wat hom toegespits het op "The Origins and Historical Significance of the Freedom Charter" en Raymond Suttner wat gekonsentreer het op "A Political Analysis of the Freedom Charter".

- Beide*
- 21.1 die tekse van hierdie kursusse is deur UDF op skrif gestel saam met die besluite na die kursusse en versprei.
- SIEN BEWYSSTUKKE: U3-a - U3-e en ook Bewysstukke C.
- 21.2 Hierdie twee kursusse bied baie belangrike feite oor die aard van die stryd wat UDF en sy trawante voer, naamlik dat dit 'n rewolusionêre oorlog is en dat die stryd gaan oor magsoorname en nie oor die verkryging van Burgerregte nie. Daarom is hierdie Bewysstukke in geheel baie belangrik.
- 21.3 Hierdie Bewysstukke as hulle in geheel gelees word, bevestig ook UDF en sy trawante se skakeling en aanhang met die ANC en uiteindelike sosialistiese regeringsvorm. Al hierdie aspekte word meer volledig behandel elders in hierdie betoog waar ek Bewysstuk C behandel.
- 21.4 Bewysstuk U3-a bevat dan die planne wat gesmee word om die kampanje te voer om die Freedom Charter in die RSA te populariseer. Dit is op die punt af en duidelik en behoef geen verdere kommentaar as om te sê dat dit terselfdertyd 'n popularisering is van rewolusionêre oorlog onder die massas.
- SIEN BEWYSSTUK: U3-a.

Beskuldigde Nr. 21 het as lid van UDF se "Education Committee" dus die Politiseringskomitee-uitnodigings onder sy naam gerig aan alle gemeenskapsorganisasies in die Transvaal om 'n politiseingskursus by te woon te Daleside gedurende 27/28/29 April 1984. Dit word dan ook spesifieker gestel dat die doel is:-

"The aim of the workshop is to evaluate the Anti-community Council Campaign and to look at the road ahead for civic organisation in the continuing struggle against the local authorities.

Your organisation will be permitted three representatives from your executive committee and four community activists".

BEWYSSTUK: U4-a.

Dit is insiggewend en bevestig die Staat se siening dat dit hoofsaaklik die besture van die geaffilieerde organisasies is wat in die sameswering betrek is.

Ook die program van die kursus bied interessante en belangrike inligting en openbaar dat die handleiding (Bewysstuk U.1) die konsep bied vir die wyse waarop UDF sy kursusse aanbied.

BEWYSSTUK: U4-a.

Wat op hierdie kursus gebeur het, bied bewys van baie belangrike feite in ^{her} die saak -

22.1 Die eerste belangrike feit is dat al die gemeenskapsorganisasies wat later die massas gemobiliseer, geopolitiseer en opgesweep het teen die derde vlak van Regeringsvorm, te wete Swart Plaaslike Besture, en waar oproer en geweld uitgebreek het, het hierdie politiseringskursus bygewoon.

BEWYSSTUK: U4-b, EN VERAL BEWYSSTUK: U4-c.

22.2 Vanuit die Vaaldriehoek en in besonder van die VCA, het 'n sterke groep aktiviste wat veral baie aktief was in die mobilisering en opsweping van die massas in die Vaal tot geweldpleging en oproer teen die Swart Plaaslike Besture hierdie politiseringskursus bygewoon. Hulle sluit in -

Edith Letlhake, Esau Raditsela, Beskuldigde 7 Tsietsi
David Mphuti en Beskuldigde 17 Hlabeng Sam Mtalole.
BEWYSSTUK: U4-c.

- 22.3 Hierdie politiseringskursus was baie belangrik geag deur UDF en die verslag hieroor was wyd versprei onder belanghebbende aktiviste. Afskrifte was verskaf en in besit van byvoorbeeld I. Mohamed, 3 by Amanda Kwadi, 1 by E.A. Saloojee, UDF-kantoor Johannesburg en 2 eksemplare by Vincent Francis.

BEWYSSTUK: AAS5 pp. 13 en 14.

- 22.4 Hierdie verslag bring dit pertinent tot uiting dat al die gemeenskapsorganisasies wat hierdie politiseringskursus bygewoon het baie beslis op hoogte daarmee is dat die UDF-kampanje en -knelpunt oor Swart Plaaslike Besture nie bloot gaan oor ontevredenheid oor huurverhogings nie. Reeds in die kennisgewings aan die organisasies word die doel duidelik uitgespel -

"The aim of the workshop is to evaluate the Anti-Community Council campaign and to look at the road ahead for civic organisation in continuing struggle against the local authorities".

BEWYSSTUK: U4-a.

- 22.5 Die beplanning wat nou gedoen word is vir toekomstige op-trede. Wat duidelik blyk is dat die gemeenskaporganisasies tot hertoe gebruik gemaak het van knelpunte om die massas te betrek teen die Staat.

"Q4(c) - the issues that civics have taken up include: transport boycott, rent, electricity and water prices, anti-community council campaign, school problems e.g. the high failure rate, housing, the Million Signature Campaign, Womens Day."

Hierdie knelpunte is by die massas tuisgebring en was hulle aan die hand daarvan geïndoktrineer deur die gemeenskapsorganisasies deur:-

|| "- the methods used include mass meetings; pamphlets; fund-raising; petitions; house meetings; door to door; using media like newspapers, UDF News and The Eye;"

BEWYSSTUK: U4-b p. 2.

- 22.6 Op hierdie kursus is almal dit eens dat die volgende stap van die gemeenskapsorganisasies is om Swart Plaaslike Besture te vernietig. Daarom moet hulle deurlopend hieraan werk.

|| "The next tasks are to destroy the Black Local Authorities and to strengthen our civics.

Assessment: Many comrades found this session very useful, because they could learn from their own and each other's experiences. Also this session pointed out the need for consistent work and planning, not just work during a campaign".

BEWYSSTUK: U4-b p. 3.

- 22.7 'n Baie belangrike beginsel wat op hierdie kursus aan die deelnemers oorgedra is, is dat die knelpunt Swart Plaaslike Besture nie in isolasie aangepak en bedryf moet word nie, maar dat dit gekoppel moet word aan ander knelpunte in die rewolusionêre oorlog. Dit bots direk met die verdediging se betoog wat die gebeure in die Vaal in isolasie en as insidenteel behandel.

"Aim: To bring out the links between the struggle over issues like Rent/Electricity etc. in our civics and

- (i) the struggle of civics in "Indian" and "Coloured" areas;
- (ii) the struggle of people in the rural areas;
- (iii) the political struggle against the new constitution and the Koornhof Bills."

BEWYSSTUK: U4-b p. 3.

- 22.8 Mike Roussos van UDF se politiseringskomitee het aan die verteenwoordigers van die gemeenskapsorganisasie die verband tussen UDF en die gemeenskapsorganisasies uiteengesit.-

"Mike's talk tried to summarise a lot of what had already been discussed. He pointed out that we need ~~to~~ try to understand the links between the struggles in different areas in terms of the government's strategy in those areas.

The problems we face in youth organisations, in civics, in rural areas, in the trade unions in political struggles are all linked because they are all caused by the government in its attempt to reorganise oppression in our country."

Roussos gaan dan voort om te verduidelik hoedat die Regering hulle dan na bewering op die verskillende terreine, met spesifieke gebruikmaking van knelpunte, sou onderdruk en lig hulle dan soos volg in -

"All our problems at local level (poor housing, lack of recreational facilities, etc.) came from the fact that the government never intended that we should stay in the urban areas. We were all supposed to be temporary workers, so it was "not necessary" to spend a lot of money on the urban townships."

BEWYSSTUK: U4-b pp. 5 en 6.

Dan word dit beklemtoon dat die lede van die organisasies moet besef dat die stryd rakende die verskillende knelpunte en kampanjes sentraliseer om een punt en dit is die Regering met sy "total strategy" en daarom moet die verskillende knelpunte verenig word in een stryd.

"There are many other things happening at the same time at schools etc. The point is that all the different problems that we face in different areas are all as a result of the government's new Total Strategy. They believe that in this way they can solve all the problems that they are having at the moment and that oppression will be able to continue for the next 1000 years."

The only way to oppose them effectively is if we make sure that our struggles are united. The struggles on the youth front, the women's front, the union front, the rural front and the civic front must all be linked together and united in a common attack on oppression and exploitation."

BEWYSSTUK: U4-b p. 6.

22.9 Op hierdie kursus is 'n inset gelewer oor die Wet op Swart Plaaslike Besture waarin daar besondere klem daarop gelê word dat die effek daarvan is dat dit bevestig dat die Raadslede noodwendig geen magte verkry nie en blote mario=nette van die Regering is wat noodwendig die massas gaan oorbelas. Propaganda word aan die lede van die organisa= sies verskaf vir gebruik om die massas teen hierdie rege= ringsvorm te intimideer en op te sweep.

BEWYSSTUK: U4-d.

Die reaksie van die kursusgangers was -

// "Assessment: People found the information valuable. The information was clear, and it showed the links between the BLA and the constitution."

BEWYSSTUK: U4-b p. 11.

"Transvaal FEDSAW Interim Co-ordinating Committee" het op 23 en 24 Junie 1984 'n Opleidingskursus gehou. Verslag is gedoen hoe daar georganiseer word -

23.1 Vaal Women's Group : Hulle het begin om die vroue in die Vaal te organiseer aan die hand van daaglikse knelpunte wat ondervind word soos hoë pryse, hoë huur en kindersorg. Die maniere waarop hulle te werk gaan om te organiseer is deur huisvergaderings, deelname aan projekte, gesprekvoering en deur die Women's Charter.

Hierdie groep werk intiem saam met VCA ten aansien van die knelpunte Swart Plaaslike Besture en hoë huur om die massas te mobiliseer en te politiseer -

|| "Because women are the ones who face the hardships in our Country: the increases in rents, bus fares, hospital tariffs, food prices, school fees, the water and electricity cuts and the arrests and detention of their husbands, fathers and children - because of all these, women are the first ones to take action and they should be in the forefront of the struggle in our country. This was the main reason for organising women."

BEWYSSTUK: U5-a pp. 1 en 2.

Die vroue moet betrek word in die rewolusionêre oorlog en knelpunte speel 'n belangrike rol om dit te doen.

|| "Through being involved in the community and political campaigns, the group has managed to teach our women (and our men) that women have an important role in the struggle. Through this they have been able to ease some of the women's fears of being involved and they have also mobilised women to join other organisations, such as Soweto Civic Association and SOYCO."

BEWYSSTUK: U5-a p. 2.

23.2 Zakeni Women's Group (Mamelodi) : Hierdie groep het van die begin af gehelp om die UDF-kampanje teen Gemeenskapsrade toe te pas en die massas op te sweep en te mobiliseer.
BEWYSSTUK: U5-a p. 2.

23.3 Medunsa Women's Group : Hul doel is om vroue op kampusse te mobiliseer en te politiseer :

"The group which has about 80 members, was formed to educate and mobilise women on campus. The main areas they are educating women about are:

- (1) against becoming co-opted into the middle class because they are going to be "professionals";
- (2) the triple oppression that women face in our country; and
- (3) that no struggle can be successful if women are still oppressed."

BEWYSSTUK: U5-a p. 4.

Hierdie groep het hul organisasie gedoen deur AZASO.

Hulle hou maandelikse vergadering en politiseer deur "about issues like pass laws and influx control.

Through this education, they drew up a pamphlet against the PC-proposals and the Koornhof Bills which they distributed house to house".

BEWYSSTUK: U5-a, p. 4.

23.4 Lenasia Women's Group : Hulle organiseer die vroue onder TIC, omdat hulle veg teen die Konstitusie. Hulle doen dit omdat hulle glo dat die vroue op massagrondslag sal deelneem in hul sogenaamde vryheidstryd.

BEWYSSTUK: U5-a p. 5.

Hulle is besig om die Burgerlike Gemeenskapsorganisasie te help om te organiseer teen hoë huur en ook om vas te stel watter knelpunte in die gemeenskap die aktivis-vroue raak. Hulle beplan ook -

"They will use the new constitution as a starting place to mobilise women to get involved in their work and in the work of other organisations in the area."

BEWYSSTUK: U5-a, p. 5.

Die plan van aksie van hierdie groep sentreer om knelpunte

"Their plan of action will include house-to-house contacts where they will talk about food price and GST increases, the new constitution and conscription".

BEWYSSTUK: U5-a, p. 5.

- 23.5 Met bogenoemde as basis het 'n bespreking gevolg en is beplanning gedoen vir 'n vroue-organisasie. Die doel is om vroue te betrek in die breë vryheidstryd. In die breë vryheidstryd gaan dit om bevryding en nie blote opmisie van wette nie.

"In our women's groups we can get other women to realise that they must take part in the broader struggle. ----- When we come together to discuss our problems we also learn that talk is not just gossip but leads to action".

BEWYSSTUK: U5-a, p. 7.

Vroue-organisasies moet vroue politiseer omtrent hul nasionale stryd en dat die knelpunte in werklikheid politieke knelpunte is en moet ook ander organisasies deur hulle betrek word.

"We can use our organisations to educate women about the national struggle in our country. In this way we can get women to work with other organisations, such as Civic Associations. This is important for us to do because these issues are also women's issues. Women are the ones who first have to face higher prices, higher rents, increases in hospital tariffs, GST, etc. These are also issues which other organisations, like the Civics are fighting.

----- In this way we can also teach our women why the issues that concern us ^{as women} ₁ are also political issues".

BEWYSSTUK: U5-a, p. 8.

- 23.6 Die teks van die gebeure van hierdie kursus was versprei onder UDF-aktiviste Amanda Kwadi, Baby Tyawa, E.A. Saloojee, Constance Hlatswayo en 'n eksemplaar is ook gevind in UDF-hoofkantoor.

BEWYSSTUK: AAS5 p. 14.

Op 15 Julie 1984 het UDF se Konskripsiekomitee 'n politiserings-kursus gehou rakende die knelpunt konskripsie en die S.A. Weermag. Wat veral beoog word met hierdie kampanje is om burgerlike ongehoorsaamheid aan te moedig en te bevorder ten einde die S.A. Weermag te verswak as 'n faktor waarmee rekening gehou moet word in die rewolusionêre oorlog. Die verslag van hierdie kursus word so belangrik geag dat afskrifte daarvan aan alle UDF-geaffilieerders gestuur is.

SIEN BEWYSSTUK: U6-h.

24.1 Vooraf is kennis gegee aan alle geaffilieerdes van die kursus en om UDF se leiding op hierdie gebied algemeen te versprei en om te beplan hoedat al UDF-geaffilieerdes as 'n geheel hierdie knelpunt kan aanpak.

SIEN BEWYSSTUK: U6-a gelees met BEWYSSTUK: U6-b.

24.2 Die UDF-geaffilieerdes wat die kursus volgens die verslag bygewoon het, is Winterveld Action Committee, Lenasia Youth League, NUSAS, YCS, TIC, SAYO en Zakheni.

BEWYSSTUK: U6-f, p. 1.

24.3 Drie referate was gelewer waarvan een gegaan het oor "Various forms of resistance to conscription". Daar word dan gestel dat UDF dit ten doel stel om -

"Conscription as a new terrain of struggle.- the loopholes and the importance of us taking the initiative in challenging enforced conscription".

BEWYSSTUK: U6-f, p. 1.

24.4 Die vraag is bespreek van hoe die geaffilieerdes en UDF hierdie knelpunt as 'n korttermyn doelstelling kan aanpak en uitvoer. Die oplossing word gevind in media en propaganda. In hierdie verband kan weer by hernuwing gelet word op mn. ^uPrijs se getuenis van hoedat knelpunte in 'n

rewolusionêre oorlog aangewend moet word om die teiken staat in onguns te bring by die massas wat dit moet identifiseer en aanvaar as die vyand.

"Publicity - Individual organisations can produce media - newsletters; pamphlets; posters and stickers for distribution amongst their own constituencies. The media produced should focus on the role of the SADF in Namibia and South Africa; raise the issue of increased GST in relation to the increased Defence Budget; focus on an anti-election campaign, particularly linking the new constitution to conscription.

If any of the above suggestions are going to be carried out at a mass level it is suggested that it should be produced by UDF and distributed through affiliate organisations".

BEWYSSTUK: U6-f.

Hierdie aspek bied nogmaals bewys van die sameswering en hoe dat daar onderling saamgewerk word vir die gemeenskaplike doel. Hierdie aspek is dan ook aktief in die praktyk toegepas en oorweldigende bewys word gevind waar hierdie besondere kampanje elders bespreek word asook in die vergaderings beliggaam in die V-reeks van getuienis.

Belangrike beginsels word ook gevind in Bewysstukke U6-c en U6-d.

24.5 'n Belangrike feit is hoedat die knelpunte onderling aan mekaar gekoppel moet word met die doel om die massas te betrek in die rewolusionêre oorlog. So byvoorbeeld moet selfs gemeenskapsorganisasies waar geen konskripsie ter sprake is nie, dit tog gebruik om die massas te mobiliseer, politiseer en op te sweep teen die Staat. Dit is 'n patroon en metode wat konsekwent deur UDF en sy trawante toegepas word.

"Student organisations should try and take it up in schools by organising debates and discussions around it. It is also important to talk to friends about it. The same would apply to youth organisations. Community organisations should make an attempt to link the issue of militarization and conscription to

the people's struggle around electricity, rent and community councils".

It is important to note that different organisations will take the issue up differently and it will also differ from area to area."

BEWYSSTUK: U6-f, p. 2.

Die sameswering en die intieme inskakeling van die geaffilieerde organisasies word ook bewys deur die "workshop attended by affiliate organisations and sub-regions was held where a framework for discussion in organisations and regions was drawn up.

25.1 Op hierdie kursus was die volgende referate gelewer wat die basis gevorm het vir besprekings en verdere beplanning -

- "1. Assessment of all past campaigns.
2. Structures and democracy.
The nature of the Front.
3. Non-racialism and the leading role of the "African" masses. Working class leadership.
4. The way forward."

BEWYSSTUK: U7, p. 1.

25.2 Deur groepbesprekings was ooreenkoms bereik oor die mees belangrike aspekte waarna organisasies moet let. Hierdie kursus was aangebied om te verseker dat alle organisasies eenvormige metodes en beklemtoning toepas. Dit is ook onder geaffilieerdes beklemtoon om 'n begrip vir probleme wat hulle nog nie ondervind het nie, te begryp. Daar was toe 'n tydperk van ses weke toegelaat aan geaffilieerdes om wat op die kursus gebeur het te bestudeer en te bespreek en was hulle sienswyses teruggevoer na 'n Algemene Raadsvergadering wat op 6 Oktober 1984 gehou was.

BEWYSSTUK: U7, p. 1.

25.3 Oor die evaluasie van kampanjes van die verlede word sekere swakpunte sowel as positiewe aspekte uitgewys.

BEWYSSTUK: U7 pp. 1 en 2.

25.4 Oor die kwessie van die leierskap van die werkersklas, word bepaal dat die werkers as die produseerders van die rykdomme van die land beskou word en glo hulle in die reg van die werkers om te lei in hul "vryheidstryd". UDF het

die belang van die werkersklas bevorder want die motivering vir stigting van UDF bevestig dit want die Konstitusie benadeel die werkersklas.

BEWYSSTUK: U7, p. 3.

- 25.5. Die Voorrang van die Swart Massas : In die anti-eleksie kampanje is nie genoeg gedoen om genoegsame opposisie van die Swart sektor op te wek nie.

Hul taak is nou om dit reg te stel en om die fokus van hul aktiwiteite toe te spits op die massas. Om dit te doen moet aanvaar word dat die Swart massas die swaarste onderdruk word en nie oor die middele beskik om die kampanjes te bedryf nie.

BEWYSSTUK: U7, p. 3.

- 25.6 In die toekoms moet die volgende toegepas word -

- 25.6.1 Hul kampanjes moet sodanig gerig wees dat voorstiening gemaak word vir alternatiewe (alternatiewe strukture). Hulle moet maniere vind om sogenaamde demokratiese dokumente soos UDF se deklarasie en die Freedom Charter meer te gebruik.
- 25.6.2 Hul organisasies moet meer op die voorgrond gebring word. Dit kan gedoen word deur minder eise aan die organisasies te stel deur UDF-sentraal (sameswering). Hulle voel ook sterk dat UDF geprojekteer word omdat dit verskillende fronte van die vryheidstryd bymekaar bring en 'n nasionale politieke bewustheid bou.
- 25.6.3 Organisasies moet gebou word op grond van die verhoogde politieke bewustheid wat deur die UDF-knelpunte en kampanjes opgebou is.

25.6.4 Baie meer aandag moet toegespits word aan sis=
tematiese politisering en opleiding van die
aktiviste in die organisasies.

Die sameswering, om dit meer effektief te maak en die intieme
bewustheid oor waарoor alles gaan, blyk duidelik.

BEWYSSTUK: U7, p. 3.

Hoedat UDF seker maak dat die lede van die sameswering almal op hoogte gebring en op hoogte gehou word met die doelstellings, beplanning en metodes word nogmaals bewys uit die verslag van die Streek-opleidingskursus wat op 21 Oktober 1984 te Kimberley gehou was. Dit was bygewoon deur 60 verteenwoordigers van UDF-ledeorganisasies in hierdie Streek van UDF. Die kampanje het gegaan oor die evaluering van kampanjes in die Streek, 'n algemene oorsig van die situasie in die RSA en die bepaling vir alternatiewe strukture in die gebied. Die volgende geaffilieerde en aktiewe ondersteuners het deelgeneem -

- "1. Colridge Ratepayers and Tennants Association (Vryburg).
- 2. Vryburg Sports Union (Vryburg).
- 3. Huhudi Youth Organisation (Vryburg).
- 4. Mamusa Youth Planning Committee (Schweizer Reneke).
- 5. Galeshewa Youth Planning Committee (Kimberley).
- 6. Huhudi Civic Association (Vryburg).
- 7. Detainee Parents Support Committee (Vryburg).
- 8. General and Allied Workers Union (Vryburg Br.).
- 9. Kuruman Youth Unity (Kuruman).
- 10. Committee of Concern (Kimberley)".

BEWYSSTUK: U8, p. 1.

26.1 Die volgende referate was op hierdie kursus aangebied wat die basis gevorm het vir die besprekings en onderrig, politisering en besluitneming.

- "1. South Africa Today (UDF Acting National Sec.).
- 2. Campaigns in the Region (UDF NC Regional Org.).
- 3. Alternative Structure for N.C.
- 4. Organisation and Identification of Needs (UDF Acting National Secretary)."

BEWYSSTUK: U8, p. 1.

26.2 "South Africa Today": Die boodskap is dat UDF die spil is waarom alles draai vandag, omdat UDF-kampanjes dit gebring het van niks tot hierdie posisie. Die Staat se dreigemente

van verbanning bewys dat die Staat nie meer die beheer het van twintig jaar gelede nie. Weerstand van die jare ses-tig is onderdruk met die verbanning van die populêre organisasies. Populêre weerstand het tien jaar gelede herleef en nuwe moontlikhede is uitgedink. In 1973 stakings van werkers in Natal: 1976/80 is daar 'n opbloei van organisasies. Dit het geïsoleerde kampanjes tot gevolg.

UDF het tot stand gekom om die geïsoleerde kampanjes te koördineer en weerstand te bied teen die nuwe bedeling. Dit is belangrike erkenning en is presies in ooreenstemming met die ANC se opdrag van 8 Januarie 1983.

Knelpunte soos die ekonomiese, prysverhogings en werkloosheid het hulself geopenbaar. Die Regering se antwoord is die nuwe bedeling en om Kleurlinge en Indiërs te skei van die Swartes. Ook om die nuwe bedeling oorsee te verkoop. Dan is daar ook nog 'n propaganda-kampanje gevoer.

Aanvanklik het die Staat die UDF geïgnoreer en het die implementering van die nuwe parlement sy eise gestel en belastings is verhoog wat die massas kwaadgemaak het.

UDF se reaksie het die Staat frustreer. Die nuwe parlement is 'n mislukking, konsolidasie van die tuislande vae moontlikheid, Swart Plaaslike Besture gefrustreer deur die geboue in die Vaal en proteste teen huur op nasionalevlak.

Die Regering reageer met onderdrukking deur die veiligheidsmagte en hierdie magte word minder effektief weens algemene verspreiding en kan groeiende onrus nie beheer nie.

Daarom lê hulle almal in UDF se mag daarin dat hulle hierdie omstandighede begryp en verstaan, dat hulle hul mag ken en die VYAND se swakhede begryp.

BEWYSSTUK: U8, pp. 1 en 2.

- 26.3 Kampanjes in die Streek : Na die bespreking van hierdie onderwerp het hulle kennis geneem van die swakplekke.
BEWYSSTUK: U8, p. 2.

26.4 Vervolgens is die alternatiewe strukture vir die Noord-Kaap bespreek en word 'n groot aantal voorstelle gemaak oor die uitvoering van kampanjes om hierdie taak meer effekief te maak. Dit alles bevestig die eensgesindheid om die gemeenskaplike doel te verwesenlik.

BEWYSSTUK: U8, pp. 2 - 5.

26.5 Oor organisering en die identifisering van behoeftes is tot die volgende gevolgtrekking gekom -

26.5.1 Mobilisasie: Ondervinding van die verlede en die weg aangewys deur die ANC bevestig die noodsaaklikheid vir mobilisasie. Die voorbeeld word verkry uit die demonstrasies, Alexandra busboikot en "defiance campaign" wat aangewend was om te mobiliseer. Die ANC se lidmaatskap het 'n massa-basis gehad anders as die PAC.

Die Sharpeville voorval het aan die Staat 'n geleentheid gebied om 'n Noodtoestand af te kondig.

*redusen
afsl* [Dus uit bogenoemde blyk dit dat UDF en sy trawante hul mobilisasie doen op die basis van die ANC in 'n voortsetting van die rewolusionêre oorlog teen die Staat.

BEWYSSTUK: U8, p. 6.

26.5.2 UDF en Organisasie : UDF bied aansienlike weerstand teen die Staat en sy populariteit vloeи voort uit sy massa-basis (net soos die ANC). Die klem word geplaas op die deelname van die massas op alle vlakke en moet die steun van professionele mense, besigheidsmense en akademici verkry word. Werkers moet betrek word, mense tot stilswye geskok moet betrek word.

Aktiviste van UDF moet oor die vermoë beskik om die massas mee te voer en te lei en selfvertroue moet by die massas ingeskerp word, konflik met godsdiensstige massas in die platteland moet vermy word.

Hulle moet hul moontlikhede verhoog, hul hindernisse identifiseer en hul eie probleme oplos.

Die organisasie van UDF kom daarop neer, soos op hierdie kursus beklemtoon, dat hulle die massas moet lei om alle teenstand in die rewolusionêre oorlog te oorwin.

BEWYSSTUK: U8, p. 6.

26.6 Daar word dan riglyne neergelê vir die Streekafdeling N.K.
Dit kom op die volgende neer -

- 26.6.1 Advieskantoor geskep word om die massas te help om organisasies te stig.
 - 26.6.2 Om 'n Nuusbrief uit te gee.
 - 26.6.3 Konskripsie - Die jeug moet weggehou word uit die Weermag.
 - 26.6.4 Knelpunt Behuising : In akute landswyke kampanje gebruik word om die massas te mobiliseer en te politiseer.
 - 26.6.5 IYY gebruik word om jeug en gemeenskappe te indoktrineer om aan UDF-eise te voldoen van sogenaamde Deelneming, Ontwikkeling en Vrede.
 - 26.6.6 Plaasarbeiders moet opgesoek en georganiseer word.
 - 26.6.7 Vroue-organisasie moet verskarp word.
 - 26.6.8 Knelpunt Onderwys : Studente-organisasies moet gestig word. Die Staat se "fake SRC's" moet verwerp word.
- BEWYSSTUK: U8, p. 6.

26.7 Evaluasie van Kursus : Die deelname nie na wense. Daar moet spoedig 'n program aan die Streek verskaf word om maksimale deelname aan UDF-projekte en aktiwiteite te verseker. Die deelnemers het besonder baat gevind op die kursus.

BEWYSSTUK: U8 p. 6.

26.8 Op die kursus is 'n Streek-loodsingskomitee gekies bestaande uit -

- "1. G.H. Galeng (Huhudi Civic Asssociation (Chairman).
- 2. M. Chetty (Committee of Concern) (Persons).
- 3. J.M. Khasu (Secretary).
- 4. B.R. Hermanus (Publ. Secretary)(Committee of Concern).
- 5. Rev. Makane (Kimb. UDF Area Com.)(Committee).
- 6. C. Letimela (Committee of Concern)(Member).
- 7. K. Crutse (DPSC Huhudi)(Co-)
- 8. W. Langeveldt (Colridge Ratepayers)(Treasurer)."

BEWYSSTUK: U8 p. 7.

Op die 4de November 1984 het UDF 'n evaluasiekursus gehou. Ook hierdie kursus word gehou om die gladde werking en bevordering van die sameswering ter verwesenliking van die gemeenskaplike doel te verseker en met dit as basis word verdere beplanning gedoen vir die toekoms. Dit is duidelik uit hierdie dokument dat wanneer verwys word na UDF, dié benaming ook al die geaffilieerde organisasies insluit.

NB // "The workshop took place at the end of a momentous year in which the UDF engaged in a number of mass campaigns which established its significance as the major political force in the oppressed community."

BEWYSSTUK: U9-a, p. 1.

27.1 Die bewerings wat gemaak word is gebaseer op 'n referaat van Curnick Ndlovu en besprekings tydens die kursus:-

27.1.1 Die eerste vraag waарoor duidelikheid verkry moes word, was of dit geregtig was om UDF te stig en hoekom. Die eenparige sienswyse was dat dit wel geregtig was vir drie belangrike redes -

- (a) Organisasies het sedert die 80's ontwikkel met beide 'n politieke en massa-basis (in die gemeenskappe, onder studente en onder die jeug. Hul tekortkoming was dat daar geen koördinasie en 'n samebindende faktor op al hierdie vlakke was nie.
- (b) Die Staat se hervormingsbeleid het volgens die UDF-begrip regverdiging gebied vir 'n progressiewe beweging met 'n hoogsgeorganiseerde en verenigde weerstand.
- (c) Soos die organisasies histories ontwikkel het, het hulle baie beperkinge gehad. Om die Staat effektiief te opponeer moes die plaaslike en streekgrense afgebreek word ten einde 'n nasionale anti-apartheidsmag op te bou en 'n progressiewe ideologie te bou en te propageer.

// Dit is uit bogemelde oorwegings baie duidelik dat UDF nie afsonderlik beoordeel moet word van die organisasies nie, maar is in wese die organisasies en rigting=

wyser. UDF kan nie afsonderlik gesien word van die organisasies nie en die geaffilieerde organisasies kan nie afsonderlik gesien word van die leierskap in UDF nie.

BEWYSSTUK: U9-a, p. 1.

27.1.2 Die volgende aspek wat behandel word, is of UDF sy geaffilieerde versterk het. Dit vind direkte aansluiting en bevestiging by wat nou net geargumenteer was.

- (a) Die feit dat met UDF geaffilieer is het meer aktiviste na die organisasies getrek.
- (b) UDF se metode om kampanjes te bedryf het bygedra om die gehalte van die aktiviste en 'n verhoogde politieke bewustheid in die organisasies tot stand te bring.

BEWYSSTUK: U9-a, p. 1.

27.1.3 Die "MSC"-kampanje word ontleed aan die hand van die doelstellings wat hulle daarmee gehad het en die volgende positiewe aspekte ter bevordering en verweseliking vir hul finale doel word identifiseer -

- (a) Dit het vir hulle 'n uitstaande bydrae gelewer in die proses om die massas te politiseer en op te sweep aan die hand van die knelpunte, die nuwe konstitusie en Koornhof-wette.
- (b) Aansienlike organisatoriese winste is behaal met die organisasie van die massas in stedelike sowel as landelike gebiede.
- (c) UDF is gepopulariseer.

Die belangrike feit wat hier op die voorgrond tree is dat die mobilisasie, politisasie en organisasie van die massas 'n kernstrategie is van die sameswering. Die ledeorganisasies wat die kampanjes rondom die knelpunte aanpak en uitvoer, het hierdie suksesse behaal vir die sameswering.

27.1.4 Die swakhede van hierdie kampanje bevestig voorgaande want dit word geïdentifiseer met die gaffilieerde. Daar het die gaffilieerde meer gekonsentreer op Kleurling- en Indiërgemeenskappe met huisbesoeke en pamflette. 'n Ander swakheid wat genoem word is dat hierdie knelpunt nie effektief genoeg deurgedring het tot ander breeë knelpunte nie, soos bv. Konskripsie.

LW / Ek wil weer eens beklemtoon dat dit die UDF-leiding is wat die rigting aandui, besluite neem en koördinasie van die uitvoering doen, maar dat dit die gaffilieerde organisasies is wat die aktiewe uitvoering doen deur huisbesoeke, pamphletverspreidings, ens.

BEWYSSTUK: U9-a, p. 2.

27.1.5 Toe daar oor die landelike gebiede besin word, kom dit veral baie sterk tot uiting dat dit die aktiviste in gaffilieerde organisasies is wat die werklike mobilisatie, politisasie en organisasie van die massas doen aan die hand van die knelpunte -

"At the subjective level a serious problem is our lack of an indepth understanding of the rural reality and the fact that working in these areas is outside the experience of our activists."

BEWYSSTUK: U9-a, p. 3.

27.1.6 As daar vir die toekoms beplan word, word spesifiek bevestig dat gaffilieerde inspraak het in UDF-strategie en dat dit selfs verhoog moet word -

"Towards the Future.

Problems and Weaknesses.

- effective communication between UDF and affiliates;
- attention needs to be given to ensuring of greater affiliate participation and input in determining the direction and programme of the UDF;
- more active and representative structures need to be operated e.g. REC and special functioning sub-committees;
- intensify process of skills training and political education - with the aim of improving quality of activists and organisations;
- broadening of Front - not enough new organisations brought into the fold of the UDF."

Die organisasies moet meer effektief wees in die UDF-aktiwiteite en is dit belangrik om nogmaals kennis te neem dat die politisasie en opleiding van aktiviste opgeknap moet word. Dit kan nie 'n blote toevallige oefening wees nie, maar daar moet 'n doel agter steek.

- Friz. me Cans* — 27.1.7 Die knelpunte en kampanjes wat die organisasies in die toekoms moet voortsit is verskuiwings en hervestigings, landelike gebiede, konksriksie, lewenskoste, koopbelasting, voedselpryse, bustariewe, IYY, Plaaslike Bestuursontwikkelinge - voortsetting van die kampanje teen Konstitusie.

BEWYSSTUK: U9-a, p. 3.

- 27.2 Hierdie kursus word só belangrik geag dat kopieë van die verslag verspeι is. 'n Eksemplaar is gevind in die UDF-leer met die titel "circular/affiliates". Verder is 'n eksemplaar gekry by Yunus Mohammed in Durban.

Op Sondag 13 November 1984 het die "Soweto Area Committee" van UDF 'n Opleidingskursus te Dube aangebied. Die program van hierdie kursus verskyn op Bewysstuk U.10-d. 'n Groot aantal organisasies is genooi om hierdie kursus by te woon. Geaffilieerde organisasies genooi en wat dit bygewoon het, word gevind op bladsye 1 - 3 van Bewysstuk U.10-d. In hierdie skedule word dan ook verslag gedoen van die knelpunte en ander UDF-aktiwiteite waarmee hulle besig is. Dit bevestig hulle deelname, op 'n bewustelike grondslag, aan die sameswering.

28.1 As basis vir hierdie kursus is gebruik gemaak van 'n referaat getiteld "The Structure of the Front (UDF)". As agtergrond word 'n klompie belangrike beginsels weer gestel as basis vir beplanning.

28.1.1 Daar moet in aanmerking geneem word waarom UDF tot stand gekom het en dit is beslis nie net om opposisie te bied vir die konstitusionele planne nie. Die Hof moet ook asseblief kennis neem dat die geaffilieerde organisasies nie in die duister is hieroor nie.

"More than 600 organisations had come together to lay a foundation for greater unity. Unity of all forces seeking a 'single, non-racial, unfragmented South Africa. A South Africa free of Bantustans and Group Areas'. 'A creation of a true democracy in which all South Africans will participate in the Government of Our country'."

BEWYSSTUK: U10-c, p. 1.

28.1.2 Dit is vir bogemelde doelstellings dat die geaffilieerde organisasies bymekaar gekom het en die UDF gestig het. Die belangrikste feit is dat dit hier gestel word dat die finale doelstelling wat UDF na-streef deur die geaffilieerde organisasies as die bindende faktor gehad het om UDF te stig. Die ver-

*Dit is die
bindende faktor*

enigde geaffilieerde organisasies is verenig in UDF met die gemeenskaplike bindende doel.

"In accordance with the afore-mentioned ideals Community, women's, students', workers', sporting and other Organisations had come together to say No to the Republic of South African Constitution - Yes to the United Democratic Front".

BEWYSSTUK: U.10-c, p. 1.

28.1.3 Die geaffilieerde organisasies is kragtens die struktuur van UDF so 'n integrale deel van die sameswering dat hulle deelneem aan die besluitneming sowel as aan die uitvoering van sodanige resolusies. Weer eens, die Front is die samebindende koördinerende faktor.

"The United Democratic Front is structured such that it allows the maximum possible participation of organisations in decision making and in effecting such resolutions. Its structure takes into account the history of organisations within the front. It seeks to allay fears caused by nature of each organisation and the numerical strength of such organisations. Each organisation is accepted and treated as an equal."

BEWYSSTUK: U.10-c, p. 1.

28.1.4 Daar word verder bevestiging gevind hoedat die geaffilieerde organisasies deel is van die hele proses van besluitneming ter verwesenliking van die gemeenskaplike doel.

"For one whole year, the UDF Transvaal policy making body has been, and to date continues to be the General Council. Here issues are examined, referred to individual affiliates where, a mandate is sought for the support of this or that idea. The decisions are a true reflection of the thinking of members in these organisations."

BEWYSSTUK: U.10-c, p.2.

28.1.5 Dit het al dikwels in hierdie betoog aan die lig gekom dat UDF en sy trawante massa-gerig is, met ander woorde dit is die massas wat die instrument gaan wees

om hul doel te verwesenlik en daarom is dit so noodsaaklik dat die massas gemobiliseer, geopolitiseer en georganiseer moet word. Wanneer area komitees se funksies deur die geaffilieerde organisasies uitgestryk moet word, moet dit oorweging geniet :

"Much more important we should be aware of the danger of making the Area Committee a Talk-Shop. Action should be build into it. We should be able to transform the UDF through the Area Committee into a meaningful and viable Weapon of Change. At all cost by all means we should refuse to make the Front a futile debating forum. If we do work at mass-level success is guaranteed."

BEWYSSTUK: U.10-c, p. 3.

- 28.2 Dit is aan die hand van bogenoemde beginsels wat geld in UDF dat die afgevaardigdes van geaffilieerde organisasies hul beplanning op die kursus gedoen het en met toepaslike voorstelle voor die dag gekom het vir implementering.

BEWYSSTUK: U.10-d, pp. 4 - 7.

- 28.3 Ook die verslag en bylaes van hierdie kursus is deur UDF versprei aan verskillende aktiviste en organisasies van UDF. 'n Eksemplaar was verskaf aan Baby Tyawa van FEDSAW. 'n Eksemplaar was gehou en gevind in die kantore van UDF. 'n Eksemplaar was gekry by ene Busiswe Mahlobo, Soweto.

UDF het ook 'n Wes-Rand "Area Committee" Opleidingskursus op 22 Desember 1984 aangebied. Die program is soos uiteengesit in Bewysstuk U.11-a en die doelstellings soos per Bewysstuk U.11-b. Die geaffilieerde organisasies wat hierdie kursus bygewoon het, word op bladsy 1 van Bewysstuk U.11-e uiteengesit en dan word ook gemeld aan watter UDF-kampanjes hierdie lede aktief deelgeneem het -

- 29.1 Op hierdie kursus is 'n referaat "The Community Organisation" gelewer wat 'n openbaring is van die pligte van 'n burgerlike gemeenskapsorganisasie en plek in die geheelbeeld van UDF-strategie in die aanval teen die Staat.

Daarvolgens moes beplanning gedoen word.

BEWYSSTUK: U.11-d gelees met BEWYSSTUK: U.11-e.

- 29.2 Die gemeenskapsorganisasie se terrein en veld van optrede is die plaaslike vlak en brood en botter knelpunte.

"The Civic Association is an organisation that concerns itself mainly with the bread and butter issues faced by residents at local level. It is these problems experienced by people that serve as a common basis for uniting the residents under the leadership of the Civic Association. Here people are brought together to share opinions and jointly develop a desired solution."

BEWYSSTUK: U.11-d, p. 1.

- 29.3 Die knelpunte op hierdie vlak is legio en wat aangewend kan word om die massas te mobiliseer, politiseer en te organiseer.

"Problems facing residents are many. Amongst these are the critical shortage of houses, high rentals, electricity and water bills that are beyond what residents can afford, demolishing of shacks, eviction from houses, leaking roofs and sewerage, dog tax and many more. All these problems can be linked directly to the Rent Offices and the new Community Councils or the so-called Black Local Authorities."

BEWYSSTUK: U.11-d, p. 1.

29.4 Die gemeenskapsorganisasies is nie net toegespits op die plaaslike knelpunte nie, maar moet ook skakeling bewerkstellig met die sogenaamde nasionale knelpunte. Hier is veral die land se ekonomie ter sprake. Gewoonlik is die inwoners se woede gemik teen die werkgewers wat nie salarisverhogings toestaan om tred te hou met prysverhoggings nie. Dit is die plig van die gemeenskapsorganisasies om die massas se woede teenoor die werkgewers te verplaas na die Regering as die oorsaak hiervoor. Die massas se gramskap moet dus teen die Regering opgewek word as die wortel van alle kwaad.

"Others, such as increases in train and bus fares, the general sales tax (GST) and the high price increases of bread, sugar and maize products can be seen as introduced by and linked to the State, a word difficult to locate and concretise at mass level. The anger of residents against these problems is usually voiced by attacking employers for failing to raise wages and salaries to equal the cost of living."

BEWYSSTUK: U.11-d, p. 1.

29.5 In die mobilisasie en politisasie op plaaslike vlak moet die werkgewers egter nie agterweë gelaat word nie want hulle is diegene wat groot profyte maak en is die kapitaliste, en die massas moet ook teen hulle opgesweep word.

|| "Our struggle at local level is both a fight against the Black Local Authorities and huge profits made by Employers at the expense of residents. It is a fight against Apartheid and Capitalism at local level."

BEWYSSTUK: U.11-d, p. 1.

29.6 Uit wat hierbo behandel word, is dit baie duidelik en 'n harde werklikheid dat die opstande in woongebiede nie maar blote klein private relletjies en afsonderlike klein sameswerinkies is nie, maar beslis 'n belangrike deel vorm van een groot nasionale sameswering. Die teiken is nie bloot onbevoegde, oneffektiewe en oneerlike Swart Plaaslike Besture nie, maar deur hulle, die land se Regering en regeringsstelsel. Sover het ons gesien dat gemeenskapsorganisasies verskeie knelpunte spesifiek bedryf om die massas

op te sweep teen die Staat en regeringstelsel. Daar is die volgende knelpunte, plaaslike knelpunte eie aan 'n besondere gebied, Swart Plaaslike Besture, die ekonomie, behuising en imperialisme wat kapitalisme insluit.

"For us to succeed we need to organise all our people.
To do this well, we should work like missionaries.
We need to develop a dedicated group of volunteers
who will pledge to go to the masses of our people
wherever they may be, in their Houses, at Hostels,
at Soccer Matches, at Beer Halls and everywhere,
OUR WORK should be systematic and thorough. Our
patience should be limitless and from each we
should demand beyond endurance. In this way we
will achieve the best from each dedicated member."

BEWYSSTUK: U.11-d, p. 2.

29.7 Dit word dan uitdruklik herbevestig dat die gemeenskapsorganisasies wat deel vorm van UDF nie slegs gemoeid is met die brood en botter knelpunte nie, maar beslis deel is van en h rol speel in h groter geheel.

"The Civic Organisation is mainly and not solely concerned with the bread and butter issues facing residents at local level. During times of high political activity and campaigns, the Civic Association identifies itself with such situations. Its tone becomes that of the times, reflecting correctly the mood of the masses. This, however, is merely a situation that arises at particular times.

That change will come is certain. The key question to be asked, however, is what role residents are going to play in achieving this goal? Or is change going to be brought about by activists, if so why worry about the masses."

BEWYSSTUK: U.11-d, p. 2.

29.8 Die getuie ^{Pauw} het in sy getuenis oor die beginsels van Rewolusionêre Oorlogvoering dit duidelik gemaak hoedat daar basies drie groepe in 'n land bestaan naamlik die swart, wit en grys groepe. Dat die sogenaamde grys groep 'n vername teiken is van die rewolusioniste om tot hul gelede en sienswyses oorgehaal te word deur mobilisasie, politisasië en organisasie. In hierdie dokument onder bespreking

is dit 'n uitstaande kenmerk van hoedat hierdie beginsels as deel van die UDF-strategie aanvaar en toegepas word. So word die massas in die gemeenskap ook ingedeel in verskillende klasse wat bearbei moet word en daarvoor is organisasie, beplanning en koördinasie 'n groot prioriteit.

"The way in which the association is built, reveals that the needs of the individual should not be confused with that of an organised group. This does not mean that the two should be in conflict. Likewise, the long-term goal of the association as an organised unit should correspond with its short-term objectives. In this way the possibilities for better co-ordination planning and organising become brighter.

The hour is late and the challenge is great, but our task is more urgent."

BEWYSSTUK: U.11-d, p. 3.

29.9 Op hierdie kursus word daar dan in werklikheid gesamentlike beplanning gedoen deur UDF en die geaffilieerde organisasies. Hierdie beplanning handel oor :

(a) Hoekom Organisasie? -

Hulle organiseer om die massas te politiseer om hulle mag op te bou tot 'n kragtige wapen wat moes deelneem aan verenigde en effektiewe aksie teen die Staat.

(b) Hoe Organiseer hulle? -

Deur massavergaderings om ondersteuners, simpatiseerders te identifiseer. Deur huisbesoeke, Media en vergaderings om die massas te politiseer en te betrek in die stryd.

BEWYSSTUK: U.11-e, pp. 1 - 4.

DAAD 30.

Hierdie aspek word supra volledig behandel en gaan nie hier herhaal word nie.

Die praktiese uitvoering van die UDF-beleid en -taktiek om die massas te mobiliseer en op te sweep teen die Regering en bestaande bestel word nie slegs aan die geaffilieerde organisasies oorgelaat nie, maar word ook deur die leierskorps van UDF bedryf en uitgevoer.

- 3/.1 Op 22 September 1983 was 'n massavergadering gereel en gehou te Khotso House, Johannesburg, waar die Hoofkwar= tiere van UDF gesetel is. Hierdie vergadering was ge= reel, gehou en beheer deur UDF.

OORKONDE: p. 4349;

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 4.

- 3/.2 Nooit het die UDF-aktiviste in beheer van die vergade= ring enige stappe geneem om hulself of UDF te distan= sieer vanaf enige uitlokking aan die gehoor om teen die Regering in opstand te kom nie of van popularisering van die ANC, ANC-leiers, terroriste, die Freedom Charter of geweldpleging nie.

- 3/.3 Die boodskappe van die deelnemers aan die byeenkoms moet nie beoordeel word dat hulle moontlik iets anders bedoel het as wat hulle gesê het nie, maar wel aan wat hulle letterlik gesê het en wat die gehoor daarvan gehoor en verstaan het.

- 3/.4 Popo Molefe, Beskuldigde 19, was in beheer van die vergade= ring en het dit geleei as voorsitter. In sy openingsrede maak hy gebruik van die UDF erkende en aanvaarde knelpunte om die Regering en regeringsbeleid te beswadder en in on= guns by die massas te bring. Die knelpunte wat hy aanraak is treitering en onderdrukking deur die S.A. Polisie, tuis= lande, Ciskei en Konstitusionele hervormings, Swart Plaas= like Besture, lewenskoste, huur, ens.

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 4 e.v.

- 3/.5 Beskuldigde 19 gebruik hierdie knelpunte om sy toehoorders op te sweep tot aktiewe deelname aan die verwerping van die Regering en regeringsbeleid en wat meer belangrik is dat hulle opgesweep en uitgelok word om deel te neem aan 'n rewolusionêre oorlogvoering en te verenig en te veg en die apartheidssisteem te vernietig:-

"And we are here, this afternoon to say to the world at large, that let us unite and fight for the destruction of apartheid in this country. Let us unite to bring an end to the system of separate development," (My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 5.

- 3/.6 Joe Mokoena wat praat namens CCAWUSA bevestig dit dat wanneer die tyd aanbreek sal die workers die Regering aandurf met dade en nie woorde nie.

BEWYSSTUKKE: 2 en V.2 p. 6.

- 3/.7 Gedurende hierdie vergadering was die ANC, sy leiers, terreur en geweldpleging besing, gepopulariseer en verheerlik en aangemoedig deur die sing van Vryheidsliedere. Só moedig Beskuldigde 19 hulle doelbewus aan -

"Can we have one of our greatest songs please before I ...

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 7.

Dan word daar gesing oor die gewere wat in Afrika is en gebring moet word. Die volgende is dat hulle die Blankes en hul kinders gaan vang en doodmaak en ook van hul leiers in die tronke.

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 pp. 7 en 8.

Op p. 14 van Bewysstuk V2 doen Beskuldigde 19 weer 'n op-roep vir die sing van 'n belangrike Vryheidslied om die rigting vir hul aan te wys -

"Shall we have one song it may be important to for this meeting to say precisely where we must go to from here."

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 14.

LW

Die lied wat gesing word het betekenis. Hulle sing "Siyaya ho siyaya" met die variasie van die terreuraanvalle deur ANC-terroriste op Sasolburg en die Hoog gereghof in Natal. Soos gesien is dit nie bloot die spontane gesingery vir die lekkerte daarvan soos die VERDEDIGING dit wil sien nie, maar 'n singery wat aan hulle rigting en leiding moet gee soos Beskuldigde 19 dit aan die gehoor uitgespel het.

- 31.8 Die volgende spreker doen 'n ernstige aanval op 'n sogenaamde "illegitimate authority of a puppet regime". Hy verkondig dit openlik aan die gehoor dat hulle besig is met die voortsetting van die stryd van die ANC, *our grandfathers & fathers*

Can there be any other interpretation?

"We are conscious of the battles that our grandfathers and our fathers have waged and we are conscious of the duty placed upon us to continue that battle today."

If so

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 8.

In sy toespraak voldoen hy dan ook aan die beginsel van rewolusionêre oorlogvoering deur die massas op die vergadering teen die Regering op te sweep en vyandig te stem deur sogenaamde knelpunte. Die knelpunte waarvan hy ook gebruik maak is die Ciskei en tuislande wat in die giftigste taal aangewend word om die massas op te sweep. Dat dit hulle moet sterk om hul doel van 'n onverdeelde Suid-Afrika te vestig.

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 op pp. 8 - 10.

Hierdie spreker word deur Beskuldigde 19 geïdentifiseer as Piroshaw Camay, wat dan ook die spreker se boodskap met groot entoesiasme bekragtig.

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 10.

- .9 Frank Chikane, 'n Vise-president van UDF, is 'n spreker wat namens UDF praat en die massas op die vergadering openlik aanspoor tot rewolusie en geweldpleging onder leiding van UDF. Die volgende belangrike aspekte uit sy toespraak word uitgelig -

- 3/.9.1 Hy maak gebruik van knelpunte om die massas sterk op die sweep teen die Regering. Veral maak hy gebruik van UDF/ANC identifiseerde knelpunte, Ciskei en treitering deur Staatsorgane.
- 3/.9.2 Hy koppel hierdie knelpunte direk aan die Regering en gebruik dit om sy toehoorders op te sweep en uit te lok tot geweldpleging teen die regeringstruktuur -

"Can't you read the time that it is just ripe for people to take action against the system that kills people every day. Apartheid kills in its multi-facets, apartheid destroys life and therefore cannot be allowed to continue on and on like that."

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 pp. 10 - 11.

- 3/.9.3 In sy oorreding van die massas spel Frank Chikane dit duidelik uit aan hulle dat die sogenaamde wredeheid en onderdrukking van die Regering voldoende gronde is om daadwerklike strydvoering met die Regering aan te knoop.

"Do you want to die before you realize that you have to do something yourself, do you want in actual fact a member of your family to be a victim before you take action. Don't you see that that which is happening is sufficient to call us all into action to fight against the system in South Africa."

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 11.

- 3/.9.4 Hy beklemtoon dit dat die verskillende ledeorganisasies van UDF/ANC en aktiewe ondersteuners deur UDF in gereedheid gebring en verenig is in 'n nasionale netwerk wat die Regering in die land kan vernietig -

"Don't you see that organizations are ready, there is a network that is ready to act against the system today. The labour movement is becoming more organized than ever before, community organizations are ready to get into action and the United Democratic Front has linked all the existing organizations

"to have a national network that will be ready when it is called into action to break the system." (My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 11.

- 3/ .9.5 Chikane is baie duidelik besig om sy toehoorders te oorreed om hul respek vir die Staatsgesag en die handhawing van wet en orde te verwerp en deel te word van 'n rewolusie teen die Staat en staatsgesag -

LW

"Don't you want to be part and parcel of this whole mobilization to fight against the system that is costing so much life. I want to say today for us to win against the system we need power. No powerful oppressors has ever gone out of office without being removed, because people have power. And therefore we need people's power to bring a change in South Africa. ----- It is now the time for all the organizations in South Africa to work for a joint action together to break the system. The UDF has undertaken a two months program of action, which program of action will produce the necessary network in the country that will be called into action." (My onderstreping)

- 3/ .9.6 Die oproep is dan ook pertinent vir daadwerklike aksie om die Regering te vervang met hul konsep van regering -

LW

"And when it is ready the people are going to call that we take action and I believe we're not going to continue talking and talking and agonising about our pain. But we should start and act and remove the system and create a peaceful South Africa." (My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 11.

- 3/ .10 Direk nadat Chikane gepraat het is dit Beskuldigde 19 wat as vooristter sy handelinge en oproepe bevestig en 'n op-roep op die gehoor doen dat hulle moet verenig om die Regering te vernietig. Dit is soos die gehoor dit aanhoor -

LW

"Popo Molefe: Comrades let us unite in action to destroy apartheid, let us unite in action to take freedom into our own hands, to take our own destinies in our own hands uhm." (My onderstreping)

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 12.

3/11 Herbert Barnabas van SAAWU en geaffilieerde van UDF is 'n spreker namens SAAWU. Die eerste belangrike feit wat tot uiting kom is die feit dat openbaar word dat hierdie geaffilieerde van UDF ten volle op hoogte is met die doelstellings en beleid van UDF en dit self uitdra en propageer aan die massas.

3/11.1 Hy wend die knelpunt rakende arbeidsaangeleenthede en werkers aan vir die opsweeping van die gehoor op die vergadering.

3/11.2 Hy betrek ook die knelpunte Ciskei en tuislande in die besonder, d.i. knelpunte wat spesifiek deur die ANC en UDF identifiseer word. Hy bevestig dan ook UDF en die ANC se verklaarde beleid as identies met dié van SAAWU -

"The policy of SAAWU is that we do no recognize homeland governments and as such therefore we are bound by the principles to point a finger fingers, at the central government."
(My onderstrepung).

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 13.

3/11.3 Hy sê nie wie se beginsels hulle bind nie, maar dit is baie insiggewend dat hy direk daarna verwys na die ANC en die beskuldiging dat hulle 'n ANC-front is. Baie belangrik is sy stelling dat dit nog nie bewys is nie. Teenoor sy gehoor stel hy dit nooit dat dit nie die geval is nie.

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 13.

Dit is ook insiggewend dat hy 'n beroep doen vir die voortsetting van die stryd van die werkers met gebruikmaking van 'n slagspreuk van die ANC -

|| "Forward with the workers struggle an injury to one is an injury to all." (My onderstrepung).

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 14.

3/12 Dit is dan ook Beskuldigde 19 wat op hierdie UDF-verga-

dering duidelike skakeling bring tussen die stryd van die ANC/SAKP-alliansie en die stryd en alliansie met UDF. Yusuf Dadoo, leier van die SAKP, word vereer en aan die gehoor voorgestel as 'n toering van krag in die Vryheidstryd wat ANC/SAKP en UDF in die RSA stry. Dit is soos die gehoor dit hoor en verstaan -

"I have been asked to announce to you that one of the stalwarts of the struggle in South Africa, Yusuf Dadoo, past away two days ago three days ago in exile. And uh many of us still remember him as a man who contributed to the rich and proud history of the struggle in this country. We still believe that he left the country not because he wanted the luxury outside the country, but he did so because he was forced by that laws of this country and he was forced to go and seek desperate solutions to the problems of this country." (My onderstrepning).

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 14.

Later doen hy 'n afkondiging dat daar 'n herdenkingsdiens gehou gaan word ter ere van Dadoo en waar daar aan hom hulde betoon sal word as -

"Tribute to the people's leader".

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 17.

3/.13 'n Ander spreker is van SAAWU, Oos-Londen. Hy konsentreer daarop om die sogenaamde treitering deur die Suid-Afrikaanse Polisie by die massas tuis te bring. Dit koppel hy aan die gebeure in die Ciskei. Die onrusmakers in die Ciskei word uitgebeeld as die onskuldige en vredeliewende mense wat alleen vir die doeleinades van onderdrukking onnodig en wreedaardig vervolg word. Dat dit die Blankes se geldgierigheid is wat die wortel tot die kwaad is. Die hele toespraak is daarop gemik om die gehoor te ooreed om die Blankes, die Regering en organe vir die handhawing van wet en orde as ongewens te beskou en te verwerp. Dit word gedoen deur die aanwending van knelpunte deur hulle geïntifiseer en bedryf en daardeur moet die massas oorgehaal word tot die oorgaan tot geweld in die rewolusionêre oorlogvoering.

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 pp. 15 - 17.

3/.14 Die laaste spreker is deur Beskuldigde 19 voorgestel as Thobile Mseleni wat ook namens SAAWU praat. Onthou SAAWU is 'n geaffilieerde van UDF.

3/.14.1 Getrou aan die beleid van die ANC/UDF-alliansie, maak hy van die ANC/UDF identifiseerde knelpunte gebruik om die gehoor te betrek in verenigde aksie teen die bestaande Regering en regeringsinstellings.

3/.14.2 Ook hy verwys na en bevestig die eenheid tussen die werkers van ANC en UDF en hul almal se gemeenskaplike doel om die bestaande Regering te vernietig in rewolusionêre oorlogvoering en te vervang met 'n regering in ooreenstemming met die voorskrifte van die Freedom Charter -

"This brings us to the question of the National Democracy eh, in future I, going to, to (inaudible) .. Eh, history has shown that the participation of the South African workers in the broader struggle is, is not manifesting itself for the first time. SACTU has been part and parcel of the Congress Alliance which formulated the Freedom Charter in 1955 and the demands enshrined in the Freedom Charter, are far from being eh, fulfilled until the national oppression is totally, eh eliminated."

BEWYSSTUKKE: 2 en V2 p. 19.

Regdeur hierdie vergadering is die Suid-Afrikaanse Regering veral die skyf waarteen geaffilieer word. In dié proses word voortdurend gebruik gemaak van knelpunte wat deur die ANC/UDF identifiseer word as belangrik en waarmee veral die Swart massas opgesweep en sodoende gemobiliseer, geopolitiseer, georganiseer en geaktiveer kan en moes word om die Regering en regeringsorgane te haat en te verwerp en dan oor te gaan tot daadwerklike aksie om dit te vernietig. Dit kom neer op blatante uitlokking van die massas om deel te neem aan die rewolusionêre oorlogvoering van die ANC en dit bewys dat UDF en sy aktiviste hierdie rewolusionêre oorlogvoering ondersteun en bevorder. Die gebruikmaking van knelpunte om die massas te mobiliseer en te betrek, is 'n erkende metode en beginsel van rewolusionêre oorlogvoering en is die Suid-Afrikaanse Staat en Regering die onbetwiste vyand en teiken.

Op die 29ste Oktober 1983 het UDF en dié se geaffilieerde lid, AZASO, die gebeure te Ngora Universiteit gebruik as 'n knelpunt om die massas op die vergadering te mobiliseer, politiseer en te organiseer vir deelname aan en verwesenliking van die ANC/UDF doelstellings om die Regering in die RSA omver te werp en 'n sogenaamde demokratiese regering van die massas volgens die voor-skrifte van die Freedom Charter te vestig.

Op hierdie UDF-beheerde vergadering het verskeie prominente aktiviste van UDF en UDF se ledeorganisasies, sowel as aktiewe ondersteuners soos AZAPO, opgetree en deelgeneem. In die toesprake het UDF ledeorganisasies se sprekers bewys gelewer dat hulle ten volle vertroud is met die werklike doelstellings van UDF sowel as die metodes wat aangewend moet word om dit te verwesenlik. Hulle lewer ook bewys dat hulle nie alleen bewus is daarvan nie, maar dit ten volle onderskraag en bevorder.

In hierdie vergadering lewer beide UDF en AZAPO bewys dat sover dit "eenheid in aksie" aangaan, dat om die Regering tot 'n val te bring, hulle saamwerk en mekaar ondersteun.

SIEN BEWYSSTUKKE: 3 en V3 in geheel.

Meer in die besonder, word die volgende aspekte bewys -

32.1 Hierdie vergadering was hoofsaaklik bygewoon deur jong mense. Die persone in beheer van die vergadering het hierdie situasie doelbewus uitgebuit om die ANC, ANC-leiers sowel as terreur en geweldpleging te verheerlik en te populariseer in vryheidsliedere. Só stel Oupa Monareng dit op die vergadering -

"And meanwhile, waiting can we have a lively, dynamic and energetic song from one comrade, so as to show that the people inside the country, Johannesburg, Durban, Pietermaritzburg, Cape Town, are still with the comrades who have fallen. And the international community has the support of the liberation struggle in South Africa. So let us have comrades, a few of

// those songs, and because there are young dynamic people here who are prepared to relentlessly and gallantly fight for their freedom which belongs to them, which is (inaudible). Let us then comrades give us freedom songs so as to rededicate ourselves." (My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 3.

Die "freedom songs" word dus nie slegs gesing omdat hulle bloot opgewek is soos die verdediging ons wil wysmaak nie, maar dit dien 'n spesifieke doel om hulle self te "rededicate" aan die ANC, ANC-leiers en geweldpleging. Dit is soos die boodskap by die massas in die gehoor tuisgebring word. Waaraan "rededicate hulle hulself in die vryheidsliedere? -

32.1.1 Op bladsy 3 daaraan dat hulle westerlinge verwerp en die ANC en dié se leier aanvaar en hom volg.

Sy naam, Oliver Tambo, word herhaaldelik uitgeroep. Ditbewys hoedat UDF en sy geaffilieerdes openlik hul verbondenheid aan en aanvaarding van die leiding van die ANC verkondig en bevestig.

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 3.

32.1.2 Op bladsy 4 word terroriste spesifiek besing en as hul eie identifiseer. Weer eens is dit 'n vereenselwiging deur UDF met die ANC en dit waarvoor dit staan.

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 4.

32.1.3 Op bladsy 29 word gesing van die terreuraanval in Warmbad deur terroriste en word die lede van "Umkhonto we Sizwe" besing en geprys en word UDF se aanvaarding van terreur as deel van die sogenaamde vryheidstryd bevestig en beklemtoon.

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 29.

Die voorsitter op die vergadering beaam dit wat hierbo gesê is -

// "Thank you very much comrades, I can understand my comrades outbreak, eh, we are very angry, we are very bitter and eh I understand my comrade." (My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 29.

- 32.1.4 Die verering en popularisering van Mkhonto en terreur gaan voort terwyl hulle die saal verlaat want dan word gesing van geweldpleging deur Mkhonto.

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 31.

- 32.2 Nog 'n belangrike feit wat in Oupa Monareng se openingsrede tot uiting kom, is dat die massas deur knelpunte opgesweep moet word teen die "vyand", d.i. die Suid-Afrikaanse Regering en ook vir hul deelname aan die vryheidstryd. Die knelpunte word só hanteer dat dit deurgaans 'n eensydige beeld daarstel -

"So, despite the fact that there is such brutality going on in this country the patience of the masses are not going to be undermined, we are aware of such brutalities, of such cruelty. So, people should be aware of such a situation, as it's they who are going to have a number of speakers who will pay their tribute to their fallen heroes and this eh number of speakers will be people from the student organisation from the political organisations, from the workers organisations, community organisations and the civilical (sic.) organisations.

So, in doing that we shall with eh honesty and wholeheartedness remember and rededicate, commit ourselves to the struggle towards liberation." (My onderstrepning).

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 2.

- 32.3 'n Spreker word dan gebruik om 'n eensydige beeld ten aansien van die knelpunt oor die gebeure te Ngora te skets. Hy bevestig dat die studente aangesluit het by die "movement to bring about liberation for all peoples of South Africa. Die blaam word dan op die Regering van die RSA geplaas vir die skepping van liggeme van onderdrukking en dat die studente nie gestuit sal word nie (en 'n baie belangrike stelling) deur teenrewolusionêre organisasies nie -

"But students were not deterred, even in these tribal institutions, students still formed representative bodies. Bodies wh.. wh.. whose main aim was to unite all the students and to join in the total liberation struggle. But you see the government continuing in its attempt to divide our people. And organising groups like Inkatha which are totally reactionary and anti-revolutionary to try and destroy the unity amongst the oppressed people." (My onderstrepning).

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 5.

LW//

Wat baie belangrik is op hierdie UDF-vergadering, is die boodskap soos dit aan die gehoor oorgedra word, beslis beteken dat die "vryheidsmagte" besig is met 'n rewolusie en dat die Regering in die bekamping daarvan teenrewolusionêre magte skep en gebruik. Dit is 'n ernstige erkenning teenoor die massas wat gladnie deur UDF-woordvoerders gerepudieer word nie.

- 32.4** Die eerste amptelike spreker is die Sekretaris-generaal van AZAPO. Die feit dat hy as 'n spreker optree op 'n UDF-vergadering lewer bewys dat UDF en AZAPO saamwerk sover dit die omverwerping van die Regering betref. Dit is dan ook die beeld wat oorgedra word aan die gehoor en Muntu Myeza bevestig dit ook direk in sy toespraak en ook in die aard van sy aanval teen die Regering.

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 6.

- 32.5** 'n Hele aantal boodskappe was gedurende die vergadering gelees en wat hoofsaaklik afkomstig was vanaf UDF-ledeorganisasies en organisasies wat UDF aktief ondersteun. Die inhoud daarvan bewys nogmaals dat die UDF-ledeorganisasies presies op hoogte is met die inhoud van UDF se uiteindelike doelstellings en die feite dat dit alleen deur geweldpleging en rewolusionêre oorlogvoering verwesenlik kan word.

- 32.5.1** Beskuldigde 19, Popo Molefi het 'n boodskap van TIC gelees wat beslis aanstigting van die massas is en wat so aan die massas oorgedra word -

"The masses of our people will not be fooled by those puppets who are motivated to kill in order to preserve the institutions of apartheid system.

We call on our people to reject these puppets and support genuine leaders of our people in the struggle for a non-racial democratic South Africa and against apartheid and the Bantustans."

(My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 9.

- 32.5.2** ABRESCA se boodskap het onder andere die volgende behels en wat ook soos volg by die massas aan die verstand gebring was -

"ABRESCA warns all those who continue to collaborate with the system, that they are operating under a gross illusion if they believe that they can change it from within. Their collaboration serves only to make them the tools which the oppressor uses to maintain power and privilege, to discredit their leadership and to make them the enemies of the suffering masses.

ABRESCA thanks the UDF for calling this meeting to express the feelings of the people, it expresses its support for all the efforts to unite the people and mobilise them to resist and overcome their oppression

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 10.

32.5.3 COSAS se boodskap is gelees en behels onder andere -

"COSAS adds its voice of condemnation at the recent Inkatha leadership inspired, murderous show, at Ngoye University. --- We join other organisations warning Inkatha, Ngoye authorities and their Pretoria masters responsible for this cruelty."

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 11.

*Lemus
h v
Buthle 8'*
32.5.4 Anti-Community Councils se boodskap was ook deur Beskuldigde 19 aan die gehoor oorgedra en hul boodskap aan die gehoor behels onder andere -

"..... The truth is that he is at the helm of tribalism and reaction. This is a man who has without fail, dealt peacefully with the apartheid government, but we the oppressed have met up with unbridled violence from the same man."

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 16.

32.5.5 Ook Nusas se boodskap word aan die skare oorgedra en dit behels nogmaals 'n aanval en smeerveldtog teen die Regering -

"..... but at the same time it must be recognised that ultimately it is apartheid with its economic exploitation and its oppression that is responsible for these actions. And we as progressive students remain committed to struggling for a non-racial and democratic education system within a unitary, non-racial and democratic South Africa."

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 29.

32.6 'n Spreker namens UDF en wat nie doekies omdraai nie, is Frank Chikane (voorgestel op p. 11). As die mondstuk van UDF laat hy hoegenaamd geen twyfel by die gehoor oor UDF se standpunt en aspirasies nie -

32.6.1 Eerstens stippel hy dit onomwonne uit dat die massas verplig is om kant te kies en daar is net twee keuses. Óf die kant van die Regering, óf die kant van die strydiers vir vryheid. Dit plaas die UDF onherroeplik aan die kant van die ANC -

"I think we have reached in our history a time when people have to take sides in the struggle for the liberation of the people."

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 11.

32.6.2 Dit moet onthou word dat die ANC homself beskou as die "Vanguard in the struggle for national liberation" en dat hulle daarna streef om apartheid as synde die Regering te vernietig. In die lig hiervan moet Chikane se duidelike boodskap aan sy gehoor beoordeel word asook sy oproep vir die vernietiging van die Staat -

"And I want to say in a struggle for liberation, there are only two sides that people can take. One side is that of those who want to maintain the status quo, and the other side is those who want to dismantle the status quo, and you can have numerous groups with their various versions, but when you come to the real truth, you only have two groups.. Some people may pretend for sometime, but our struggle has so intensified that people are forced to show their real colours in the struggle of the people."

(My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 12.

Met die beoordeling van hierdie belangrike stelling van Chikane, moet 'n paar baie belangrike feite in gedagte gehou en daarmee saam in oorweging geneem word. Dit is: dat sy gehoor hoofsaaklik uit militante jeugdiges bestaan; dat hy as stigerslid van UDF bewus daarvan is dat UDF 'n spesifieke beslissing geneem het dat UDF nie

die massas se oorspronklike vryheidsbeweging, d.w.s. ANC, vervang nie en laastens dat hy op hierdie besondere vergadering (sien supra) teenwoordig was toe 'n oproep gedoen was dat die gehoor deur die sing van vryheidsliedere, hul trou en steun aan die ANC en terreur herbevestig. As daar slegs twee keuses vir die gehoor uitgespel word en hulle word aangestig om die kant te kies wat die status quo moet vernietig is dit 'n keuse vir die ANC.

- 32.6.3 Chikane se rede verder is 'n aanstigting aan sy gehoor om te aanvaar dat Inkatha 'n skepping van die Regering en Blanke liberaliste is en om te aanvaar dat dit deel vorm van die sogenaamde vyand van die Swart massas. In die proses maak hy gebruik van sterk beleidende taal ten einde hulle te oorreed dat hulle as die onderdrukte Swart massas gewelddadig van die hele stelsel ontslae sal moet raak -

"And therefore we want to warn all those people who think there is salvation in Inkatha, to know they are simply proving bloodshed, because for Inkatha to take over South Africa, and rule it, they'll have to do it by killing the oppressed. They are not going to fight against the oppressor, and that is a sign that Inkatha says it is non-violent, its not going to change South Africa by violence, but, kills our people. It's a sign that they are on the side of the oppressor."

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 13.

Dit is 'n baie belangrike faktor wat Chikane aan sy gehoor tuisbring, te wete, omdat Inkatha glo aan gesprekvoering en vreedsame naasbestaan is hulle nie vir UDF aanvaarbaar nie en daarom word die massas gevra om Inkatha nie te aanvaar nie en te verwerp as "puppets" van die Regering. Die feit dat dit studente-onluste en -oproer was wat onderdruk was, word geplooい sodat die gehoor moet aanvaar dit is wredeheid en onderdrukking. Die belangrikste is en bly egter die feit dat die gehoor gekondisioneer word om gesprekvoering en vreedsame naasbestaan totaal te

verwerp en dan die enigste ander keuse van geweld en rewolusie te kies om die Regering te vernietig.

32.6.4 Chikane se uitlokking van sy gehoor om gesprekvoering en vredsame naasbestaan te verwerp en eerder oor te gaan tot geweldpleging en rewolusie teen die Staat, word bevestig deur die res van sy toespraak. Hy maak gebruik van 'n misplaaste aanwending van die Godsdienst om sy gehoor te oorreed. Dit kom daarop neer dat die Regering alles wat sleg en onregverdig is versinnebeeld. Daarteenoor is die saak van die Swart massas regverdig en geoorloof. Daar kan dus nie gesprekvoering en re-konsiliasie tussen geregtigheid en onreg plaasvind nie en moet die Regering as die sinnebeeld van onreg vernietig word.

*Dit is
nie
aksionabel
nie*

"And therefore we should understand that there cannot be reconciliation in South Africa, as long as if apartheid is there, as long as if injustice are there, there will be more and more conflict until people face the truth and say, this is an unjust system, let's dismantle it and put a just system, then people shall be reconciled."

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 14.

Dit is ongetwyfeld 'n feit dat Chikane as mondstuk van UDF en op 'n UDF-beheerde vergadering die gehoor uitlok en aanstig tot rewolusie en geweldpleging om die bestaande Regering omver te werp en staatsgesag oor te neem. Dit is net so 'n feit dat niemand hom teëgaan en sy oproep ongedaan maak nie, maar soos ek reeds uitgewys het en nog verder sal uitwys, word die aanstigting tot rewolusie en geweldpleging standhoudend bevorder.

32.7 Die volgende spreker wat ek wil behandel is op hierdie besondere vergadering deur die voorsitter voorgestel as Oupa Monareng van die "Soweto Youth Congress". Hierdie organisasie is ook geaffilieer by UDF en is 'n lid van UDF.

Ook sy toespraak aan die gehoor op die vergadering is 'n openbaring van UDF/ANC-doelstellings, -beleid en -strategie.

32.7.1 Hy maak ook gebruik van die tersaaklike gebeure as 'n knelpunt om die gehoor te beïnvloed om die Regering te brandmerk en te verwerp weens wredeheid en onderdrukking en as sulks te aanvaar as die vyand van die massas. Dit is 'n belangrike vereiste in die toepassing van rewolusionêre oorlog.

32.7.2 Vervolgens lig hy die militante jeug en die gehoor sonder enige teëspraak of ontkenning in dat SOYCO, CAYCO, PEYCO, AYCO, SAYO en MAYO, dit is die jeugbewegings of kongresse oor die land (almal is lede van UDF) besig is met rewolusionêre oorlogvoering teen die aanvaarde vyand ten einde die vyand te vernietig.

 "In this era of darkness and brutality; our revolution, cadres and comrades are prepared to chase (sic.) attack and destroy the enemy from all areas, levels and corners of the world. Despite the fact that they are Black, White, Yellow or Green." (My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 18.

32.7.3 Hy lok uit en stig sy militante gehoor direk aan om deel te word van hierdie rewolusie en pertinent tot geweldpleging -

"Therefore barring primitive actions, leave us youth no options, but to challenge, but to a challenge of instructing all the progressive youth, student and community organisations to take a drastic action against such government created eh bodies, puppets and stooges; predictable Inkatha and all its members throughout the country.

 Let us subject them to constant harassment and aggressiveness. (Laughter and applause). Lets eh drive them from our places of operation and residence."

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 18.

P R E S

32.7.4 Dat hy baie beslis doelbewus en doelgerig die massas uitlok en aanstig tot daadwerklike geweldpleging word bevestig deur sy aanhoudende en duidelike oproep -

"We shall attack them in their homes, hostels, places of employment and their offices (laughter) for we loath them very much. This then taken, should not be seen as causing fights in between our people, but between freedomlovers and agents of oppression. We know as a matter of fact that ~~this~~ deeds are a continuation of attacks to our people in Turfloop and Fort Hare further and the Ngoye University.

LW
The whole system of homeland apartheid oppression and deprivation will with due respect manifest itself in many ways. People should realise that the era of dogfights and mudslinging is over, for this is a period of actually escalating our struggle." (My onderstreping)

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 19.

32.8 'n Ander spreker op die vergadering is deur die voorsitter voorgestel as Tiego Moseneke, die President van AZASO. Ook hierdie organisasie is met UDF geaffilieer.

32.8.1 Getrou aan die beleid en strategie van UDF/ANC en die beginsel van rewolusionêre oorlogvoering, maak ook hy gebruik van knelpunte - dit is UDF/ANC-geïdentifiseerde en aanvaarde knelpunte om die massas te mobiliseer en te politiseer tot aksie teen die Staat. Die vernaamste knelpunte deur hom aangeroer is die gebeure in Ngoya, Onderwys, Ciskei en Tuislande.

SPREKER.
32.8.2 Ook hierdie lok die massas uit en stig hulle aan om geweld toe te pas teen die Suid-Afrikaanse Regering ten einde die Regering omver te werp en te vernietig -

"This man above all, above all the noise that he makes this man is a Bantustan Leader (Audience: Hear! Hear!). This man serves to reproduce an unjust system that we find in this country. This man is part of the system and when we all go out and destroy this system he shall be part of the enemy and we shall destroy the system together with him. (Applause)."

Ek wil dit nogmaals herhaal en beklemtoon dat al die sprekers se woorde van uitlokking tot geweld en rewolusie nie beoordeel moet word volgens wat gedink word die spreker bedoel het nie, maar op die gesigswaarde daarvan soos deur die toehoorders gehoor en verstaan.

- 32.9 Die volgende spreker was deur die voorsitter aan die gehoor voorgestel as Sipho Radebe van CUSA. Dit is gemesaak dat ook CUSA 'n geaffilieerde lid van UDF is. Hy het ook gepraat namens 'n reeks ander organisasies genoem op pp. 25 en 26. Sy toespraak volg ook die resep van al die ander UDF-aktiviste wat op die vergadering gepraat het.
- 32.9.1 Ook hy maak ooreenkomsdig die ANC/UDF-strategie en die beginsel van rewolusionêre oorlogvoering gebruik van knelpunte om die massas op hierdie vergadering te mobiliseer en te politiseer om die Regering te beskou as die onderdrukker en die vyand wat uit die weg geruim moet word. Só gebruik hy onder andere die Konstitusie, dat die Blankes hulle onderdruk, Tuislande, en gebeure te Ngora.
- 32.9.2 Hy dra dit aan sy gehoor oor dat die brutaliteit van die Regering gaan eskaleer. Dit kan alleen gebeur omdat hulle in UDF sê oproer en geweld gaan toeneem en dit impliseer meer weerstand teen die Staat. Hy kom dan ook prontuit daarmee uit en lok sy gehoor uit en stig hulle aan teen die Regering en tot geweldpleging om die ^{Regering} ~~massas~~ omver te werp -

"The Saturday massacre is but one of the many that have taken place ever since they set their pale faces in this country (inaudible) wish to aver these wanton and brutal murderers will still continue and they shall intensify, this being indicative of the fact that the enemy is becoming desperate and is (inaudible). It is up to us, comrades, to take up this challenge. The enemy is challenging us, we should therefore mobilise all our liberatory efforts so as to conquer once and for all." (My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 27.

32.9.3 Spreker beklemtoon dit aan sy toehoorders dat hulle slegs ware eenheid kan verwerf as hulle die Staat oorboord gooi en dan maak hy 'n baie besondere stelling wat nooit deur die ander UDF-aktiviste op die vergadering gerepudieer word nie, te wete dat hulle vryheidstryd, 'n stryd is om 'n demokratiese en sosialistiese regering in Suid-Afrika te vestig en dit is daarvoor dat hulle die massas mobiliseer en politiseer -

LW

"We can only be one people if we jettison racism and capitalism. We can only be one nation if we are one people. The Council of Union of South Africa wishes to re-affirm its commitment to the struggle for a democratic and socialist Azania. Today more than ever we need to examine our struggle for a total liberation, we need to examine our strategies and tactics seriously; because without conscientizing and mobilising our people our liberation will remain a mere dream and wish." (My onderstrepings).

BEWYSSTUKKE: 3 en V. 3 p. 27.

32.9.4 Hy beroep hom dan ook op sy gehoor om deel te vorm van die sogenaamde vryheidstryd om Suid-Afrika te sosialiseer en om uit te gaan en die massas te mobiliseer en te politiseer teen die Staat en deel te word van die rewolusie.

"For Gatsha to be able to abuse our people, who are today wrongly labelled as Zulu impis, it indicates that we still have not yet fully politicised the oppressed. This therefore is a challenge to all of us gathered here to go out and mobilise, conscientise, educate our people." (My onderstrepings).

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 op p. 27.

32.9.5 Hy bevestig weer eens hul strewe na 'n sosialistiese staat en stig die gehoor aan om hulle daartoe te verbind -

"In respect and admiration of them we'll therefore pledge today as workers and as an integral part of the broader society to continue our struggle for a liberated socialist Azanian Republic." (My onderstrepings).

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 28.

Wat anders?

Dit is belangrik om ook hierdie toespraak op 'n UDF-vergadering deur 'n UDF-lid in perspektief te sien met die toesprake van die ander wat uitwys dat hulle net een keuse het, dat hulle besig is met 'n rewolusie en dan nou dat hulle 'n sosialistiese Staat nastreef. Dit alles vind ineenskakeling met die ANC en SAKP.

- 32.10 Dit is dan ook die voorsitter van die vergadering wat die verband tussen hulle in UDF en die ANC deurhaak en bevestig -

"And we like to say to Gatsha Buthelezi that the unity that was initiated in 1912 when the African National Congress was formed, which were (inaudible) ... in 1950's until ^{or, 1961} our move, the movement was banned in 1960, that unity which our people have so much striven for and eventually achieved"
(My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 30.

Dit moet ook in aanmerking geneem word dat dit op hierdie UDF-gereë尔de vergadering en UDF-beheerde vergadering is waar daar soos ter aanvang uitgewys is, trou en steun aan die ANC, ANC-leiers en terreur herbevestig word deur die sing van vryheidsliedere. Dit is in elk geval die indruk en beeld wat by die gehoor op die vergadering tuisgebring word. Dit is dan ook in die lig hiervan dat die voorsitter die ANC-leier, Nelson Mandela, so sterk propageer as die aanvaarde leier - dus ook van UDF en die massas.

BEWYSSTUKKE: 3 en V3 p. 30.

Op 29 Oktober 1983 was 'n massavergadering gehou vir die stigting van 'n UDF-lidorganisasie. Prominente lede van UDF se leierskorps het as sprekers opgetree en belangrike gesigspunte en inligting aangaande UDF se beleid, strategie en doelstellings aan die gehoor oorgedra -

- 33.1 Op hierdie vergadering word die ANC/SAKP, leiers van ANC/SAKP en terreur openlik gepopulariseer en verheerlik en die massas en aktiviste op die vergadering aangestig om hulle te vereenselwig met die ANC/SAKP, leiers van die ANC/SAKP en ANC-terreur en soos die ANC dit self stel, om die ANC te wettig tussen die Swart massas. Dit word gedoen deur onder andere -
- 33.1.1 Deur 'n plakkaat van die kommunisteleier, Dr. Yusuf Dadoo, in die gehoor rond te dra en teen muur aangebring.
BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 3 en 4.
- 33.1.2 Deur slagspreuke met ANC-leiers aanhoudend uit te skree en waarop die gehoor dan moet terugantwoord met die ANC-leier se naam.
BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 3 en 4.
- 33.1.3 Deur die sing van vryheidsliedere met hoofsaaklik 'n ANC-oorsprong. In die liedere word ANC-leiers, terroriste, die ANC en geweldpleging deur terroriste gepopulariseer en dan sing die gehoor dat hulle hierdie dinge as hul eie maak of dat hulle die leiers gaan volg, of dat hulle die ANC-leier se soldate is, ens.
BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 3 lied 1; p. 4 lied 2;
p. 7 lied 4; p. 9 lied 5; p. 9 lied 6;
p. 17 lied 8; p. 26 lied 10.
- 33.1.4 Deur die ANC se kleure openlik te vertoon, dit is Swart, groen en geel.
BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p 3; dra van serp in ANC kleure;
p. 5 dra van Mzizi Dube T-hemp;
(P.S.) p. 7 SOYCO banier in kleure van ANC;
p. 17 ANC-kleure op serp.

33.2 Op hierdie vergadering was dit hoofsaaklik UDF-ledeorganisasies wat opgetree het. Dit is baie belangrik want nie alleen wat aan hulle oorgedra word deur die UDF-sprekers nie, maar ook deur hul eie optrede en handelswyses word bewys gelewer hoe diep hulle in die vryheidstryd betrokke is, hul kennis en besef van die strekking daarvan, hul aanvaarding van die konsekvensies en verantwoordelikhede daarvan, presies dit wat hulle daarmee wil bereik, hoe hulle dit wil bereik, hoedat hierdie vryheidstryd inskakel met die ANC, hoedat die geskiedenis van die ANC hulle geskiedenis van strydvoering is, dat die leiers van die ANC hulle leiers is.

33.2.1 Die volgende ledeorganisasies word identifiseer :

*Eh weet ons
vou Freedom
in joue lifetime
nou*

SOYCO met die slagspreuk "Freedom in our Lifetime", sing lied 1, dra die plakkaat van Dadoo - Bewyssstuk V4 p. 3;
 AZASO in AZASO T-hemde, maar in kleure van die ANC - p. 3;
 Free Mandela - in Free Mandela T-hemde - p. 3;
 UDF T-hemde - p. 3;
 AYCO - met AYCO T-hemde - p. 4;
 NGOYE Youth Movement - spreker - p. 5;
 COSAS spreker - p. 17;
 AZASO spreker - p. 17;
 Gawa met boodskap - p. 22.

33.2.2 Sprekers van die volgende organisasies en lede van UDF het opgetree -

Spreker van Ngoye Youth Movement - p. 5;
 Dan Montsitsi van UDF - p. 8;
 Frank Chikane van UDF - p. 9;
 Spreker van AZASO - p. 17.

33.3 Die spreker van Ngoye Youth Movement het die aard en die plek van die sogenaamde vryheidstryd tot die been toe oopgevlek en die vryheidstryders in Suid-Afrika sentraal geplaas binne die kraal van die ANC en dit ook openbaar vir wat dit is, naamlik 'n rewolusionêre oorlog. Die belangrikste van alles is die feit dat dit juis dit is wat hy by die gehoor tuisbring -

33.3.1 Eerstens moet die gehoor die woorde van die gewese ANC-leier hardop aanhoor en word hulle aangestig om dit te gaan toepas :

✓ "The first message I will first refer or repeat the words which we were given by our uncle Moses Kotane when he was addressing the youth and I want each and everyone of us present in this house to listen carefully to those words, take them into his head and implement them in practice.

Moses Kotane has said to the youth :
 'In this hour of destiny, your country and your people need you. South Africa is yours and it will what you make it to be'." (My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 6.

- 33.3.2 Hy verklaar dan self wat die gehoor moet verstaan onder genoemde aanhaling. Dit is insiggewend dat sy verklaaring sentreer om die beginsel van rewolusionêre oorlogvoering deur die massas te mobiliseer en te politiseer deur middel van knelpunte.

"which in practice mean that each and everyone here, each and everyone of us, the youth, have got to go out and organise his friends, relatives, his school mates, eh playmates into a viable organisation (indistinct)(distorted) we do not organise around our areas. There are many issues which confront the people in our communities and it is us the young people who have to show the world community. These are the issues and here are which must be done ... the struggle, the solutions and you should be practical in solving those solutions"
 (My onderstreping)

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 6.

- 33.3.3 Die aanwending van die knelpunte bring hierdie spreker dan ook direk uit by rewolusionêre oorlogvoering. Dit is betekenisvol dat hy in sy benadering van hoe om te organiseer vir 'n rewolusie uitkom by Vietnam, Cuba en Nicaragua. Die belangrikste boodskap aan sy gehoor is dat 'n rewolusie nie vanself kom nie, dit kom nie deur die sing van vryheidsliedere nie, maar dit word verwesenlik deur uit te gaan en om die massas te organiseer en hulle word georganiseer deur middel van knelpunte. Dan bemoedig en lok hy die gehoor uit om te gaan en die massas te organiseer. Dit moet noodwendig wees vir rewolusionêre oorlogvoering.

LW
 "You not just see revolution, the people in Vietnam never sang revolution, the people in Nicaragua never sang revolution and the people in Cuba never just sang revolution, they entered first the revolution. (inaudible) go out and organise all those who are around is, our friends, our school mates, our brothers, our sisters."

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 6.

- 33.4 Die spreker van UDF, Dan Montsitsi, het veral gekonsentreer op die mobilisasie en konsolidasie van die jeug. Die keuse van die mobilisasie van die jeug is baie belangrik vir die sogenaamde "vryheidstryd" weens die militantheid van die

jeug en is 'n baie belangrike wapen in die "vryheidstryd".

- 33.4.1** Die eerste punt wat hy dan ook maak is om die jeug oor die algemeen se paraatheid en gereedheid om op te staan en te veg te beklemtoon. Dit is te wyte aan onderdrukkende omstandighede in die land. Daar is redes daarvoor en dan gaan hy oor om getrou aan die rewolusionêre oorlogvoeringsbeginsel om die massa op te sweep aan die hand van knelpunte, toe te pas.
- 33.4.2** Die eerste knelpunt wat hy toepas handel oor arbeids-aangeleenthede. Dit is volkome getrou aan die strategie van UDF en ANC. Beide het dit identifiseer as 'n knelpunt om die werkers veral te mobiliseer vir die vryheidstryd. Die eerste faset hieronder is werkloosheid en werkreservering. Die jeug is die werkers van more en gaan geen werk bekom nie. Dit is volgens hom die Regering en die Blankes se skuld en daarom is hulle die onderdrukkers. Daarom moet die Swart jeug organiseer om iets hieromtent te doen.
- BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 2 van inlas.
- 33.4.3** Die volgende knelpunt is die Onderwysstelsel in die land. Ook dit is 'n UDF/ANC-identifiseerde en aanvaarde knelpunt. Die boodskap word oorgedra dat Swart studente sommer goedsmoeds uit opvoedkundige inrigtings uitgesit word. Dit geskied vir geen redes nie. Dis is redes, verkondig hy, vir die jeug om te organiseer.
- BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 2 - 3 van inlas.
- 33.4.4** 'n Ander aspek van die Onderwysstelsel wat hy as knelpunte aanwend, is die(volgens hom) irrelevante houding van die onderrig wat verskaf word. Dit sê hy word lank reeds bestry sedert Dr. Verwoerd dit voorgelê het; dit help nie die Swart jeug nie, maar bevoordeel die sisteem. Daarom moet hulle organiseer en aansluit by jeugorganisasies. Hulle moet nie aansluit by Regering geskepte en ondersteunende jeugbewegings nie, want dan steun hulle apartheid.
- BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 4 van inlas.

- 33.4.5 Hy beklemtoon dit dat die tyd nou ryp is vir mobilisasie en stigting van jeugorganisasies en die rig van die jeug vir spesifieke en beplande doelstellings.

"We feel that now the conditions inside the country then are actually ripe for the emergence of these youth organisations, because when we have these youth organisations, we actually feel that now we shall be able to channel the youth under a correct perspective. We shall be able to educate the youth " (My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 5 van inlas.

- 33.4.6 Hy beklemtoon dit dat die rigting waarin hulle die jeug se deelname wil stuur is nie na sport en speletjies nie. Dan steun hy op die knelpunt van treitering en onderdrukking om die jeug te politiseer. Hy verwys na aanhouding van jeugleiers, intimidasie, sterftes in aanhoudings, verdwynings. Vir al hierdie dinge word die Staat blameer en word die gehoor vertel dat die "repressive machinery of the State" ook hulle sal tref.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 5 - 6 van inlas.

- 33.4.7 Die volgende politiseringstap in sy betoog is om die massas in te lig oor die vroeëre stryd teen onderdrukking. Hoedat dit die ANC was wat hierdie stryd teen onderdrukking gevoer het. Dat die ANC dit gedoen het aan die hand van kampanjes. Dan word dit by die massas ingeskarp dat dit die Staat is wat met brutaliteit en onderdrukking die onskuldige proteste onderdruk het. Dat die Staat altyd sy gesag bewaar deur brute mag en dat die huidige Regering nie die Swart massas verwoerdig nie. Dat aan die Swart massas geen regte verleen is nie. Die kontras is duidelik uitgebring - aan die een kant die onskuldig verbanne ANC en aan die ander kant die wreedaardige, brutale en onderdrukkende Regering. Dit is popularisering van die ANC.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 6 van inlas.

- 33.4.8 Die volgende stap in die mobilisering en politisering van die massas is die voorstelling van 'n vir hulle aanvaarbare alternatief. Eers word die massas dan aangestig en aangemoedig om die Regering te verwerp en die Freedom Charter te aanvaar as alternatief vir die Regering.

|||

"So that now what we are saying to this Government is, we are saying away with you. We do not recognise you, and, that, then the people say they want the Charter. So that now most of the people have been chanting, Charter, Charter, Charter."

(My onderstreping).

- 33.4.9 Die volgende stap dan is om die Freedom Charter, die inhoud daarvan asook die oorsprong by die gehoor in te skerp en sodoende te populariseer as die alternatief vir die ondemokratiese en onderdrukker Regering. Terselfdertyd word die ANC ook gepopulariseer as die bron van alle organisasies.

"So that now the present stage, the present circumstances the very present stage in our Country is symbolic of the Movement. The defiance that exist within the whole spectrum of our society. So we have different groups emerging in fact, Student Organisations, Workers Organisations, Youth Organisations, Church Organisations and so on. All of them are actually spearheading their way because of the application of that force."

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 6 - 7 van inlas.

- 33.4.10 Die volgende stap is om die gehoor daarvan bewus te maak dat hulle, die Swart massas, besig is met 'n Vryheidstryd teen die onderdrukkende Regering. Dat die Blanke seksies wat hul siening deel, welkom is in die vryheidstryd as bondgenote.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 7 - 9 van inlas.

- 33.4.11 Dan word 'n baie belangrike beginsel deur spreker by sy gehoor ingeskarp en dit is dat wanneer jy die Swart jeug georganiseer en betrek het in jeugorganisasies, moet hulle behou word deur hulle te betrek in die ak-

tiwiteit van die organisasies. Dus moet hulle betrek word in kampanjes. Dan skets hy hoe die jeug betrek en aktief gehou was deur aktiewe deelname aan projekte in Rusland waar die jeug gehelp het om te veg vir vryheid teen die Duitsers. Dit is 'n voorbeeld wat die jeug moet volg.

SWAET

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 9 - 11 van inlas.

- 33.4.12 Vervolgens word fronte hier in Suid-Afrika uitgewys waar die jeug deelneem en kan deelneem - krisisse in skole waar die jeug betrokke is in boikotte en proteste. Die Staat word blameer omdat studente nie kan organiseer soos hulle wil nie, die skoolfooie wat betaal word, uitsetting van skoliere, intimidasie en treitering van skoliere. Weens hierdie knelpunte is organisasie in skole moeilik. Daarom word die jeug aangestig om te veg. Daarom moet skoliere/studente organiseer.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 11 - 13 van inlas.

- 33.4.13 Hy beklemtoon dit dan dat weens die toestande binne Suid-Afrika en die vyandigheid van die massas jeens die Regering weens knelpunte in woongebiede soos uitsettings in woongebiede ens., raak ook dit die jeug. Dit word gedoen deur Swart Plaaslike Besture. Die jeug dra kennis hiervan. Daarom moet die jeug iets hieromtrent doen - daar moet aksie wees.

- 33.5 Frank Chikane is nog 'n spreker namens UDF en die voorsitter openbaar dat hy gaan praat oor die belangrikheid van UDF. Voor sy toespraak sing Chikane saam met die gehoor dat hulle Mandela se soldate is. Daarna skree Chikane saam met die gehoor slagspreuke oor Oliver Tambo.

- 33.5.1 Hy bring dit by die massas tuis dat om die UDF in die regte perspektief te sien, moet hulle weet van die geskiedenis van onderdrukking wat die Swart massas ondervind het aan die hand van die Blankes.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 10 - 11.

- Vervindelik*
- 33.5.2 Deel van hierdie onderdrukking was om die ANC en PAC wat vir die regte van Swart massas gestry het te verban en sodende die stem van die massas stilgemaak. Weer eens word die kontras by die massas tuisgebring - aan die een kant die ANC wat die kampvegter van die massas is contra die Regering wat die wrede onderdrukker van die massas is. Die ANC word gepopulariseer en aanvaarbaar vir die massas geskets en die Regering verwerp as die wrede onderdrukker. Dus word die ANC geskets as 'n aanvaarbare alternatief.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 11.

- 33.5.3 Die onderdrukking van die Regering word oorgedra as 'n standhoudende proses. Hy bring die onderdrukking by die massas tuis aan die hand van knelpunte. So was die onderdrukking ten aansien van die Swartmagbeweging aan Swart Universiteite, werkersonstande in 1973, jeugdigese opstand in 1976. Dit word teenoor die massas geskets as vreedsame optredes vir regte wat wreedaardig en gewelddadig deur die Regering onderdruk is. Weer 'n kontras van vreedsame protes contra gewelddadige onderdrukking van kinders.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 11.

- 33.5.4 Die eerste knelpunt is die Konstitusie van die Regering. Sy boodskap is dat toe die Kleurling Arbeidersparty dit aanvaar het, die massas onder mekaar begin praat en onderhandel het ten einde te besluit oor strategie van hoe om die nuwe stelsel te beveg. Dus is UDF die skeping van die massas.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 11 - 12.

- 33.5.5 Dit word deur Chikane beklemtoon teenoor die massas dat hulle die nuwe Konstitusionele planne van die Regering verwerp omdat dit nie 'n skepping is van die massas nie, maar van apartheid; dit is die Regering wat die lede van

die Presidentsraad aanstel om 'n konstitusie uit te werk binne die raamwerk van apartheid om die liberale lande tevreden te stel en nie die massas nie; die nuwe Konstitusie is gebaseer op 'n geskiedenis van onderdrukking. Steeds word kontraste beklemtoon.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 11 - 12.

- 33.5.6 Nog 'n knelpunt wat hy aanwend om die massas te politiseer en op te sweep teen die Regering, is die Swart Tuislande. Die massas word oorreed om te glo dat die massas daar grootskaals onderdruk word. Die Ciskei word gebruik as voorbeeld van eensydige onderdrukking. Hy beklemtoon 'n eensydige beeld dat deur plasing van mense in tuislande word hul burgerskap hulle ontneem. Die Tuislande gaan gepaard met ander knelpunte soos instromingsbeheer, verskuiwings en hervestigings.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 13.

- 33.5.7 'n Ander knelpunt waardeur hy die massas opsweep is die ekonomie. Dat die onderdrukking van die Swart massas op hierdie terrein sal voortgaan. Uitsettings uit huise sal voortgaan.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 14.

- 33.5.8 'n Ander knelpunt wat hy beklemtoon waarom die Regering deur die massas verwerp moet word, is die Swart Plaaslike Besture. "The second point I want to emphasize on the rejection of the system is the Koornhof Bills for instance, the Black Local Authorities Act, which has been approved". (p. 14). Hy stig die gehoor aan om dit te verwerp omdat dit 'n skepping van die Regering is; omdat die massas moet besluit watter soort van plaaslike bestuur hulle verkies; omdat dit slegs van toepassing is op Swartes en nie ook ten aansien van Blankes, Kleurlinge en Indiërs nie. Dus is dit gebaseer op etnisiteit.

- 33.5.9 Hy oorreed en stig dan die gehoor aan om te gaan en die Swart massas te gaan opsweep en politiseer teen die Staat

Hulle moet dit doen deur huisbesoeke en die massas so te oorreed en deel te maak van die besluit om die staatstelsel in Suid-Afrika te verwerp. Hy bepleit 'n intensiewe en massa-mobilisasie en politisering van die massas.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 15 en 16.

33.5.10 Chikane dra dit ook baie sterk aan sy gehoor oor dat die rede waarom hulle die massas so intensief moet gaan mobiliseer, politiseer en opsweep is omdat dit aan die einde die massas gaan wees wat die Regering gaan vernietig -

"That is the method we are going to follow. And we want to pledge that once the elections of the upgraded community councils, called the Local Authorities Act, we are going to make sure that the people register their protest. Out of this network, that we are going to create nationally, the people at the end are going to decide to break that system and that will be the day." (My onderstrepning).

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 16.

Die gehoor se reaksie en aanvaarding is staande toegejuig

33.6 'n Spreker van AZASO het AYCO verwelkom in die geledere van die sogenaamde progressiewe bewegings vir die verwesenliking van hul uiteindelike doel. Ook hy openbaar dat hy vooraf gekies was om oor 'n spesifieke onderwerp by hierdie gèleentheid te praat. Sy onderwerp was die rol van die jeug in die stryd. Dit is dieselfde as die rol van die jeug in die rewolusie-

33.6.1 Eerstens beklemtoon hy dit sterk dat die skepping van jeugorganisasies nie ten doel het om die jeug bloot van die strate te verwijder nie. Deelname aan jeug-kongresse beteken baie meer as dit. Om hierdie by die gehoor tuis te bring en in te skerp, maak hy gebruik van knelpunte.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 17 en 18.

33.6.2 Hy beklemtoon dat die jeug deel vorm van die gemeenskap en as sulks die slagoffers van onderdrukking en die magte van uitbuiting. Dat hulle die slagoffers is van onregverdige geweld, nuusdraery en geweld van die polisie en die Regering. Weer eens die kontras tussen onskuld van die massas teenoor die geweld en onderdrukking van die Staat.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 18.

33.6.3 Hy moedig die jeug en die gehoor aan om iets te doen aan hierdie geïdentifiseerde geweldenaar en onderdrukker en om hierdie knelpunte op te neem en verder te voer.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 19.

33.6.4 Hy beklemtoon dit dat vir die jeug in die RSA om hierdie taak behoorlik te verstaan en uit te voer, moet hulle hul skik na die voorbeeld van rewolusionêre organisasies soos dié in Nicaragua, maar veral na die voorbeeld van die jeug in die ANC. In die proses om die ANC en ANC-leiers by die massas te populariseer en hulle te oorred om deel te word van die ANC en die ANC-rewolusie is hy uitgesproke en as 'n UDF-lid en -spreker koppel hy hulle almal ontwyfelbaar vas aan die ANC.

"To understand the role of the youth in society, we must draw on the experiences of particular importance is that we've got to draw of the rich experiences of the youth movement in the forties and the fifties. The activies of the youth of South Africa. To illustrate, let me point out our recognised leaders Mandela, Tambo and others were at a certain point, the youth like we are here now. They were the leaders of a youth movement. If we remember African National Congress youth League was composed, it was catering for all the youth from the age of twelve to the age of forty. So the present leaders and the present recognised leadership were the leadership of the youth movement of their day.

There is experiences that we can draw from the youth league from the African National Congress, I mean the ANC Youth League eh eh will be illustrated by the following.

10367

I just give one example. This afternoon, there have been shouting of the slogan Mayibuye I'Afrika and people have shaken their fists with the thumb up. The majority of us that are here do not know the exact meaning or the origin of such clenched fist.

NB!

The fist clenched like this means unity and it has been used throughout the history of the struggle and in particular the branch, the forties branch of the ANC Youth League, in the forties came eh let me say they are the people that resulted in as clenching the four fingers (speaker demonstrates) the four fingers for us depicting unity, determination, solidarity and militancy, and the fifth finger representing the whole of Africa, which signifies that we are part and parcel of the whole of Africa. The finger that we have up signifies (speaker demonstrates), it shows that we take ourselves here in South Africa to be part and parcel of the struggle in Africa and part and parcel of the struggle at large." (My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 19 en 20.

33.6.5 Dan dra hy die boodskap oor dat die jeug georganiseer word in n relevante mag want hulle beskik oor baie energie en dat daardie energie reg gebruik moet word. Leiding moet gekry word van die ANC Youth League wat aan die ANC die pad gewys het toe die ANC verban en ondergronds gedryf is en sonder twyfel dui die jeug nog steeds die rigting aan vir die ANC. As daar gekyk word na die program van aksie van die ANC was die jeug hoofsaaklik verantwoordelik vir leiding deur mense soos Mandela, Tambo en Sisulu. Vandag rus daar n plig op die jeug om die "peoples movements", die ANC en UDF te versterk en lewe in hulle te blaas. Verwysende na Mandela, Tambo en Sisulu, stel hy die jeug se taak so -

UW

"Those are the people that directed the peoples movement to be whatever it is. Even now when the peoples organisations have been forced underground, we the youth must meet our responsibility but we inject life into the peoples movement, I mean we have got to work hand in hand for example with the United Democratic Front, those are the peoples organisations." (My onderstreping).

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 pp. 20 en 21.

33.6.6 Vervolgens bepleit hy dan vuriglik die vereniging van nie alleen die Swart jeug nie, maar die Swart massas

00368

in die geheel en die organisasie^{ERING} van almal in verskillende organisasies. Dit alles moet gedoen word vir hul deelname aan die vryheidstryd om die Regering te vernietig en vryheid te wen -

"So what I must say is that the youth must make an analysis and clarity of thought (inaudible) and all that action must meet our emblems. Until that we must crush apartheid and come to liberation."

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 22.

Daar kan hoegenaamd geen twyfel bestaan dat hierdie spreker hulle en UDF-deelname aan die ANC aan die massas oorgedra het nie en die massas uitgelok het tot rewolusionêre oorlogvoering nie. Hierdie boodskappe, soos deur hom aan die massas oorgedra, word nooit repudieer of ontken nie, maar bevestig in die totaliteit van die gebeure op die vergadering. Dit word veral bevestig deur die GAWU boodskap wat direk hierna gelees is met identiese koppeling van onder andere die jeug aan die ANC.

BEWYSSTUKKE: 4 en V4 p. 22.